



# SA BOERPERD

The ideal sport and pleasure horse • Die ideale sport en plesier perd



*KeVha*  
KNOWLEDGE WORKS

## **SA Boerperd**

### **Published by/Uitgegee deur**

Kejafa Knowledge Works  
PO Box 2, Maanhaarrand, 0346

### **Editor/Redakteur**

Samuel Louw  
louwvliet@lantic.net

### **Printing/Drukwerk**

Oranje Drukkers, Senekal

### **Page layout and design/Bladuitleg en ontwerp**

Black Pepper Design - Christina Harman

### **Translation/Vertaling**

Rensia Hugo  
Franso-Mari Olivier  
Riëtte van den Berg

### **Photographs/Foto's**

Front page/Voorblad: Moolmanshoek Soldaat (Photographer/Fotograaf: Martin Coetzee)  
Backpage/Agterblad: Broodmares of the Jurust Stud, Vryheid/Teelmerries van die Jurust Stoet, Vryheid  
(Photographer/Fotograaf: Deon Harris)  
Photoshop - Martin Coetzee

### **ISBN**

978-0-9814135-6-3

### **To Order/Bestellings - 014 577 0005**

kejafa@mweb.co.za

### **Copyright 2008 All rights reserved.**

No part of this book may be reproduced by any means without written permission of the copyright owner.

### **Kopiereg 2008 Alle regte voorbehou.**

Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word op enige wyse sonder die goedkeuring van die kopiereghouer.

# Contents

Message from the Editor	4
Gratitudes	6
SA Boerperd Breeders Society Board	8
Message from the President of the Society	10
My prayer before I ride my horse	16
SA Boerperd - Indigenous breed to southern Africa - a historical view	22
The SA Boerperd - Versatile as Sport Horse, Pleasure Horse and Working Horse	
• Ideal for Children and Junior Jumping	34
• The Show and Dressage Horse – moderate temperament, loyal to his rider	36
• In Carriage Driving – a docile and submissive horse	42
• An Endurance Horse with the right temperament to give self-confidence & joy	46
• Gymkhana and Tentpegging – versatile, disciplined and trustworthy	52
• Spanish Classical Riding – precision and a fiery, but obedient nature	54
• A Five Gaited Horse with no equal – naturally gaited, useful and showy!	60
• Patrol Horse – A lively, willing horse that will do anything his rider dares to!	68
• Tourism	76
Individual selection, aiming for conformity and refinement	86
Breed standards	92
Legendary and pioneer SA Boerperde	100
<i>Horse of the Year 2008</i> – SA Boerperd catches the eye of international judges	112
A National Show with something for everyone	116
Former Boerperde in Northern Natal	126
Across South Africa with a SA Boerperd...	130
List of Members, Breeders and Studs	136

# Inhoudopgawe

Boodskap van die Redakteur	4
Erkennings en dankbetuigings	6
SA Boerperdtelersgenootskap Raad	8
Boodskap van die President van die Genootskap	10
My prayer before I ride my horse	16
SA Boerperd - 'n Perderas eie aan die suidpunt van Afrika - 'n historiese oorsig Die SA Boerperd - Veelsydig as 'n Sportperd, Plesierperd en Werksperd	22
• Ideaal as Kinder- en Junior-Springperd	34
• As Skou- en Dresseerperd – 'n gematigde temperament en lojaal aan sy ruiter	36
• In die Dryfkuns – 'n geskikte en gehoorsame perd	42
• 'n Uithouritperd met die regte temperament om selfvertroue en vreugde te gee	46
• Gymkhana en Tentpegging – veelsydigheid, dissipline en betroubaarheid	52
• Spaanse Rykuns – presisie en 'n vurige, dog gehoorsame geaardheid	54
• 'n Vyfgangperd sonder weerga – 'n natuurlike gang, bruikbaar én spoggerig!	60
• Patrollieperd - 'n Wakker, gewillige perd wat enige iets sal aandurf waarvoor sy ruiter kans sien	68
• Toerisme	76
Individuele keuring met die oog op veredeling en eenvormigheid	86
Rasstandaarde	92
Legandariese en baanbreker SA Boerperde	100
SA Boerperde vang die oog van internasionale beoordeelaars – <i>Horse of the Year 2008</i>	112
'n Nasionale Skou met iets vir 'n ieder en 'n elk	116
Boerperde van weleer in Noord-Natal	126
Met 'n SA Boerperd dwarsoor Suid-Afrika...	130
Lys van Lede, Telers en Stoete	136

## Message from the Editor

This SA Boerperd Journal is a certain step forward. Not only as far as the format of the journal is concerned, but the contents as well! With this journal, we aim to continue on the successful tradition of past years, but we also aim to improve, especially where marketing is concerned. It remains my philosophy in life – don't change what you can't improve! Change, just for the sake of change, does not make sense!

With the new format, we are moving away from the old "magazine" idea, and more towards a book that you can proudly display on your "coffee table!" It looks more like a book, and serves equally well on the "coffee table" as on your bookshelf. We also aim to include booksellers in the marketing of this journal – aiming thus, to make this journal available to all horse lovers and not just to the breeders and members of the society. Everyone that wishes to learn more about this magnificent horse breed, should be able to purchase this journal. And because we wish to include the broader public in the enjoyment of the publication, this edition appears in both English and Afrikaans. Always keeping our dream in mind – for the SA Boerperd to win international recognition! The breed remains an integral part of our South African heritage – SA Boerperd, the Ideal Sport- and Pleasure Horse!

With regards to the contents, we still proudly salute the past! The history of the SA Boerperd is one of fame and honour. This is the horse that was used to explore unknown territory and make way for the ox-wagons, during the Great Trek. During both the Anglo Boer Wars, it was the Boerperd that showed unlimited toughness, motion, guts, loyalty and many other characteristics. As a farm horse, the Boerperd has become a living legend and the breeding history of the Boerperd is another testimony to its worth. It is for this reason, that the breed was previously known as the Historical Boerperd.

## Boodskap van die Redakteur

Met hierdie SA Boerperd Joernaal gee ons 'n seker tree vorentoe. Dit is 'n voorwaartse stap met betrekking tot die formaat van ons boek, sowel as met die inhoud. Ons wil voortbou op die gebaande weë van die kosbare Joernale van vorige jare, maar tog ook verbeteringe aanbring, veral met die oog op bemerking. Dit is vir my 'n lewensfilosofie en -beginsel dat jy nie verander as jy nie verbeter nie. Verandering net ter wille van verandering is nie sinvol nie.

Met die nuwe formaat beweeg ons ietwat weg van die "tydskrif" gedagte en iets wat op die koffietafel lê. Die voorkoms is meer dié van 'n boek, maar dan 'n boek wat ewe tuis kan wees op die koffietafel, as in 'n boekrak. Dit kan die bemerking van die boek net soveel meer bevoordeel as die SA Boerperd Joernaal hom ook tuis maak in boekhandels – om uiteindelik op die boekrakke te beland van meer as net die lede en telers. Elke perdeliefhebber en enigeen wat ook gretig is om meer van hierdie pragtige diere wat ons het wil leer, moet so 'n Joernaal kan bekom. Omdat ons juis 'n breër leserspubliek wil hê is hierdie jongste uitgawe tweetalig – in Afrikaans en Engels. Hiermee sou ons selfs die droom kon verwesenlik dat die SA Boerperd ook internasionaal erken word en so behoorlik na waarde geskat kan word. Ons het mos 'n trotse erfenis en produk in die SA Boerperd : Die ideale Sport- en Plesierperd!

Ten opsigte van die inhoud wil ons steeds erkenning gee aan die verlede. Die SA Boerperd het 'n roemryke en heroïese verlede. Op die Groot Trek is die voorposte met hom verken voordat die ossewa gekom en laer getrek het; in die twee Anglo-Boere Oorloë het die Boerperd die vyandige magte se perde oortref wat taaiheid, beweeglikheid, durf, getrouheid, en vele ander eienskappe betref. Ook in die boerdery het hy al oor eeue 'n onskatbare bydrae gelewer. Die Boerperd se verlede wat teling aan betref kan ook gestaaf word. Om bogenoemde redes het ons perderas dan ook aanvanklik bekend gestaan as die Historiese Boerperd.


But we cannot remain stuck in the past! With this publication, we aim to concentrate on the present and the future! Through the years, the need for horses as working animals and means of transport, has made way for numerous, and much more exciting uses! Nowadays, horses are used for sport (in various disciplines, as well as for entertainment and relaxation!)

Of course, each discipline, claim its own set of needs and requirements in the horse. At this stage, we are proud to say that the SA Boerperd has excelled in the world of competitive Equestrian Sport. With this in mind, our theme for this edition is: **The SA Boerperd - A versatile sport horse.** Many of our members, but also other horse lovers, have contributed, and all agree that the SA Boerperd comes highly recommended as a versatile sport horse that is able to make its mark in numerous equestrian disciplines. On top of this, the SA Boerperd is the ideal friend and "family member" due to its spotless temperament.

This journal is the property of the members of the Society, but it is at the disposal of any horse lover, those already part of the industry, and to everyone that can proudly agree with Winston Churchill: *"There is something about the outside of a horse, that is good for the inside of a man"*.

All our gratitude and honour to our Maker, and Father of our Lord Jesus Christ, who created this noble animal. We praise His name, for giving us humans the opportunity to govern and enjoy His magnificent Creation!

### Samuel Louw



Samuel Louw, the editor with Louwvliet Sunette (left) and Louwvliet Rufus (right)

Ons kan egter nie bly by die verlede nie. In hierdie uitgawe wil ons meer die klem laat val op die hede en die toekoms. Die perd as gebruiksdier en vervoermiddel het mettertyd plek gemaak vir die sportperd en dier wat gebruik word vir ontspanning en velerlei berede sportsoorte, wat elkeen sy eie vereistes stel.

Op hierdie stadium kan ons met reg sê dat die SA Boerperd homself tuisgemaak het in die kompeterende perde-sport- wêreld, en boonop met onderskeiding. Daarom is die tema van ons Joernaal, en veral die artikels, juis dit: **Die SA Boerperd as veelsydige sportperd.** Bydraes is deur lede gemaak, maar ook ander perdegeesdriftiges, wat almal die SA Boerperd kan aanbeveel as 'n veelsydige sportperd, wat in menige dissipline suksesvol en triomferend kan meeding. Die Boerperd se temperament maak hom boonop 'n betroubare vriend en deel van die familiekring.

Hierdie Joernaal is die eiendom van die lede van die Genootskap, maar word ook aangebied aan enige perdeliefhebber, hulle wat met perde wil besig raak, en elkeen wat die volgende aanhaling kan beaam: *"There is something about the outside of a horse, that is good for the inside of a man"* (Winston Churchill).

Ons wil al ons dank en eer bring aan die Goeie Skepper, en Vader van ons Here Jesus Christus, wat hierdie edel dier gemaak het en beskikbaar gestel het aan die mens om so oor Sy skepping te heers en dit te geniet.

### Samuel Louw

Samuel Louw, die redakteur met Louwvliet Sunette (links) en Louwvliet Rufus (regs)

## Gratitudes

We would like to express our deepest gratitude to the following people and institutions in view of the publication of the SA Boerperd Journal:

- To the **Board** of the SA Boerperd Breeders Society for the opportunity to do the task. A special word of appreciation to the **President**, Michael Janse van Rensburg, for the continuous support, encouragement and trust.
- The **Secretary** at the offices in Bloemfontein, Sonja Wasserman, who was always willing and available to send out notices, letters, e-mails, sms's, and also for controlling and updating the membership lists.
- **Kejafa Knowledge Works**, lead by **Johan Olivier**, for the overall coordination of the whole project, the final lay-out and the printing. Everything went through their hands – advertisements, articles, photos, as well as translation work.
- **Christina Harman** of **Black Pepper Design**, for the layout of the book and the finalisation of members' advertisements. The work was done neatly and thoroughly, presented in a professional manner.
- To all the **translators** who translated mostly from Afrikaans to English. They also had to learn something about the horsemen and their unique way of thinking and expressing themselves – Franso-Mari Olivier, Riëtte van den Berg and Rensia Hugo.
- All the **contributors** with reference to articles – they surprised us with their versatility. Experienced and practical horsemen, who could put their knowledge and experiences on paper and who could enable us to share in their enthusiasm! We mention the names of: Madeli Bosch, Leandré de Lange, Jan van Deventer, Elmarie Davel, Janita Doyer, Grant Muller, William Bondesio,

## Erkennings en Dankbetuigings

Ons wil graag aan die volgende persone en instansies erkenning gee en ons hartlike dank betuig met die oog op die daarstelling van die SA Boerperd Joernaal:

- Aan die **Raad** van die SA Boerperdtelegenootskap vir die geleentheid om hierdie taak aan te pak. 'n Besondere woord van waardering aan die **President**, Michael Janse van Rensburg, vir die volgehoue belangstelling, aanmoediging en vertroue.
- Die **Sekretaresse** in die kantoor in Bloemfontein, Sonja Wasserman, wat altyd gewillig en beskikbaar was met die deurstuur van kennisgewings, briewe, e-pos, sms'e, asook die beskikbaarstelling en kontrole van ledelyste.
- **Kejafa Knowledge Works**, met **Johan Olivier** aan die stuur, vir die oorhoofse ontvangs en koördinerings van die hele projek, die uiteindelijke uitleg en die drukwerk. Alles het deur hulle hande gegaan – ontvangs van advertensies, artikels, foto's en vertaalwerk.
- **Christina Harman** van **Black Pepper Design**, vir die uitleg van die boek en die afronding van lede se advertensies. Dit is deeglik, netjies en professioneel gedoen.
- Aan die **vertalers** wat meestal uit Afrikaans in Engels moes vertaal en die perdemense se unieke gedagtegang en woordeskat ook nog moes bemeester – Franso-Mari Olivier, Riëtte van den Berg en Rensia Hugo.
- Al die **medewerkers** met betrekking tot artikels – hulle het aangenaam verras. Gesoute en praktiese perdemense, maar wat ook hulle gedagtes op skrif kan stel en ons in hulle entoesiasme laat deel het! Ons vermeld die name van: Madeli Bosch, Leandré de Lange, Jan van Deventer, Elmarie Davel, Janita Doyer, Grant Muller, William Bondesio, Diederik Cloete, Ockert van Niekerk, Wiesman Nel en Tannie Heibsie Stander. Ook persone

Diederik Cloete, Ockert van Niekerk, Wiesman Nel and Heibisie Stander. There were also those people who made verbal contributions to the editorial staff, like Jan van der Wath and Manie Hancke.

- To **Martin Coetzee**, the **photographer**, and the availability of his photo gallery.
- To all members and breeders who contributed with **advertisements of their studs**. That gave colour and glamour to the publication and is a display of the dynamics in the SA Boerperd Breeders Society.
- All **advertisers** and **sponsors** for their financial input-contribution which contributed to our publication.

**- Editorial Staff**

soos Jan van der Wath en Manie Hancke vir mondelinge bydraes en vertellings aan die redaksie.

- Vir **Martin Coetzee**, die **fotograaf**, en die beskikbaarstelling van sy foto galery.
- Aan alle lede en telers wat **advertensies van hulle stoete** geplaas het. Dit gee op die ou einde kleur en lewe aan die publikasie en is 'n vertoonvenster van die SA Boerperdtelegenootskap se dinamika.
- Al die **adverteerders** en **borge** wat met hul finansiële insette bygedra het tot die daarstelling van ons publikasie.

**- Redaksie**



*Martin Coetzee*



## SA Boerperd Breeders Society Board • Telersgenootskap Raad



**Voor / Front (van links na regs / from left to right):**

Jan van der Wath, Sonja Wasserman (Sekretaresse/Secretary), Michael van Rensburg (President),  
Carel Jacobsz (Vise-President/Vice President), Heleen Pope

**Bo / Top (van links na regs / from left to right):**

Chris Els, Jannie Bosch, Lomon Terreblanche, Jan Badenhorst, Michiel Burger, Neil Pope, Marku van Rensburg,  
Johan Olivier (Kejafa), Tielman Roos

**Michael van Rensburg**

President/Finansies

Sel: +27 83 269 9292 Tel: +27 58 481 2776

**Carel Jacobsz**

Vise-President/Nuwe lede/Erekleure/Hings rangorde/buite meriete

**Sonja Wasserman**

Sekretaresse

Tel: +27 51 430 2456 (office/kantoor)

**Jan van der Wath**

Keurders en Keurings

**Heleen Pope**

Skoue en meriete

**Chris Els**

Bestuurder Sekretariaat

**Jannie Bosch**

Vrystaat Streeksverteenvoordiger

**Lomon Terreblanche**

Kursusse

**Jan Badenhorst**

Veilings

**Michiel Burger**

Kantoor administrasie en Stelses

**Neil Pope**

Bemarking en Reklame

**Marku van Rensburg**

Natal Streeksverteenvoordiger

**Johan Olivier**

Kejafa

**Tielman Roos**

Wes Kaap Streeksverteenvoordiger/Regsaangeleenthede

## Message from the President of the Society

# Dreams about our reliable friend – the SA Boerperd

Michael Janse van Rensburg

It is probably an undeniable fact that – of all people that have to do with horses, 99.9% of them have a dream or dreams about these magnificent animals. Some of us dream about breeding the perfect horse: perfect with regard to conformation, speed, stamina, temperament, courage, intelligence and many more qualities.

Some of us dream of understanding these fascinating, mysterious animals better; to get a peep into their 'souls', to understand what goes on in their minds, what do they think about us - their superiors – or are we perhaps their inferiors?

Also true, is that the person who loves horses, can essentially be described as somewhat of a dreamer – a person with a touch of sentiment and gentleness in his or her nature. How else can the warm feeling towards the horse be real, if these qualities are not inherent in a person.

On the other side, there are definitely also those people whose only interest in horses is the material value which degrades the horse to a mere article or commodity. People who probably never had the privilege to experience the exhilaration of thundering across the open veld on his or her beloved friend; or to sit fearless on his back in a strong current, with a doubtless trust, that he will get you safely to the other side; or never had to rely on your horse, to take you safely home in the dark; or on a quiet evening, to sit peacefully under his crib, while listening to the sound of his chewing – to feel the warmth of his breath as he reaches down to sniff at you, every now and then.

## Boodskap van die President van die Genootskap

# Drome oor ons betroubare vriend – die SA Boerperd

Michael Janse van Rensburg

Dit is waarskynlik 'n onbetwisbare feit dat – van alle mense wat met perde te doen het – 99,9% 'n droom of drome het oor hierdie manjifieke diere. Party van ons droom om die perfekte perd te teel: perfek ten opsigte van bouvorm, spoed, stamina, temperament, dapperheid, intelligensie en nog vele ander eienskappe.

Party van ons droom om hierdie bekoorlike, misterieuse diere beter te verstaan; 'n kykie in hul "siel" te kry, om te verstaan wat in hul koppe aangaan, wat dink hulle van ons, hul meerderes – of is ons dalk hul minderes? Wat ook waar is, is dat die mens wat lief is vir perde, in sy wese ook beskryf sal kan word as ietwat van 'n dromer – 'n mens met 'n tikkie sentiment en sagtheid in sy of haar samestelling. Hoe anders sal die warmte wat vir die perd gevoel word, gestalte kan kry as hierdie eienskappe nie in 'n mens teenwoordig is nie?

Die ander kant van die munt is ook waar: daar is beslis ook mense wat slegs oor sy materiële waardes in die perd belangstel, wat hom verlaag tot bloot 'n handelsartikel. Dit is waarskynlik hulle wat nooit die voorreg gehad het om te ervaar hoe hy of sy daverend oor die oop vlaktes met sy of haar geliefde vriend jaag, of om in 'n sterk stroom sonder vrees op sy rug te bly sit met die wete en vaste vertroue dat hy jou veilig na die anderkantste oewer sal neem, of wat nooit in die donkerte dit aan jou perd moes oorlaat om jou huistoe te neem, of om in die aand stil onder sy krip te sit en te luister na die kalmerende geluid van sy gekou – om kort-kort sy warm asem in jou gesig te voel as hy afbuk om aan jou te ruik nie.

When thinking and philosophising about all the wonderful dreams and experiences, there is one outstanding characteristic quality of our 'friends', namely trustworthiness. All the other attributes we dream about, like speed, stamina, conformation and many more, grow faint and diminish if you have to name one quality above all.

First of all, what do you expect of your horse? Should he run like the wind, or should you be able to trust him to stop when you tell him to? Should he be the most beautiful horse but also the meanest? Should he be brave enough to do any silly thing, or should you be able to trust him with your and your child's life?

When one looks back upon the development of the SA Boerperd over the last 300 years, it becomes clear why this breed can claim the title of reliable, intelligent and trainable athletes. The SA Boerperd has, since its origin, been developed from most of the recognised horse breeds at that time: Thoroughbred, Arabian, Hackney, Andalusian and many more breeds played a roll – the advantage to the SA Boerperd was that the best could be taken from each breed, to contribute to his development !

This blending of breeds has been selected over 300 years by man and nature. Man had tried to establish conformation, intelligence, comfortable riding, stamina, courage, speed and above all trustworthiness, while nature's process was hard and relentless – survival of the fittest.

It should be kept in mind that the testing ground was and is relentless: Africa. On the continent of Africa there is seldom a second chance. From the beginning, the stumbling blocks and obstacles were fierce and inaccessible: lions, leopards, buffalo, elephants and rhinoceros seldom, if ever, gave a second chance when being the hunted, or the hunters - of riders and horses. There was also the dreaded 'African Horse Sickness' which had to be overcome.

It is therefore understandable that man had to be merciless in his selection of trustworthiness and ruggedness. It was essential because the lives of our forefathers depended on that.

Wanneer daar oor al die wonderlike ervarings en drome gedink en gefilosofeer word, is daar altyd een eienskap van ons "vriende" wat uitgelig word, naamlik betroubaarheid. Al die ander eienskappe waaroor ons droom, soos bv. spoed, stamina, bouvorm en nog vele meer, vervaag en raak weg as jy een eienskap moet noem wat bo alles gestel word.

Wat verlang jy allereers van jou perd? Moet hy soos die wind kan hardloop of moet jy hom kan vertrou dat hy tot stilstand sal kom as jy daarvoor vra? Moet hy die mooiste perd wees maar ook terselfertyd die mees gemene? Moet hy so dapper wees dat hy enige dom ding sal doen, of moet jy hom kan vertrou om jou of jou kind se veiligheid in ag te neem?

As 'n mens terugkyk na die SA Boerperd se ontwikkeling oor die afgelope 300 jaar, dan begryp mens waarom hierdie ras kan aanspraak maak op die titel van betroubare, intelligente en afrigbare atlete. Die SA Boerperd is vanaf sy ontstaan ontwikkel uit die meeste van die erkende perderasse op daardie stadium: Volbloed, Arabier, Hackney, Andalusian en vele ander rasse het in 'n mindere of meerdere mate 'n rol gespeel – die voordeel vir die SA Boerperd was dat die beste uit elke ras geneem kon word om tot sy ontwikkeling by te dra!

Hierdie vermenging van rasse is oor die genoemde 300 jaar deur die mens en natuur geselekteer. Die mens het bouvorm, intelligensie, rygemak, stamina, dapperheid, spoed en bowenal betroubaarheid probeer vaslê terwyl die natuur se proses onverbiddelik en hard was – slegs die sterkste van die sterktes het oorleef.

Dit moet in gedagte gehou word dat die toetsterrein onverbiddelik was en is: Afrika. Op die Afrika-kontinent is daar selde 'n tweede kans! Vanaf die begin was die struikelblokke en hindernisse wat oorkom moes word fel en ongenaakbaar: leeus, luiperds, buffels, olifante en renosters het selde indien ooit 'n tweede kans gegee wanneer daar op hulle jag gemaak is, of wanneer hulle jag gemaak het op ruiters of perde. Verder was daar ook nog die gevreesde Afrika perdesiekte wat oorkom moes word.

Through the centuries only animals with the appropriate qualities were used for breeding. Over decades there had been no deviation from this, thus the desired qualities have been established in today's SA Boerperd – the Sport and Riding Horse of Africa; the original, indigenous breed that became famous in wars, on hunting fields, the farm, pleasure rides, show grounds and as versatile and affordable horses.

To ensure that there is no deviation from these standards, nowadays every horse is being subjected to individual selection. During this selection process, care is taken that the quality, conformation and temperament of the horse comply with the requirements, before the much sought after “B” is branded onto the right thigh. The “B” is accepted everywhere as a sign of quality.

The Vision and Mission of the members of the SA Boerperd Breeders Society is to introduce this unique breed to as many lovers of horses as possible – especially if you think about the large number of children that have daily contact with horses. It is our aim that every parent be given the peace of mind, that comes with a SA Boerperd: **“YOUR CHILD IS RIDING A TRUSTWORTHY HORSE.”**

Dit is dus te verstane dat die mens in sy seleksie ongenadig ten opsigte van betroubaarheid en gehardheid was. Dit was noodsaaklik want ons voorouers se lewens het daarvan afgehang.

Deur die eeue is slegs diere wat oor die gewenste eienskappe beskik het, gebruik om mee te teel. Oor dekades is daar nie hiervan afgewyk nie en is die gesogte eienskappe vasgelê in vandag se SA Boerperd – dié Sport- en Ryperd van Afrika; die oorspronklik inheemse ras wat bekendheid verwerf het in oorloë, op jagvelde, op die plaas, plesierritte, skoubane en as veelsydige en bekostigbare perde.

Om te verseker dat daar nie van hierdie standarde afgewyk word nie, word elke perd hedendaags aan individuele keuring onderwerp. Tydens hierdie keuringsproses word seker gemaak dat die dier se kwaliteit, konformasie en temperament aan die neergelegde vereistes voldoen voordat die gesogde “B” in ‘n omgekeerde hoefyster op die regterboud aangebring word. Die “B” brand word oral aanvaar as ‘n teken van kwaliteit.

Die Visie en Missie van die lede van die SA Boerperdteilers Genootskap is om hierdie unieke ras aan soveel as moontlik perdeliefhebbers bekend te stel – veral as ons dink aan die groot hoeveelheid kinders wat daaglik met perde te doen kry, is dit ons droom dat aan elke ouer die gemoedsrus gegee sal word wat deur ‘n betroubare SA Boerperd verskaf kan word: **“JOU KIND RY ‘N BETROUBARE PERD.”**



Michael Janse van Rensburg, President of the Society, with his horse, Lang Carel Oppas.


Michael Janse van Rensburg, President van die Genootskap, met sy perd, Lang Carel Oppas.



# A2 & BURGERSTROTS

MD BURGER

Rosendal | sel: 082 674 9595 | e-pos: mdburger@lantic.net





# Bakgat Boerperde



Rikus Scheepers  
PO Box 1062  
Piet Retief 2380  
Cell 082 524 8482  
rikus@bakgat.za.net  
wimpie@bakgat.za.net



LC Karaat  
"LC Adel x LC Mintag."  
She is an outstanding  
breeding mare and dam of  
various champs...



LC Kamee "Vyfhoek Mostert  
x LC Eik". She is one of the  
best breeding mares in SA,  
and she's the dam of LC  
Rakker, LC Triomf and LC  
Zambesi, all of them has  
already been Grand  
champion stallions at  
various shows.

Bakgat Lancelot - 3 year old stallion, 16hh "Calela  
Denim x LC Karaat." He was Junior champion stallion  
at New Castle '06 and is the South African reserve  
senior champion stallion Parys '08. He's first crop  
foal's are born and it looks very promising.



At "Bakgat" we breed top class horses out of the very best breeding material in South Africa. Our horses are bred to do all disciplines! Our main aim is to breed horses which is elegant, stylish with correct conformation and exceptional movement for both the Traditional and Universal classes. Our stud is formed out of the 2 top bloodlines namely "Cloete" and "A2". Therefore we try to keep them pure! Our aim is to mate each mare correctively on her weak points with proven great sires around South Africa. As a young Boerperd stud we are grateful to fellow Boerperd breeders in South Africa who are helping us with matings, out of there top sires to fulfill our dreams and passion to breed great horses.

"WST" The Bakgat Brand



Bakgat Alizee - 2 years old, "LC Juris x LC Karaat", She was reserve Junior champion traditional mare at New Castle '07 and is the South African reserve junior champion traditional mare, Parys '08 - One of Juris's best daughters. She's elegant and stylish with exceptional movement... Watch out for her as she develops!



LC Petria "LC Kristal x LC Dorado" she's the half sister to LC Juris who was SA champion several times in conformation, 5 gaits and single harness. Also the sister to champion's LC Kalant and Eggo Kalahari...

Bakgat Leila - 1 year old, "LC Mauser x PW Akker", she's the granddaughter of 2 SA grand champion stallions. Leila was reserve junior champion at Ermelo '08 and she won her class - 1 - 2 year traditional mare at Parys '08



Bakgat Jambalaya - 1½ year old, she is a daughter out of the well known Lang Carel Rakker - Champion Universal 3 gaiter and conformation...

Jambalaya is the South African Universal Grand Champion Mare Parys '08!



Some of the next generation stars...

**Genetically...  
Bakgat is  
one of the BEST!**



Bakgat Alejandra - 4 months old filly "LC Woema x LC Karaat". Woema was the Grand Champion Stallion - New Castle '07

Visitor's are always welcome

Bakgat Montoya - 4 months old filly "PW Kartel x PW Laat Staas" Kartel was Champion 3 gaiter - New Castle '07



# My prayer before I ride my horse

## Madeli Bosch

Lord, as I climb upon this horse  
Praying that I'll complete my course,  
I know that You have already planned  
Every movement of this animal by hand.

And although he has a mind of its own,  
I believe that You won't leave either of us alone!  
O Lord, I thank You for this opportunity  
To be on an animal of such beauty!!

You have made this horse prepared  
Not to be scared;  
And listen to my voice  
Above the surrounding noise.


Stride after stride  
This animal is my pride!  
Through the field or in the ring,  
I pray that we would treat each other with understanding!

The breeze through my hair,  
The fresh air,  
The crowd's applause,  
For me and my horse!

As we become one in the ring,  
I still cling,  
To the thought that You Lord are with me,  
Your Spirit guiding this animal to be the best it can be!!

As rider and horse leave the ring in perfect behaviour,  
Satisfied I can say You Lord is my Saviour!!  
Because with pride I completed the course,  
Making this my prayer before I ride my horse!!

*This poem was written by the 14 year old Madeli Bosch, granddaughter of Jannie and Magdaleen Bosch of the Boschendal SA Boerperd Stud, Harrismith. It was written in anticipation of entering the showing ring.*



Madeli Bosch on her horse Boschendal Dokter  
Madeli Bosch op haar perd Boschendal Dokter

# *Bontstaan & De Emigratie* **SA Boerperd Studs**

Riaan Oberholzer: 083 271 7173

Karien Oberholzer: 083 968 9647

[bontstaancc@gmail.com](mailto:bontstaancc@gmail.com)

De Emigratie

Ermelo



*"Affordable Quality"*

Sel: 082 967 1808  
Tel: (058) 642 vra vir 2211




Faks: 086 500 8529  
E-pos [jijbosch@gwisa.com](mailto:jijbosch@gwisa.com)

SA BOERPERD geteel vir goeie temperament, gehardheid en ideale plesier- en werksperd



Boschendal CAPTAIN




LC Kalant

Boschendal ZORBA

Boschendal CHARLES



**Calista Dinamiet**



**Calista Boikot**



**Lang Carel Viceroy**

CALISTA



S.A. BOERPERD

# Calista SA Boerperde

Charles en Amsia Campher

Posbus 2468 · Ladysmith · KZN · 3370


083 631 3790 · ansiec@gmail.com



SANDSPRETT



BEEFMASTER



**Calista Gheetah**



**Calista merries**

# Calela Vatikaan

## SA Kampioen Hings



**CALELA**

Jacobsz Familie  
 Carel: 082 625 8887  
 017 629 3204  
 E-Mail: calela@xinet.co.za  
 Jannie: 082 820 4706  
 017 629 3207  
 E-Mail: calela@vodanet.co.za  
 Posbus 165  
 Ermelo




Trofees verower SA Nasionale Kampioenskappe  
 Pretoria 2007



# Calela\_Weepee

## SA Kampioen Enkeltuig

# Calela\_Weepee



SA Kampioen 3-gang


Uitleg en Fotos: Elpita Fotografie, 082 414 0401

## Calela Golf

Wenner SA Stamboek Voortreflikheids toekenning  
binne Perdebedryf 2007

## Voerspoed

## Calela Brunette



**CALELA**

Jacobsz Familie  
Carel: 082 825 8887  
017 629 3204

E-Mail: calela@vsmet.co.za  
Jannie: 082 820 4706  
017 629 3207

E-Mail: calelaj@vofamail.co.za

Posbus 155  
Ermelo

## SA Boerperd – Indigenous breed to southern Africa

- a historical view

Samuel Louw

Countries worldwide have their own unique horse breed synonymous with that particular country. If someone says Spain, the Andalusian is thought of first, just like the Friesian with the Netherlands, and Saddlebreds, Quarter Horses and the Morgan in the Americas, the Thoroughbred with England, Australia has its Whaler – known as the Australian Stock Horse, nowadays – and the Arab has its origin in the Arab countries.

South Africa also has its own unique breed that has developed on our native soil and is inextricably part of our heritage, that is, the SA Boerperd.

The origin and development of the SA Boerperd was not without its fair amount of fight and resistance. There was a time where this breed had to be saved from extinction and there were glorious times on the battlefields where the Boerperd distinguished itself as a breed to be reckoned with. Then there were also times when breeders battled to find and establish this breed's identity – who are we and where do we come from?

At this point in time we can proclaim with certainty that the SA Boerperd has stood the test of time and has established a stronghold as South Africa's own unique breed. South African farmers have always had the ability to distinguish themselves internationally in various industries. The agricultural environment is only one of these fields to be mentioned, in particular livestock production. Take for example the Bonsmara beef cattle breed, Boergoats, Dorper sheep and the Boerboel, as a dog breed; these are all breeds acquiring increasing interest in the international market. May the SA Boerperd be added to this list!

There are two characteristics of the SA Boerperd in high repute, that is: hardiness and temperament. Hardiness

## SA Boerperd – 'n Perderas eie aan die suidpunt van Afrika

- 'n historiese oorsig

Samuel Louw

Verskillende lande regoor die wêreld het 'n perderas wat uniek en eie aan die land is. Dink jy aan Spanje kom die Andalusian in jou gedagtes op; Nederland is sinoniem met sy Friesperde; in die Amerikas is dit die Saalperd, Quarter Horse en Morgan; Engeland is die tuiste van die Volbloed; Australië het die Whaler, wat hedendaags bekend staan as die Australian Stock Horse; eweneens het die Arabierperd sy heimat in die Arabiese lande. So het Suid-Afrika ook sy eie unieke ras wat uit hierdie bodem gegroei het en vandag onlosmaaklik hier veranker is: Die SA Boerperd.

Die ontstaan en ontwikkeling van die SA Boerperd het nie sonder storm, stryd en drang gepaard gegaan nie. Daar was tye toe hierdie ras van uitwissing gered moes word. Daar was glorieryke dae toe die Boerperd hom op die slagvelde en die voorposte van die beskawing onderskei en roem verwerf het. Daar was ook tye toe ons perd en sy telers as't ware geworstel het met 'n eie identiteit – wie en wat is ons en waar kom ons vandaan?

Op hierdie stadium kan ons met reg sê dat die SA Boerperd die storms en stryd van die verlede oorleef het en vir homself 'n stewige staanplek verwerf het as Suid-Afrika se eie unieke perderas. Nou is ons gevestig in die hede en wil ons graag vorentoe kyk. Die Boerevolk aan die suidpunt van Afrika het die vermoë om homself op landbougebied, en veral met veeteelt, te onderskei as leiers en mense met wie rekening gehou moet word, selfs in internasionale kringe. Dink maar aan rasse soos die Bonsmara-bees, Boerbok, Dorper-skaap, 'n hond soos die Boerboel, diere wat al hoe meer internasionale erkenning kry, uitgevoer word en selfs oorsee gesog raak. Mag die SA Boerperd ook hier nog sy merk maak!

Dit is veral twee eienskappe van die Boerperd wat hoog aangeskrewe is: sy gehardheid en sy besondere tem-

originating from the difficult circumstances and climate inherent to South Africa, which, in turn, induces natural selection of survival of the fittest. The solid temperament can be traced back to the special bond of friendship and co-dependency between horse and owner, developed over centuries, and is therefore engraved in the genetics.

We are at an exciting threshold of potential future growth, and to understand the presence better, we have to give justice to the past.

### **History and origin**

Jan van Riebeeck realised, shortly after setting foot ashore on 6 April 1652, that the horse is indispensable as means of transport. He requested the *Hollandsch Oost-Indiesche-Kompanjie* (HOIK) that horses be shipped to the Cape. Barb-Arab crosses were the first horses to arrive, better known as Javanese ponies. This stock of horses was just added to with more shipments. Horses even swam ashore sometimes when the ships they were on got shipwrecked. About a century later, a shipment of Andalusians from South America arrived in the Cape. The Cape Horse developed from all these breeds available and through natural selection, and from the very beginning had a pleasant nature, was hardy, brave, intelligent, agile and boasted great endurance.

Fresh genetics for the Cape Horse was imported by means of fourty Thoroughbred stallions from the UK, when Lord Charles Somerset became governor in 1814. At this stage there were about 225 000 horses in the Cape. Horse breeding was a profitable industry and horses were exported to India and Australia, because the Cape was on the main trade route.

The Australian Whaler developed mostly out of the – by then, well-established – Cape Horse. Other imported horses that played a minor role in the development of the SA Boerperd, were Friesians and Flemish horses, Hackneys, Norfolk Trotters and Cleveland Bays. The gene pool of the South African Horse was also made up of some of these horses.

perament. Die gehardheid is te danke aan die harde omstandighede eie aan Afrika, wat 'n natuurlike seleksie teweegbring waarin net die sterkstes oorleef. Die goeie temperament kan toegeskryf word aan die noue band van vriendskap en afhanklikheid tussen die perd en sy eienaar wat oor eeue al kom en sodoende in die teling vasgelê is.

Waar ons op hierdie stadium baie dankbaar is, en moontlik op die drumpel staan van verdere vooruitgang, wil ons – om die hede te verstaan – ook kortliks reg laat geskied aan die verlede.

### **Geskiedenis en oorsprong**

Kort nadat Jan van Riebeeck op 6 April 1652 voet aan wal gesit het aan die Kaap De Goede Hoop, aan die suidpunt van Afrika, het hy besef dat die perd as vervoermiddel onontbeerlik is. Hy rig daarom 'n versoek aan die *Hollandsch-Oost-Indiesche-Kompanjie* (HOIK) dat perde per skip na die Kaap gestuur word. Die eerste skeepsvrug perde was Berber-Arabier kruisings, meer bekend as Javanse Ponies. Die perdestapel is aangevul met nog vragte. Soms het skepe wat moes verbyvaar, gestrand en het perde uitgeswem en aan land gekom. Sowat 'n eeu later beland 'n vrag Andalusiese perde uit Suid-Amerika ook aan die Kaap. Uit hierdie mengsel, en deur natuurlike seleksie, begin 'n eie perd ontwikkel wat aanvanklik bekend gestaan het as die Kaapse Perd. Hierdie perde was van meet af aan bekend vir 'n goeie temperament, gehardheid, dapperheid, intelligensie, uithou vermoë en vlugvoetigheid.

'n Volgende inspuiting van nuwe genetika vir die Kaapse Perd het gekom toe Lord Charles Somerset, wat teen 1814 Goewerneur geword het, 40 Volbloed hingste ingevoer het. Op hierdie stadium het die Kaapse perdestapel al uit by die 225 000 perde bestaan. Om perde te teel was 'n winsgewende industrie en perde is selfs uitgevoer na onder andere Indië en Australië. Die Australiese Whaler as perderas is grootliks ontwikkel uit, en beïnvloed deur, die toe reeds gevestigde Kaapse Perd – Kaapse perde is per skip na Australië gestuur. Dit gebeur omdat die seeroete om die Kaap destyds die bekendste handelsroete tussen Europa en die Ooste was.



During the “Groot Trek” that started around 1835, the name “Boerperd” became popular and used by most, to describe their horses. The horse as means of transport was the fastest over the outstretched farms and also used to explore the routes before the ox-wagons would follow.

The Boerperd received international praise during the Anglo Boer War (1899-1902). Initially the enemy looked down their noses at the Boerperd, but this horse soon proved the contrary regarding tenacity, agility and a number of other characteristics.

Many a story can be told of the glory of the Boerperd in battle. The number of horses was drastically decreased by not only the horses killed in battle, but also those herds killed in kraals or in the veld as part of the “*Scorched Earth*” policy of the British Government during the war.

The car started replacing the horse as transport medium in the twentieth century, and the same happened in the agricultural industry regarding tractors, implements and vehicles.

Horses were now only being bred where they could still fulfil a need on farms, and this was usually in the outback and in places with harsh and extreme climates.

South Africans are inclined to watch in awe as imported breeds are shown at exhibitions, and our own horse was initially overseen and not given its rightful place.

In 1973 in Memel, the “Boerperdtelegenootskap” of South Africa was formed, with the object of saving and improving our horse. For some, this was also a cultural deed. The name was changed in 1978 to the “Historiese Boerperdtelegenootskap” of South Africa, to avoid confusion. The SA Studbook allowed – after a couple of years – the breed to be called the SA Boerperd.

### **Unique bloodlines of the SA Boerperd:**

A lot has been written about the different bloodlines and their unique characteristics. We decided to describe the eleven bloodlines and their origins briefly.


Metertyd het ander perderasse – waarvan perde ingevoer is – ook ‘n mindere invloed uitgeoefen op die ontwikkeling van die Boerperd. Dit was rasse soos die Fries en Vlaam, Hackneys, Norfolk Trotters en Cleveland Bays. Hiervan is perde ook opgeneem in die genepoel van die Suid-Afrikaanse Perd.

Dit was veral met die Groot Trek, wat teen 1835 begin het, dat die perd in die volksmond al hoe meer bekend geword het as die Boerperd. Op die uitgestrekte plase was die perd die vinnigste vervoermiddel en op die trekpad is verkenningwerk op sy rug gedoen. Die ossewa het as’t ware gevolg in die perdespore wat alreeds daar was.

Daar was ook twee Vryheidsoorloë waarin Boer en Brit teen mekaar te staan gekom het. Dit was veral tydens die 2e Anglo-Boere Oorlog (1899-1902) dat die Boerperd internasionale roem verwerf het. Aanvanklik is neerhalend na die Boere se perde verwys deur die vyand. Metertyd het die Boerperd die perde van die Engelse magte getroef met taaiheid, vlugvoetigheid en vele ander eienskappe. Vele verhale kan vertel word oor die roem van die Boerperd op die slagvelde van ons land. Die perdestapel is ook geknou deur nie net perde wat op die oorlogsveld sterf nie, maar ook troppe wat voor die voet in krale en in die veld dood-geskiet is as deel van die “*Verskroeiende Aarde*”-beleid van die Britse Regering tydens die oorlog.

In die twintigste eeu begin die perd as vervoermiddel al hoe meer plek maak vir die motorkar. Trekkers, implimente en bakkies begin al hoe meer die werk van die perd oorneem. Net hier en daar word volgehou met die teling en gebruik van perde op die plaas. Dit geskied dikwels in die verafgeleë gedeeltes van ons land en daar waar dikwels ook geharde en uiterste klimaatsomstandighede is. Menige Suid-Afrikaner word betower deur ingevoerde perde-rasse wat die skoue en landboutoonstellings binnekom. Ons eie perd word en is aanvanklik nie altyd na waarde erken en gereken nie.

In 1973 kom ‘n handjievool mense te Memel bymekaar en stig die Boerperdtelegenootskap van Suid-Afrika om ons eie perd te red en te veredel. Van die stigterslede het dit



Disselboom Stoet \* Kontak David de Wet  
Sel: 082 875 2814 \* Roodepoort Plaas \* Kriel  
email: [sunerowe@vodamail.co.za](mailto:sunerowe@vodamail.co.za)



1. The "Eggo" or "Cloete" horses originated in Molteno in the Eastern Cape.
2. The "Steenkamp" horses originated in the vicinity of Ermelo on the Eastern Highveld.
3. The "Van der Wath" horses (Lang Carel stud) are also from the Ermelo area.
4. The "Hancke" horses' home is Bethal on the Eastern Highveld.
5. The "A2" bloodline originates from the Wakkerstroom area in northern Natal.
6. The "Odendaal" horses are originally from Harrismith and Kestell in the Free State.
7. The "Middleton" horses originated from Fouriesburg and Ficksburg in the Free State.
8. The "Sephton" horses are originally from the Barkley East area in the Eastern Cape.
9. The "Streicher" horses are from Swellendam in the Western Cape.
10. The "Vlampsies" horses originated from the Hantam Mountains in the Colesberg and Prieska area.
11. The "Namib" horse originated from Garub, in the vicinity of Aus in the Namib desert of Namibia.

Each of these bloodlines are unique with specific characteristics, for example: the Cloetes only allowed the toughest stallions and those with ultimate endurance to breed, the Hancke horses have a distinct blue dapple as predominant colour, whereas the Odendaal horses are predominantly palomino.

Very few bloodlines are kept absolutely pure these days. Breeders select different lines for one stud.

We want to honour those breeders who pioneered, on behalf of all of us, in breeding the particular characteristics they did. The history of the SA Boerperd would be incomplete if the following names are not mentioned: Oom Willem Cloete, Oom Willem Odendaal, Oom Karel-Piet Steenkamp, Oom Jaap van Niekerk, Oom Ockie van Niekerk and Oom Gertman van Rensburg.

Since the "Genootskap" was founded in 1973, three main breeders' contributions to the SA Boerperd are unfathom-

ook 'n "kultuurdaad" genoem. Midde in debatte wat destyds in landbouydskrifte gevoer is, en om verwarring te vermy, word die naam aan die begin van 1978 verander na die Historiese Boerperdtelegenootskap van SA. Na 'n aantal jare gee SA Stamboek egter toestemming dat die perderas bekend kan staan as die SA Boerperd. Dit is hier waar ons onself nou in die hede bevind.

### **Unieke bloedlyne binne die SA Boerperd**

Baie is al geskrywe oor die verskillende bloedlyne en dit wat uniek is aan elkeen. Ons volstaan deur net die verskillende lyne te noem en waar hulle aanvanklike tuiste was. Daar word onderskei tussen 11 bloedlyne.

1. Die Eggo of Cloete perde met hulle oorsprong in Molteno-omgewing in die Oos-Kaap.
2. Die Steenkamp perde se tuiste en oorsprong is die Ermelo-omgewing van die Oostelike Hoëveld.
3. Die Van der Wath perde (Lang Carel Stoet) is eweneens van die Ermelo-omgewing afkomstig.
4. Die Hancke perde se oorsprong is in Bethal op die Oostelike Hoëveld.
5. Die A2 bloedlyn se oorsprong is in Wakkerstroom se omgewing en die noordelike dele van Natal.
6. Die Odendaal perde kom oorspronklik van Harrismith en Kestell in die Vrystaat.
7. Die Middleton perde is afkomstig van Fouriesburg en Ficksburg in die Vrystaat.
8. Die Sephton perde se oorsprong is die Barkley-Oos omgewing in die Oos-Kaap.
9. Die Streicher perde kom van Swellendam-omgewing in die Wes-Kaap.
10. Die Vlampsies perde se heimat is die Hantamberge van die Colesberg- en Prieska omgewing.
11. Die Namib perde is afkomstig van Garub, naby Aus in die Namibwoestyn van Namibië.

Hierdie bloedlyne het elkeen 'n eie unieke stempel en dalk karaktertrek gehad. Om enkele voorbeelde te noem: by die Cloetes het net die taaistes wat oorleef het, en lang afstande kon trotseer, in aanmerking gekom as teeltings; by die Hancke perde is blouskimmel 'n oorwegende kleur, terwyl daar onder die Odendaal perde heelwat palomino's is.

able, they are: Jan van der Wath, Carel Jacobsz and Manie Hancke. They have improved the quality of our horses, and contributed to an increase in numbers, allowing the Boerperd to grow by sharing their knowledge and insight with others. Thank you for creating the strong foundation you did, for young breeders to also prosper in future.

We honour the pioneers who have gone before us, and are truly thankful for the towers of strength presently with us.

---

In die jongste tye is daar min bloedlyne wat suiwer gehou word. Meer en meer telers neem teelmateriaal selektief op in hulle stoeterye uit meer as een bloedlyn.

Daar kan met eerbied en hulde terug gedink word aan pioniertelers en hulle wat sekere eienskappe in bloedlyne vasgelê het. Die SA Boerperd se geskiedenis kan nie in herinnering geroep word sonder om te dink aan die name van manne soos Oom Willem Cloete, Oom Willem Odendaal, Oom Karel-Piet Steenkamp en Oom Jaap van Niekerk nie. Dan is daar ook nog die name van Oom Ockie van Niekerk en Oom Gertman van Rensburg. Sedert die stigting van die Genootskap in 1973 is daar veral drie groot telers – in die persone van Jan van der Wath, Carel Jacobsz en Manie Hancke - wat 'n reuse bydrae tot die SA Boerperd gemaak het. Hulle het bygedra tot die kwaliteit van ons perde en getalle sodat die Boerperd kon groei deur hulle insig en kennis wat met ander gedeel is. 'n Stewige fondament is deur die baanbrekers gelê en hierop kan jonger telers net voortbou!

Ons eer die nagedagtenis van pioniertelers wat nie meer daar is nie, en is dankbaar vir die huidige staatmakers wat nog met ons is.

A2  
STOET





Cloeteggo Bismarck en Cloeteggo 2, tydens die 1974 Skou, Vrede.



Die vaandeldraers wat die optog met die verwelkoming van die waens gelei het. Tweede van links is Heibsie Stander.

able, they are: Jan van der Wath, Carel Jacobsz and Manie Hancke. They have improved the quality of our horses, and contributed to an increase in numbers, allowing the Boerperd to grow by sharing their knowledge and insight with others. Thank you for creating the strong foundation you did, for young breeders to also prosper in future.

We honour the pioneers who have gone before us, and are truly thankful for the towers of strength presently with us.

---

In die jongste tye is daar min bloedlyne wat suiwer gehou word. Meer en meer telers neem teelmateriaal selektief op in hulle stoeterye uit meer as een bloedlyn.

Daar kan met eerbied en hulde terug gedink word aan pioniertelers en hulle wat sekere eienskappe in bloedlyne vasgelê het. Die SA Boerperd se geskiedenis kan nie in herinnering geroep word sonder om te dink aan die name van manne soos Oom Willem Cloete, Oom Willem Odendaal, Oom Karel-Piet Steenkamp en Oom Jaap van Niekerk nie. Dan is daar ook nog die name van Oom Ockie van Niekerk en Oom Gertman van Rensburg. Sedert die stigting van die Genootskap in 1973 is daar veral drie groot telers – in die persone van Jan van der Wath, Carel Jacobsz en Manie Hancke - wat 'n reuse bydrae tot die SA Boerperd gemaak het. Hulle het bygedra tot die kwaliteit van ons perde en getalle sodat die Boerperd kon groei deur hulle insig en kennis wat met ander gedeel is. 'n Stewige fondament is deur die baanbrekers gelê en hierop kan jonger telers net voortbou!

Ons eer die nagedagtenis van pioniertelers wat nie meer daar is nie, en is dankbaar vir die huidige staatmakers wat nog met ons is.

A2  
STOET







Cloeteggo Bismarck en Cloeteggo 2, tydens die 1974 Skou, Vrede.




Die vaandeldraers wat die optog met die verwelkoming van die waens gelei het. Tweede van links is Heibsie Stander.




Lang Carel Steenkamp op Kolbooi. Die foto is in ongeveer 1935 geneem.



Mnr Jaap Cloete by Cloete Eggo Klinker Nr 1. Hierdie foto is in 1959 geneem.



Mnr Jaap van Niekerk op Dawid uit die A2-bloedlyn.



Hierdie is die oudste foto van 'n Hancke-perd.



# EKENEB SA BOERPERD STUD

We Breed Trustworthy & Intelligent Horses  
With an Exceptional Temperament & Movement

Lang-Carel Rakker daughter &  
EKENE Daninka



Lang-Carel Arrie daughter &  
EKENE Vicky



Stud Stallion -  
Lang-Carel Woeker



EKENE  
Kaptein



EKENE Omega,  
Bronze merit mare - conformation



Lang-Carel Profyt &  
EKENE Pianet



EKENE Karee &  
EKENE Dezi



EKENE broodmares  
& foals



Calela Katoen &  
EKENE Kaptein



EKENE  
Offisier



Koppie-Alleen  
P.O. Box 13  
Lüneburg  
3183

Udo Beneke : 082 797 8088  
Manfred Beneke : 082 944 0484

[ekeneb@absamail.co.za](mailto:ekeneb@absamail.co.za)

Come and visit us in the scenic beauty of Northern KwaZulu-Natal

**Eienaar/Owner:**

**Kenny van der Merwe**

**082 457 6130**

**Pierre Giliomee**

**082 257 5751**


**Epos/Email:**

**kenny@thabilelodge.co.za**


**pierre@thabilelodge.co.za**

**LC Triomf  
(Stallion)**

**Elevation  
Kalant Klontkie  
(Stallion)**



**ELEVATION  
BOERPERD STUD  
Klein Karoo Oudtshoorn**







*Martin Coetzee*

## The Boerperd – Versatile Sport Horse Ideal for Children and Junior Jumping

Jeandré de Lange

### **Vlampies Tokkel, my phenomenal Boerperd**

Vlampies Tokkel was purchased In 1999 by the Groot Verlange Stoet on a SA Boerperd auction. He was a young, inexperienced, three year old gelding, was used for outrides in a game reserve, and up to 2003 he took part in a few three phase shows. I obtained an expert trainer, who recognized Vlampies Tokkel's exceptional potential to jump, so we started training seriously for showjumping.

As a member of the Gauteng Horse Society in Kyalami, Vlampies Tokkel and I have, since February 2004, been competing on National level in the Children's jumping classes, in which he excelled. These achievements are special, because he advanced from grade CE to CA in just over eighteen months.

In 2005 we were chosen as CB Victor Ludorum and overall Childrens Victor Ludorum of the year for Gauteng West. It is a special achievement, if one keeps in mind that literally hundreds of ponies are competing across the country. For two consecutive years, we have also achieve Gauteng West colours for 2006 and 2007, and Northwest colours for 2007.

Nowadays, the competition in CA grade is particularly fierce, and the ponies and riders are very talented. In spite of the high standard, Vlampies Tokkel is very competitive, and we ended up in fourth place on the SA Childrens ranking list of SANEF in 2007. What makes this achievement so special, is that Vlampies Tokkel was the only Boerperd on the SA Top Ten ranking list!

## Die Boerperd – Veelsydige Sportperd Ideaal as Kinder- en Junior-Springperd

Jeandré de Lange


### **Vlampies Tokkel, my fenomenale Boerperd**

Vlampies Tokkel is in 1999 as 'n jong, onervare driejarige reunperd op 'n SA Boerperdveiling aangekoop deur Groot Verlange Stoet en is aangewend vir uitritte in 'n wildreserwaat en het op 'n paar drie fase skoue meegeding tot en met 2003. Nadat ek 'n baie ervare afrigter bekom het, het ek en Vlampies Tokkel begin met skouspring klasse. My afrigter het sy besonderse springpotensiaal raakgesien en ons het met alle erns begin met professionele afrigting.

Sedert Februarie 2004 spring ek en Vlampies Tokkel op Nasionale vlak in die Kinderruiter springklasse as lid van Gauteng Horse Society in Kyalami en het hy uitsonderlik presteer. Die prestasies is so uitsonderlik aangesien hy van CE na CA graad gevorder het in net meer as 'n jaar en ses maande.

In 2005 is ons aangewys as CB Victor Ludorum en algehele Kinder Victor Ludorum van Gauteng-Wes vir die jaar. Dit is 'n besonderse prestasie as in gedagte gehou word dat daar letterlik honderde ponies landwyd kompeteer. Ons het ook twee agtereenvolgende jare Gauteng-Wes kleure verwerf vir 2006 en 2007 en Noordwes kleure vir 2007.

Die mededinging in CA graad is deesdae besonders sterk en die ponies en ruiters baie talentvol. Ongeag die hoë standaard is Vlampies Tokkel baie mededingend en het ons vierde op die SA Kinderranglys van SANEF geëindig in 2007. Wat hierdie prestasie so wonderlik maak is dat Vlampies Tokkel die enigste Boerperd in die SA Top Tien op die ranglys was!



Vlampies Tokkel in action/Vlampies Tokkel in aksie

Ponies at this level, achieve prices of up to R300 000 and more, and are even imported from Europe.

The qualities that make Vlampies Tokkel so special as jumping horse, are his exceptional intelligence, endurance, submissiveness and temperament, and I, his rider, trust him with my life.

With his great lion-heart, Vlampies Tokkel has never disappointed me, even when facing the big challenge of the jumping arena. He has, for instance, no fear of water and heights, and because there is such a strong bond of trust between us, he will do anything for me.

With his calm disposure, the Boerperd is by nature totally safe, and in the jumping arena he can be recommended for any rider from toddler to teenager. The Boerperd is surely making a name for himself in the jumping arena, and will in future, definitely be outstanding in this discipline and sport.

Show me another breed that, coming out of the arena tired and thirsty, will, next to the arena, put his head in a cooler bag and pull out a two liter cooldrink!

Not only is Vlampies Tokkel my best friend, he is also one of the most talented jumping ponies in South Africa. I predict that in future we will still obtain many wonderful achievements in the Junior jumping classes.

Ponies op hierdie vlak behaal vandag pryse ter waarde van R300 000 en meer, en word selfs ingevoer vanaf Europa.

Wat Vlampies Tokkel so uitsonderlik maak as springperd, is sy besonderse intelligensie, uithouvermoë, gehoorsaamheid en temperament en ek as ruiter vertrou hom met my lewe.

Met sy hart so groot soos 'n leeu het Vlampies Tokkel my nog nooit teleurgestel nie, selfs wanneer die springarena vir hom 'n groot uitdaging was. Hy het onder andere geen vrese vir water of selfs afgronde nie, hy sal vir my enige iets doen aangesien daar so 'n hegte band van vertroue tussen ons is.

Die Boerperd is van nature baie veilig met sy rustige temperament, netso ook in die springarena en kan aanbeveel word vir enige ruiter vanaf kleuter tot tiener. Die Boerperd is vinnig besig om naam te maak in die springarena en wat die toekoms aanbetref gaan die Boerperd beslis nog uitblink in hierdie dissipline en sport.

Wys my enige ander ras wat langs die arena sy kop in 'n koelhouer sal steek en 'n twee liter koeldrank daar uithaal vir lafenis wanneer hy moeg en dors uit die arena kom!

Vlampies Tokkel is nie net my beste vriend nie, maar ook een van die mees talentvolste springponies in Suid Afrika. Ek voorspel dat ons in die toekoms nog vele goeie prestasies gaan behaal in die Junior springklasse.

**The Boerperd – Versatile Sport Horse  
The Show and Dressage  
Horse – moderate tempera-  
ment, loyal to his rider**

**Jan van Deventer**

My career as a professional horseman started in 1977 when I joined the SA Defence Force, and in particular, the Equestrian Centre in Potchefstroom. I retired from the forces as Lt. Colonel and Commander of the Equestrian Wing in 1999. During this time, I came into contact with almost all the different horse breeds.

My relationship with the SA Boerperd started when Laura van den Heever brought her black Boerperd stallion, Calela Bandolier, to me for training and showing. I agreed, because it coincided with my retirement from the forces.

Bandolier had a very special place in my heart – he gave everything I asked him, and more! His temperament allowed me to compete in the same ring as mares, without ever having to worry that he would “explode” suddenly! He was extremely obedient to his rider.

On the back of Bandolier I received Provincial Colours in Dressage and Showing for two consecutive years. I also had the honour to represent my province at the SA Dressage Championships, where he was placed 15th in the Elementary Dressage Classes and achieved a 9th place overall.

One of his best achievements however, was at the Lowveld Show in 2000, where he won not less than seven championships and reserve championships! He was also awarded Victor Ludorum of the show. A second outstanding achievement was at the Rand Show in 2001, where he was placed 3rd in the top five, and Champion Working Show Horse! Because of these achievements, Bandolier

**Die Boerperd – Veelsydige Sportperd  
As Skou- en Dresseerperd  
– ‘n gematigde tempera-  
ment en lojaal aan sy ruiter**

**Jan van Deventer**

My professionele perde loopbaan het in 1977 begin toe ek my by die Suid Afrikaanse Weermag aangesluit het en wel by die Berede Sentrum te Potchefstroom. Hier het ek met alle perderasse te doen gekry tot en met my aftrede as Lt. Kol en bevelvoerder van die Berede Vleuel in 1999.

My paadjie het egter met die van die SA Boerperd gekruis in dieselfde jaar toe Laura van den Heever haar swart Boerperd hings, Calela Bandolier, vir my aangebied het vir afripping en skoudeelfname. Dit het toevallig saamgeval met my uittrede uit die Weermag, en ek het ingestem.

Bandolier het ‘n baie spesiale plek in my hart gehad want hy het my alles gegee wat ek gevra het en nog meer. Sy temperament was van so aard dat ek met gemak tussen merries kon kompeteer sonder om te vrees dat hy enige oomblik sou “ontplof” – ongelooflik gehoorsaam aan sy ruiter.

Ek het met Bandolier twee jaar agtereenvolgens Provinsiale Kleure in dresseer sowel as skouklasse verwerf en het my provinsie by die SA Dresseer Kampioenskappe verteenwoordig waar hy ook die top 15 in die Elementêre Dresseer klasse gehaal het met ‘n 9de plek landswyd!

Twee van sy grootste prestasies egter, was tydens die Laeveldskou van 2000 waar hy nie minder nie as sewe kampioenskappe en reserwekampioenskappe verower het. Hy was ook Victor Ludorum van die skou. Die tweede prestasie was tydens die Randse Skou in 2001 waar hy onder die top 5 ‘n derde plek behaal het en aangewys is as Kampioen Werkende Skouperd. Hy is a.g.v. hierdie presta-

PO Box 2568  
Ermelo, 2350  
Cell: 082 331 1811



# Flambojant

S.A. Boerperdstoet



Quality  
broodmares,  
geldings and  
young stock  
on offer

Quality  
Sport horses  
for all your  
equestrian needs






# FYNBOS STOETERY



Tielman en Didi Roos  
Riversdal (Wes-Kaap)  
Sel: 083 261 6630  
15134520@sun.ac.za



I have much respect for the SA Boerperd, and I would love to see him compete in the top echelons of sport. Unfortunately, this would only be possible if the Boerperd is entered into cross-breeding with Warmbloods and Thoroughbreds, as these are the breeds that draw more attention in the adult showing and dressage arenas. It has come to my attention that some Boerperd breeders have begun breeding programmes in that direction, but I have not seen any of the offspring. I dearly hope that this experiment will work, because one would search far and wide for a more suitable temperament than what we already have in the SA Boerperd!

The SA Boerperd is our heritage, true to South Africa! Therefore, I wish the SA Boerperd all of the best – may you go from strength to strength!

**Long live the Boerperd!**

die top eschelons van sport. Dit, dink ek, sal kan gebeur deur kruisteling met Warmbloede en Volbloede aangesien (ongelukkig moet ek byvoeg) die groter perde meer aandag in die volwasse arenas trek. Ek verneem dat daar wel Boerperd stoete is wat in dié rigting begin beweeg het, maar ek het nog nie die eer gehad om van die nakomelinge te sien nie. Ek hoop die eksperiment kan werk want 'n mens sal vër soek vir 'n temperament soos die van die SA Boerperd!

Ek wens die SA Boerperd net die beste toe – mag hulle van krag tot krag gaan – dit is mos ons erfenis en eie aan Suid-Afrika.

**Lank leef die Boerperd!**



FotoJan  
Riversdal 2008

**WENNERS SA BOERPERD STOET**  
**AJ Burger Sutherland Tel: 023 571 2994**

# George Frederick SA Boerperd Stud

Proverb 10:22 "The Blessing of the Lord it makes truly rich and He adds no sorrow to it"

Paula Rautenbach  
PO Box 398  
Standerton, 2430

Tel: 083 375 5881 (Parents)  
079 935 6897 (Anél Human)  
E-mail: paularautenbach@yahoo.co.uk

## Breeding for size, temperament and a comfortable ride!



Photos by Anél Human. Tel: 079 935 6897. E-mail: anelhn@yahoo.co.uk



## The Boerperd – Versatile Sport Horse In Carriage Driving – a docile and submissive horse

Elmarie Davel

Ever since I was a little girl, my imagination has been gripped by a horse cart. I have always dreamt about driving a special horse. I came upon such a horse when, on a special day, a filly was born in the mountains. She was special and different from the start. That is my SA Boerperd mare, Mooihoek Biljet. We later started practising Carriage Driving. This discipline in the world of equestrian sport consists of three phases, namely DRESSAGE, MARATHON AND CONES.

**DRESSAGE:** The track is marked the same way as all dressage tracks, except for the width, which is 30m x 60m for single carriages and 40m x 60m for double and tandem carriages. These tests are used internationally.

**MARATHON:** Time is calculated to every participant for the specific kilometers done. As such 27km will be divided into 5 parts, namely : Section A – a 10 km trot with an average speed of 15 km/h; Section B – walking for 7km; Section C – a fast trot with an average speed of 20km/h; Section D – a repetition of section B; Section E – a repetition of section A. The marathon is also the most exciting part for spectators and participants and the adrenalin gets pumping. In between are also the hurdles which put the driver and his groom's abilities to the test. The groom climbs onto, hangs on and around the cart to keep it upright – he acts as the point of balance right through this division. It is also here that I found much respect for my horse Biljet. It gives one goosebumps when, trusting her, she descends a 6 feet embankment and goes through water, giving everything that she has to take me safely to the other side.

## Die Boerperd – Veelsydige Sportperd In die Dryfkuns – 'n geskikte en gehoorsame perd

Elmarie Davel

Vandat ek 'n klein dogtertjie was, het 'n perdekar my verbeelding aangegryp. Ek het altyd gedroom om 'n besondere perd te dryf. So 'n perd het oor my pad gekom op 'n spesiale dag toe 'n merrievulletjie aangekom het in die berge. Sy was besonders en anders van die begin af, dit is my SA Boerperd merrie, Mooihoek Biljet. Ons het later begin om die Dryfkuns (Carriage Driving) te beoefen. Hierdie dissipline in die perdesportwêreld bestaan uit drie fases, naamlik DRESSEER, MARATHON en KEGELS.

**DRESSEER:** Die baan word dieselfde gemerk as alle dresseerbane, maar die wydte van die bane verskil, die baan is 30m x 60m vir enkeltuie en 40m x 60m vir dubbel- en tandemtuie. Die toetse word internasionaal gebruik.

**MARATHON:** Daar word tyd gegee aan elke deelnemer vir die bepaalde kilometers wat afgelê word. So sal 27km by in 5 dele opgedeel word, naamlik Seksie A in 10km op 'n draf met 'n gemiddelde spoed van 15km/h; in Seksie B word 7km gestap; In Seksie C is 'n vinnige draf met 'n gemiddelde spoed van 20km/h. Seksie D is dan 'n herhaling van Seksie B, en Seksie E 'n herhaling van Seksie A. Die marathon is ook die mees opwindende afdeling vir toeskouers en deelnemers en die adrenalien pomp. Tussenin is daar nog hindernisse wat die vermoë van drywer en handlanger toets. Die handlanger klim, hang om en op die karretjie om dit regop te hou, hy is die balanspunt regdeur hierdie afdeling. Dit is ook hier waar ek groot respek vir my perd, Biljet, gekry het. Dit gee jou hoendervleis as sy met jou 'n 6 voet wal afgaan en deur water gaan en ek vertrou haar so want sy gee alles om my veilig anderkant te bring.

The hurdles in between are marked alphabetically, there are a maximum of 6 gates in each hurdle and it is marked from A-F. The participant must proceed in alphabetical order within the marked tracks and gets disqualified if he takes longer than the time allocated, or if assistance is needed for unharnessing, other than that of his groom, or if the gates are approached from the wrong side. Horses are examined by a veterinarian before and after participation in this division.

**CONES:** This division works on the same principal as show jumping. A track is laid out with plastic cones. A tennis ball is placed on each cone, which is placed apart 5cm wider than the cart, 2.5cm on each side. If a tennis ball gets knocked off, it counts as 4 points against you. Completing the course is also being timed.

Carriage Driving is a very exciting sport, for which you need a very submissive horse. It can also be a very dangerous sport, and if the horse does not co-operate, it can be catastrophic.

A good horse for Carriage Driving is one that can proverbially think on his feet, he should be gentle and not skittish when handled. Further, a good topline is necessary, and a hindquarter with hocks that work forward underneath the horse. His movements should be free with good knee action, which also should not be too high, and can cover distance as well. Good legs and strong hooves are also good assets, therefore the SA Boerperd is well suited.

In 2005 Mooihoek Biljet was the SA Novice Reserve Champion and I believe that everyone who participates in this sport, or reads this article, will agree with me: Our SA Boerperd is special and I therefore salute my mare with the words:

**'YOU RAISE ME UP SO THAT I CAN CLIMB MOUNTAINS'**

Die hindernisse tussenin word in alfabetiese orde gemerk, daar is 'n maksimum van 6 hekke in elke hindernis en dit word gemerk van A tot F. Die deelnemer moet in alfabetiese volgorde ry binne die afgemerkte bane en hy word gediskwalifiseer as hy langer as die toegelate tyd neem, of as hulp benodig word vir uitspan buiten dié van sy hand-langer, of as hekke van die verkeerde kant benader word. Perde word deur 'n veearts ondersoek voor en na deelname in hierdie afdeling.

**KEGELS (Cones):** Hierdie gedeelte werk op dieselfde beginsel as skouspring. Daar word 'n baan opgestel met plastiek kegels. Op elke kegel word daar 'n tennisbal geplaas en die kegels word ongeveer 5cm breër as jou karretjie uitmekaar geplaas, 2.5cm aan elke kant. As jy 'n tennisbal afstamp en laat val, dan is dit 4 punte teen jou. Daar word ook teen tyd gery.

Dryfkuns is 'n baie opwindende sport, vir so 'n sport het jy 'n baie gehoorsame perd nodig. Dit kan ook 'n gevaarlike sport wees en indien die perd nie saamwerk nie kan dit katastrofies wees.

'n Goeie perd vir die Dryfkuns is een wat spreekwoordelik op sy voete kan dink, hy moet mens-vriendelik wees en nie skrikkerig wees wanneer hy hanteer word nie. Voorts is 'n goeie toplyn nodig, 'n agterkwart met hakke wat onder hom inwerk. Sy beweging moet vry wees met 'n goeie knie-aksie wat tog ook nie té hoog moet wees nie en grond kan dek. Goeie bene en sterk hoewe is ook 'n bate, daarom is SA Boerperde baie geskik.

Mooihoek Biljet was in 2005 die SA Novice Reserve Kampioen en ek glo dat elkeen wat hierdie sport beoefen of die artikel lees saam met my stem: ons Boerperde is spesiaal en daarom salueer ek my merrie met die woorde:

**"YOU RAISE ME UP SO THAT I CAN CLIMB MOUNTAINS"**

# Jurust SA Boerperd Stud


JJ Uys (Koos) • PO Box 888 • Farm Potgietersrust • Vryheid • 3100 • KZN  
Tel/Fax: 034 982 1502 • Cell: 083 463 0740 • E-mail: [jjuys@telkomsa.net](mailto:jjuys@telkomsa.net)




Bongane Kunene on Jurust De La Rey  
SA Reserve Senior Traditional  
Champion Stallion - 2008



Jurust Brenda  
SA Universal Senior  
Champion Mare - 2008



Jurust Gogga  
Filly of Jurust Brenda - 2008



From 75 years of strict selective  
large (15.3 - 16.2 hands) easy riding  
horses with excellent temperaments  
have been bred.

Universal and traditional, show, dressage,  
endurance and horses for fun.  
Jurust SA Boerperd horses for children  
and horses for farm work

Come and have a look!!

Carel Hancke Verwoerd  
Stallion used for breeding in Jurust stud



Danell Theron on Jurust Brenda  
Dressage and show mare



Jurust Blondie  
Excellent breeding mare



Jurust Encore  
Colt of Jurust Blondie

Jurust mares and foals



# Jurust SA Boerperd Stoet

Teler: JJ Uys (Koos)

## Geskiedenis



Jurust Toy Toy



Jurust De La Rey  
Vul van Jurust Mooie

Die stoet het sy oorsprong in die vroeë 1930's, deur my oupa, wyle Koos Uys (Koos Rooikoppe). Hingste is bekom van wyle Albert van Niekerk (A2), wat 'n vriend van my oupa was. Die perde is oor die jare deur die natuur geselekteer onder geharde toestande in die Skurweberge van Utrecht.


Gedurende die vroeë sewentiger jare het ek 2 hingste ingebring vanaf wyle Willem Cloete. Een uit die Bismarcken en een uit die Eggo-lyn. Uit hierdie hingste op ingeteelde A2 merries het ek 2 hingste vir myself geteel, wat ek met groot sukses in die stoet gebruik het. Ek het geteel na die Uys-lyn en later selektief van die Hancke-lyn (Geepad en Blok) en van Lang Carel teling gebruik vir die verbetering van spesifieke eienskappe op die Jurust-lyn, met die gewenste resultate. Die Jurust stoet beskik oor uitstekende genetika, van bogemiddelde grootte, met goeie sterk bene en hoewe, asook 'n sterk natuurlike immuniteit teen siektes.



Vullens van Jurust Stoet  
uit Toy Toy Hings



Jurust Mooie



Jurust merries en vullens

## The Boerperd – Versatile Sport Horse An Endurance Horse with the right temperament to give self-confidence & joy

Janita Doyer

I grew up as a farmgirl and heard the stories of long distances traveled on horseback by my father and uncles in order to do their farming. Their base was in Ermelo, the farm De Emigratie, and they farmed from Hoedspruit to Wakkerstroom in the days before motor vehicles, when trekking with big flocks of livestock was done every autumn and spring.

These Boerperde which I inherited and was known as the De Emigratie Horses, I later renamed as the Komry Boerperd Stud. I am still in the grip of the endurance-bug and my husband, Van Duyn Doyer, and myself, are founders of ERASA (Endurance Ride Association of South Africa) as well as the Historic Boerperd Breeders Association.

Our first endurance horse of significance was De Emigratie Kiewiet (De Emigratie Kwartet x Flash), an Anglo-Boerperd, which, in 1976 won the 4th position for the fantastic speed of about 17km/h at Fauresmith! The next exceptional horse was also a cross-breed, Boerperd x Arab: De Emigratie Gariep (De Emigratie Ousus x Quimran Garribaldi) which also received a few awards as best prepared horse.

Hereafter, around 1988, we introduced the Arkab Arab Stud to our stud program. At first we planned to push a less costly horse into the market with Boerperd-crossings, but soon these crossings showed their worth, one of the first was the horse Arkab Sultan (Komry Sippie x Sidi Egyptian King).

## Die Boerperd – Veelsydige Sportperd ‘n Uithouritperd met die regte temperament om self- vertroue en vreugde te gee

Janita Doyer

Ek het as plaasmeisie groot geword en die stories gehoor van lang afstande wat deur my pa en ooms te perd gery is om hulle boerderye te bedryf. Hulle basis was in Ermelo, die plaas De Emigratie, en hulle het van Hoedspruit tot in Wakkerstroom geboer in die dae voor motorvoertuie, toe daar getrek is met groot troppe vee, elke herfs en lente.

Hierdie Boerperde wat ek geërf het en as die De Emigratie perde bekend gestaan het, het ek later herdoop na die Komry Boerperd stoet. Die uithourit-gogga het my steeds beet en ek en my man, Van Duyn Doyer, is stigterslede van ERASA (Uithouritvereniging van SA) sowel as die Historiese Boerperdtelegenootskap.

Ons eerste uithouritperd van formaat was dan ook De Emigratie Kiewiet (De Emigratie Kwartet x Flash), ‘n Anglo-Boerperd, wat in 1976 die 4de plek op Fauresmith behaal teen die wonderlike spoed van ongeveer 17km/h! Die volgende uitsonderlike perd was ook ‘n kruisras, Boerperd x Arabier: De Emigratie Gariep (De Emigratie Ousus x Quimran Garribaldi) wat oa ook ‘n paar toekennings as bes voorbereide perd ontvang het.

Hierna, teen ongeveer 1988, het ons die Arkab Arabierstoet by ons teelprogram ingebring. Aanvanklik het ons gereken om met Boerperd-kruisings ‘n goedkoper perd in die mark te stoot, maar gou het hierdie kruisings egter hulle staal getoon, een van die eerstes die perd Arkab Sultan (Komry Sippie x Sidi Egyptian King)

Arkab Kazandi (Komry Moppie x Sidi Egyptian King) het in die Kaap haar merk gemaak met Peter Chandler, ‘n





Arkab Legato at an endurance race at Walvisbaai  
 Arkab Legato tydens 'n Uithourit op Walvisbaai

Arkab Kazandi (Komry Moppie x Sidi Egyptian King) made her mark in the Cape with Peter Chandler, a heavy-weight rider. Especially in the longer distances she sometimes even won the standard riders, she also won a staggering amount of awards for best prepared horse. The purebred Boerperd Komry Asjas carried his rider, Adri Pienaar into the Junior Springbok Team. Several times he was also the fastest Boerperd at Fauresmith.

A horse with remarkable achievements which followed, was Arkab Legato (Komry Liriek x Arkab Jawwal). His achievements included among others the following: He has already done 3230,5km and has been eliminated only once; he participated in 3 Fauresmith National Championships in 2003,2004 and 2005; he participates in the Senior National Team at Walvis Bay, Namibia in the 130km ride in 2005.

The Boerperde that do not necessarily make a name as winners, but are good ambassadors for the breed, are those with the right temperament to give people self-confidence and joy. The winners in the endurance sport are all relatively difficult and ambitious horses – not suitable for children and beginners.

swaargewig ruiter. Veral in die langer afstande het sy soms selfs die standaardgewig ruiters geklop, sy het ook 'n verstommende aantal bes voorbereide perd toekennings verower. Die suiwer Boerperd Komry Asjas het sy ruiter, Adri Pienaar, in die junior Springbokspan ingedra. Hy was ook etlike kere die vinnigste Boerperd op Fauresmith.

'n Perd met merkwaardiger prestasies wat gevolg het was Arkab Legato (Komry Liriek x Arkab Jawwal). Sy prestasies sluit onder andere die volgende in: hy het al 3230,5km afgelê en is nog net een keer geëlimineer; hy neem deel aan 3 Fauresmith Nasionale kampioenskappe in 2003, 2004 en 2005; hy neem deel in die Senior Nasionale span op Walvisbaai se 130km rit in Namibië in 2005.

Die Boerperde wat egter nie noodwendig naam maak as wenners nie, maar goeie ambassadeurs vir die ras is, is dié met die regte temperament om mense selfvertroue en vreugde te gee. Die wenperde in die uithouritsport is maar almal redelike moeilike en ambisieuse perde – nie geskik vir kinders en beginners nie. Perde soos Arkab Fletter (Komry Fiesta x Pico Prins), Arkab Vastrap (Komry Oktaaf x Komry Swink), Arkab Dalarna (Arkab Duet x Arkab Mandlha), Arkab Skim (Komry Sippie x Nourmahal Sha-

Horses like Arkab Flenfer (Komry Fiesta x Pico Prince), Arkab Vastrap (Komry Oktaaf x Komry Swink), Arkab Dalarna (Arkab Duet x Arkab Mandhla), Arkab Skim (Komry Sipie x Nourmahal Shadow Play), Arkab Ledow (Komry Lemoeni x Sidi Egyptian King) don't take the glorious first place, but in my opinion they reflect the most important qualities of the Boerperd as endurance horse, namely their patience and ease to give people self-confidence to enjoy endurance races and horse-riding in general. As such this is the quality I appreciate and value most in my Boerperde, the winners that come to the fore, are just a bonus. The true winners are those that give their riders joy and self-confidence.

To breed for the endurance niche market, owners of Boerperde should think about the hardiness and temperament. There are pure Boerperde that do very well with good riders but that is the exception. The cross-breed Boerperde give more athletic abilities with better heart rate and recovery ability, but then the Boerperd's contribution should be a calm temperament, stronger bone structure and toughness.

We thus see that the Boerperd can be applied successfully as endurance horse – either as pure Boerperd or as a cross with breeds like the Arab or Thoroughbred. Thus an ideal horse can be bred for a child or beginner where temperament is important.

Cross-breeding with a Boerperd can also breed a horse fit for heavy-weight riders. In all these cases the Boerperd's excellent temperament and relatively athletic abilities are the decisive factors. It is my recommendation that the breeding of Boerperde should always be focused on these good qualities without compromising their good bone structure en hardiness.

dow Play), Arkab Ledow (Komry Lemoeni x Sidi Egyptian King) vang nie die glansryke eerste plekke nie maar hulle weerspieel, myns insiens, die belangrikste eienskappe van die Boerperd as uithouritperd, naamlik die geduld en gemak om mense selfvertroue te gee om uithouritte en perdry in die algemeen te geniet.

Dit is dan ook die eienskap wat ek die hoogste aanslaan in my Boerperde, die wenperde wat na vore kom is net 'n bonus. Die ware wenners is die wat hul ruiters vreugde en selfvertroue gee.

Om vir die uithourit nismark te teel moet Boerperdeie-naars dink aan gehardheid en temperament. Daar is suiwer Boerperde wat baie goed doen met goeie ruiters maar dit is die uitsondering. Die kruisras Boerperde gee meer atletiese vermoëns met beter hartklop en herstelvermoë, maar dan moet die Boerperd se bydrae 'n rustige temperament, sterker beenstruktuur en gehardheid wees.

Na alles sien ons dus dat die Boerperd suksesvol aangewend kan word as uithouritperd – hetsy as suiwer Boerperd of as kruising met rasse soos die Arabier of Volbloed. So kan 'n ideale perd geteel word vir die kind of beginner wat temperament aanbetref. Kruisteling met die Boerperd kan ook 'n uithouritperd teel, geskik vir swaargewig ruiters. In al die gevalle is die Boerperd se uitstekende temperament en relatiewe atletiese vermoë die deurslaggewende faktor. Dit is dan ook my aanbeveling dat die teling van Boerperde altyd op hierdie goeie eienskappe sal konsentreer sonder om hul goeie beenstruktuur en gehardheid prys te gee.



# Jacaron SA Boerperd Stoet



*'Gefarde, veelsydige perde met goeie temperamente'*

*'n Perd vir die hele gesin, geteel in die hartjie van die Klein Karoo*

*Ladismith - Wes-Kaap*



**Flings - Jacaron Alpha**  
*Lang Carel Lis x Eiso Kilinker III*




*e-pos: [info@naturecollege.co.za](mailto:info@naturecollege.co.za)*

*Tel: 028 551 25 62 Sel: 082 923 9037*



*Jane Fourie*  
*Francois & Jana Malherbe*





*Martin Coetzee*

## The Boerperd – Versatile Sport Horse **Gymkhana and Tentpegging** – versatile, disciplined and trustworthy

Grant Muller

The word “Gymkhana” refers to an equestrian event consisting of timed games such as barrel races, sack races, keg races, flag races, and pole bending. Another derivative of Gymkhana, which will be discussed in more detail in this article, is the sport of Tentpegging (formally known as military Gymkhana).

In the sport of Tentpegging, the rider uses either a lance or a sword and charges at full gallop across a flat arena to pick up a wooden or cardboard peg stuck into the ground. The rules stipulate that the competitor must ride as an individual, as a team of two (half section) or four (full section) abreast from each other; where presentation and precision of the horse and rider are measured as additional style points.

What makes the sport of Tentpegging unique is the fact that it is both a team and individual sport where male and female, young and old can actively compete against each other. The sport also recognises the best junior, woman, veteran and merit rider in the country.

Although the two sports of Gymkhana and Tentpegging are different in many aspects; the characteristics and type of breed used in both sports is the same.

The breeds most commonly ridden in Gymkhana and Tentpegging events are: Welsh Cobs, Arabs, Appaloosas, SA Boerperde and cross breeds. The SA Boerperd is also one of the breeds that has the versatility to compete in Endurance, Dressage, Jumping, Carrige Driving and in Tentpegging. Here the SA Boerperd displays the following characteristics:

## Die Boerperd – Veelsydige Sportperd **Gymkhana en Tentpegging** – veelsydigheid, dissipline en betroubaarheid

Grant Muller

Die woord “Gymkhana” verwys na perdesportgeleenthede bestaande uit speletjies soos sakresies, vaatjiesies, vlagresies en paaltjies-vleg, wat teen tyd afgelê word. “Tentpegging”- voorheen bekend as militêre gymkhana - is ‘n soortgelyke sport, afgelei uit gimkhana, en word ook verder in hierdie artikel bespreek.

In Tentpegging gebruik die ruiter ‘n lans of swaard, jaag volspoed oor ‘n gelyke arena en tel ‘n hout- of kartonpen met ‘n steek-aksie op uit die grond. Ruiters moet langs mekaar deelneem en kan as ‘n individu, in ‘n span van twee (halfseksie) of vier (volseksie) inskryf. Addisionele punte vir styl word toegeken vir uitvoering en presisie van beide perd en ruiter.

Tentpegging is ‘n unieke sport in dié sin dat dit as individuele sowel as spansport beoefen kan word, en waar man en vrou, jonk en oud, teen mekaar kan kompeteer. Die beste junior, dames, veteraan en meriete ruiter in SA word ook aangewys.

Gymkhana en Tentpegging verskil in baie opsigte, maar die karaktereenskappe en tipe ras wat hiervoor geskik is stem ooreen. Rasse wat algemeen gebruik word is: Walliese ponies, Arabiere, Appaloosas, SA Boerperde en dan natuurlik ook kruisrasperde.

Die SA Boerperd beskik oor die veelsydigheid om in ‘n verskeidenheid sporte uit te blink, nl. Uithouritte, Dresseer, Skouspring, Dryfkuns en Tentpegging. Die SA Boerperd se kenmerkendste karaktereenskappe is as volg:

- Agile
- Nimble
- Not too tall (14.2 to 15.2hh)
- Does not shy
- Even gaited
- Trusting

Their hardiness, fine conformation and excellent temperament are also testimony to the fact that they are a reliable and well-balanced breed.

Further confirmation of the character of the SA Boerperd is the fact that several SA Boerperd stallions actively compete in Tentpegging today. These breeding stallions compete under the same conditions as geldings and mares, and therefore must be disciplined to gallop and stop adjacent to 3 other horses when riding in a full section. It is this temperament that makes the SA Boerperd the ideal childrens horse.

The following SA Boerperde have excelled in the Tentpegging discipline:

- Lekkerkry Byron achieved Gold Merit (SA Ladies team)
- Carel Hanke Vonkel achieved Silver Merit (Provincial colours)
- Lekkerkry Ferm achieved Silver Merit (Provincial colours)
- Mooihoek Konstant achieved Bronze Merit (Riding full score of 222)

Tentpegging is now being actively ridden in India, Australia, Israel, Pakistan, South Africa, the United Kingdom, Namibia and the United States of America. These countries also compete against each other on international level. In 1994, the International Equestrian Tentpegging Association was formed in order to administer and govern Tentpegging worldwide.

The SA Boerperd has already made his mark on this competitive and international level.

- Beweglikheid
- Ratsheid
- Geskikte hoogte (14.2 tot 15.2hh)
- Rustige geaardheid, wat nie maklik skrik nie
- 'n Gemaklike gang en gladde beweging (*'even gaited'*)
- Betroubaarheid

Gehardheid, goeie bouvorm en uitstekende temperament getuig van 'n betroubare en goed gebalanseerde perderas.

Die blote feit dat soveel SA Boerperdhingste deelneem aan Tentpegging is 'n uitstekende bewys van die ras se uitsonderlike temperament. Hingste neem onder dieselfde reëls as merries en reuns deel en moet gedissiplineerd genoeg wees om volspoed te galop en tot stilstand te kom langs die ander 3 perde wanneer in 'n volseksie gery word. Dit is by uitstek die SA Boerperd se temperament wat dié ras 'n ideale kinderperd maak.

Die volgende SA Boerperde blink uit in Tentpegging as disipline:

- Lekkerkry Byron – Goue Meriete (SA Damesspan)
- Carel Hancke Vonkel – Silwer Meriete (Provinsiale Kleure)
- Lekkerkry Ferm – Silwer Meriete (Provinsiale Kleure)
- Mooihoek Konstant – Brons Meriete (Vol telling van 222)

Tentpegging word ook in lande soos Indië, Australië, Israel, Pakistan, die Verenigde Koningryk, Namibië en die Verenigde State van Amerika beoefen. Hierdie lande ding ook mee teen mekaar op internasionale vlak. Die "International Equestrian Tentpegging Association" is in 1994 gestig om Tentpegging op internasionale vlak te administreer en beheer.

Dit kan met trots bevestig word dat die SA Boerperd reeds sy merk gemaak het en reeds 'n gedugte teenstander is op internasionale vlak.

## The Boerperd – Versatile Sport Horse Spanish Classical Riding – precision and a fiery, but obedient nature

William Bondesio

Lekkerkry Turksvy joined our family after I bought a couple of horses for my children – I also had speculation in mind – on my return from Paraguay a few years ago. He was my son's horse and therefore was trained to do the things young boys would expect their horses to do, such as out-rides, "touchies", western games and general farm work. We decided to exchange horses after the Pretoria Show 2005, with the idea that he would be triggered to compete in shows with a better schooled horse. Lang Carel Sjarment became his horse and I decided to start training Lekkerkry Turksvy.

I had the opportunity to visit Spain at the end of 2006, with the sole goal of studying the *Doma Vaquera* discipline. This is a Spanish discipline, based on the ancient methods of training horses used in war and is still used in training their *bullfighting* horses. Pre-requisites for the horse trained in *Doma Vaquera* would be a fiery, but obedient nature. Fiery enough to carry his rider out of danger of the storming bull, though obedient enough to stop instantaneously, turn around and move forward powerfully so that the rider could knock the bull over with the "garrosh". The "garrosh" is a wooden lance of about 14 feet, carried in one hand. The horse should be able to perform these movements with reins being held in one hand only. The horse's servitude and ability to learn must be of such a standard that it is possible to perform complex manoeuvres all at once, as if your life's depending on it. Precision is of utmost importance.

*Doma Vaquera* tests consist of, for instance: starting from a walk on the correct lead, a collected walk, a free walk and

## Die Boerperd – Veelsydige Sportperd Spaanse Rykuns – presisie en 'n vurige, dog gehoor- same geaardheid

William Bondesio

Met my terugkeer na Suid-Afrika uit Paraguay het ek 'n paar perde gekoop vir my kinders, asook met die oog op spekulasie. So beland Lekkerkry Turksvy by ons en word hy aanvanklik my seun se ryperd. Aanvanklik het Turksvy tipies die werk gedoen wat 'n jong seun van 'n perd verwag. Turksvy het deelgeneem aan plesierritte, "touches", "western games" gespeel en algemene plaaswerk gedoen. Na die Pretoria Skou 2005 het ek en my seun besluit om perde te ruil. Die gedagte hiermee dat my seun sodoende geprikkel sal word om met 'n beter geskoolde perd aan skoue deel te neem. So word Lang Carel Sjarment toe my seun se perd en ek begin Lekkerkry Turksvy afrig.

Aan die einde van 2006 het ek die voorreg gehad om Spanje te besoek met die uitsluitlike doel om die *Doma Vaquera* dissipline te bestudeer. Dit is 'n Spaanse dissipline wat gebasseer is op die ou metodes wat gebruik was om oorlogsperde op te lei en wat vandag nog steeds gebruik word in die afrigting van hulle bees-perde (*bullfighting horses*). Die vereistes vir die ideale *Doma Vaquera* perd is eerstens 'n vurige, dog gehoorsame geaardheid. Vurig genoeg om sy ruiter uit die gevaar van 'n aanstormende bul te te dra. Gehoorsaam genoeg om onmiddellik tot stilstand te kom en vinnig te kan omdraai en so sterk weer vorentoe te kan beweeg dat die bul omgestamp kan word deur die ruiter met die "garrosh". Die "garrosh" is 'n hout lans van ongeveer 14 voet lank wat deur die ruiter gedra word in sy een hand. Dit beteken dat die perd hierdie bewegings moet kan uitvoer terwyl die ruiter die teuels slegs in een hand vashou. Die perde se opleibaarheid en diensbaarheid moet van so 'n gehalte wees dat dit haalbaar is om die een oomblik sywaartse bewegings op bevel uit te voer, te halt, in die



a shortened collected walk (*passo corto*). Another would be a lateral walk and canter to the left and right, turning on the forehand and hindquarters in both directions. Horses are also required to come to a halt from a gallop, canter in both directions and counter canter in both directions. Working with the “garrosh” only starts once the above mentioned tests can be performed. Work with the “garrosh” is often done to music and can therefore be performed as a show. Jesus Morales (pronounced *Gesus*), champion rider in this discipline, was my instructor in the basic principles of *Doma Vaquera*.


On returning from Spain, I decided to compile a show with movements to the music. Our first performance was during the “Day of the Horseman” held at Diamond X Ranch. Equine SA has subsequently invited us to “The Horse Festival” at the Dome in Randburg. This has led to more invitations, such as the Saddlebreds’ and Arabs’ SA show in Bloemfontein and two more “Star Stallion” events in Pretoria. I am convinced Lekkerkry Turksvy is the very first SA Boerperd to be invited to perform at other breeds’ events.

Turksvy is very close to performing a rack, but is still a three-gaited horse. In spite of his fiery and hasty nature, he has undoubtedly proved just how manageable he is. His ability to learn and absolute obedience – common to the SA Boerperd as breed – has made these performances possible. The two of us have performed in a small 20 m diameter circle with excited school children around us, as well as with dancing Spanish dancers and their clapping castanets. Turksvy also gets onto a 4 m wooden circle in one of these dances, and perform lateral movements and turns to the music.

It is with great regret that Turksvy injured his fetlock at the end of October 2006 in the veld. He was to be kept quiet and not to be ridden for 6 months as suggested by the veterinary surgeon. I needed to train another horse as substitute and a good friend, Kobus Odendaal, made his beautiful chestnut stallion available, called Eskol Fleur. Eskol Fleur’s nature is even more fiery than Turksvy’s, but he responded extremely well to the training and we could

# Burgerstrots

## STOET



perform at our first show only two weeks after commencing the “garrosh” work. Fleur has been used in several shows with great success and to the thrill of spectators. During January 2008 he was part of a programme compiled by Tellytrek for the Nicholas Rey Foundation, and this was broadcasted on DSTV channel 232.

I am extremely proud to announce that Lekkerkry Turksvy and Eskol Fleur are true and worthy ambassadors for the SA Boerperd in Classical Spanish Riding, the *Doma Vaquera* discipline.



rondte te tol en dan te storm, alles asof in doodsgevaar. Presisie is dus van kardinale belang.

Huidige *Doma Vaquera* toetse bestaan onder andere uit ‘n vertrek in die stap op die korrekte been, ‘n saamgevatte stap, ontspanne stap en ‘n verkorte saamgevatte stap (*passo korto*). Sywaartse stappe en galoppe na links en regs, draaie op die voorbeen links-om en regs-om asook draaie op die agterbeen na beide kante. Verdere bewegings sluit in ‘n doodstop uit die galop, galoppe in beide rigtings asook “counter canter” in beide rigtings. Wanneer ‘n perd genoemde bewegings bemeester het, kan werk met die “garrosh” begin. Die werk met die “garrosh” word baie keer met musiek gekombineer en omskep in ‘n vertoning. My leermeester in die basiese *Doma Vaquera* beginsels was die kampioen ruiter Jesus Morales (uitgespreek *Jesus*) wat vir jare al een van Spanje se kampioene is in hierdie dissipline.

Na my terugkeer uit Spanje het ek besluit om te werk daaraan om ‘n vertoning op die maat van musiek te lewer. Die geleentheid het hom voorgedoen tydens die aanbied van “Day of the Horseman” op die “Diamond X Ranch”. Na hierdie vertoning is ek deur Equine SA genooi om ‘n vertoning te lewer by “The Horse Festival” in die Dome in Randburg. Dit het weer gelei tot uitnodigings na die Saalperde en Arabierperde se SA skou in Bloemfontein, asook na twee “Star Stallion” geleenthede in Pretoria. Ek glo dat Lekkerkry Turksvy die eerste SA Boerperd is wat uitgenooi word om vertonings te lewer vir ander perderasse se byeenkomste!

Alhoewel Turksvy baie naby is daaraan om ‘n “gang” te ry is hy steeds ‘n “driegang” perd. Ten spyte van sy vurigheid en haastige geaardheid bewys hy bo alle twyfel dat hy uiters hanteerbaar is. Sy opleibaarheid en absolute gehoorsaamheid, wat geen uitsondering binne die ras is nie, het dit vir ons moontlik gemaak om hierdie vertonings te kan lewer. Ek en Turksvy het al vertonings gedoen in klein 20 meter sirkeltjies omring met met opgewonde skoolkinders, asook saam met dansende Spaanse danseresse met hulle klappende kastanjette. In een van die Spaanse danse klim Turksvy met al vier sy pote op ‘n 4 meter hout

sirkel terwyl hy laterale bewegings en draaie uitvoer op die maat van musiek.


Tot my groot teleurstelling het Turksvy aan die einde van Oktober 2006 'n kootgewrig besering opgedoen in die veld. Hierna het ek hom vir 6 maande op aanbeveling van 'n veearts nie gery nie en die been moes stil gehou word. Ek moes dadelik 'n perd oplei wat vir Turksvy kon instaan. 'n Goeie vriend, mnr Kobus Odendaal, het sy pragtige vos hings met die naam Eskol Fleur aan my beskikbaar gestel om te ry. Fleur se geaardheid is nog meer vurig as Turksvy s'n, maar hy het baie positief gereageer op die nuwe roetines en het slegs twee weke nadat sy "garrosh" werk begin het, sy eerste suksesvolle vertoning gelewer. Daarna is Fleur in verskeie vertonings gebruik met groot sukses en tot groot lof van al die toeskouers. Gedurende Januarie 2008 was hy ook deel van 'n program wat saamgestel is deur Tellytrek vir die Nicholas Rey Foundation Trust en uitgesaai was op DSTV kanaal 232.


Met geweldige trots kan ek vandag aanvoer dat Lekkerkry Turksvy en Eskol Fleur ware ambassadeurs is vir die SA Boerperd in die klassieke Spaanse Rykuns, die *Doma Vaquera* dissipline.



# A2 STOET







*Martin Coetzee*

## **The Boerperd – Versatile Sport Horse A Five Gaited Horse with no equal – naturally gaited, useful and showy!**

**Diederick Cloete**

Dr Arnold Theiler, the well-known veterinarian who started the research centre at Onderstepoort, spend much time in the veld with the Boers during the Anglo Boer War. He made this interesting observation about the Boers and their horses – (the following is a direct translation from a piece that was written by him – originally published in German):

“To serve as a cart-horse, the Boer needs a bigger and taller horse – which is readily found in South African bred horses. Speaking from experience, he mentions that, the longer the stride, the faster the horse is able to travel. It was expected of these animals to travel at least 60 English miles per day, working in teams of two, four or six per cart. The character of this horse is good natured and kind. A good Boer riding horse is ultimately calm. It has no vices, and does not run away when saddled. When the rider dismounts, the reins are simply thrown over the horse’s head, thus trailing on the ground. In this position, the horse will remain, quietly grazing for hours, never venturing far from the spot it was left originally. This attribute, which is of countless value to the hunter, remains to this day.

The animals are also used to the sound of gunshots, because this forms part of the basic training of these horses. Of course, it is of the utmost importance during wartime. All the Boers can ride – taking into account their military uniforms and tactics during battle, they are all actually part of the mounted infantry corps. The horse, playing the more important part in this production, therefore receives the best care possible from his rider.

## **Die Boerperd – Veelsydige Sportperd ‘n Vyfgangperd sonder weerga – ‘n natuurlike gang, bruikbaar én spoggerig!**

**Diederick Cloete**

Arnold Theiler, die bekende veearts wat die navorsingstasie by Onderstepoort begin het, was gedurende die Anglo-Boereoorlog saam met die Boere in die veld en het die volgende interessante waarnemings oor die Boere en hulle perde gemaak. Die onderstaande is ‘n direkte vertaling uit Duits wat hy gepubliseer het:

“Om as karperd te dien gee die Boer voorkeur aan langer en groter diere, wat eweneens in die Suid-Afrikaanse ras te voorskyn kom. Hy weet uit ervaring dat hoe langer ‘n perd se tred, hoe vinniger kom hy vorentoe. Van hierdie diere word daar verlang dat hulle in twee, vier of ses spanne ten minste 60 Engelse myl per dag trek, sonder enige noemenswaardighede voer. Die karakter van die huidige perd is van nature baie goedaardig. Die goeie Boere-ryperd is wel die toppunt van perde-bedeedsheid. Hy het nie nukke nie en hardloop nie weg wanneer hy opgesaal word nie. Wanneer die ruiter afklim, gooi hy die teuels oor die kop, sodat dit op die grond sleep, en in hierdie posisie sal die dier vir ure rustig staan, terwyl hy hoogstens in die onmiddelijke omgewing sal wei. Hierdie eienskap is onontbeerlik vir jagdoeleindes, en het as sodanig behoue gebly. Die diere is ook aan die vuur van geweerskote gewoond, iets waaraan die Boer die diere gewoond maak wanneer hulle ingebreek word. So ‘n perd is vir oorlogvoering ‘n wesentlike faktor. Al die Boere is bereede: ‘n mens kan hulle weens hul militêre uitrusting en hulle taktiek geredelik as bereede infanterie bestempel. Omdat die perd die hoofrol speel, behandel die Boer sy rydier dan ook beter as gewoonlik.

Die gang of loop van die Suid-Afrikaanse perd is iets eiesoortigs; dit is nie die natuurlike gang nie, maar weerspieël

The gait of the South African horse is unique. Although it is not regarded as a natural gait, it displays the character of the Boer – one of general comfort. The common walk, is a gait not known to the Boer. To the Boer, the “walk” is actually a fast, short-stepped walk-trot (also known as a pace). Trotting is also too tiring for the Boer and his horse. Better utilized, is a faster gait – in speed somewhere between a canter and a fast walk. The most popular, and also much more exciting, is the rack (trippel) – this is a fast and fiery gait, combining speed and comfort for both horse and rider.

The Boer is readily recognized by his style; similarly the Europeans have their unique style. Both groups, of course, laughing secretly at each other’s seemingly ridiculous styles! Their styles of riding, differs to a large extent as well. The real Boer, has a carefree, casual attitude on his horse - the reins hanging loosely across the long, outstretched neck, with a “sjambok” (plaited thongs of hippopotamus hide) held in one hand, should a bit of encouragement be needed. But the best South African riding-artist is a picture of elegance on his horse. The body and legs are evenly stretched out with the legs slightly forward, short stirrup leathers, toes pointing outward and the stirrups in a hanging (resting) position.”

When referring to the above quotation by Arnold Theiler, there should be no doubt that the “gaited horse” forms an integral part of the history and development of the SA Boerperd. The five-gaited horse is definitely no fashion fancy; it runs through the history of the SA Boerperd like a golden thread!

The “trippel” – as the gaited horses was referred to during that time – was an everyday occurrence. Many tales are told about the “trippel” and famous names such as “De Wet”, “Beyers”, “Sieraad” en “Verply” are mentioned.

My grandfather, (I was named after him), said that he would not ride a horse that could not rack (trippel). Another saying of his, although rather artless, was: “If you can ride a five-gaited horse, your bum has some style!” (“As jy ‘n vyfgang perd kan ry, het jou gat smaak!”)

die Boerekarakter, wat in die algemeen eerder gemak soek. Die stapgang ken die Boer nie. Wat hy as stap ken is ‘n vinnige stappie, waarby die perd heel klein treetjies gee (strykgang). Draf ken hy ook nie; dit vind hy te vermoeiend. Die vinnige gang is ‘n tipe van galop, met ‘n snelpas tussen dié van stapgang en die eintlike galop. Baie gewild, en eintlik as ‘n ideale gang gesien, is die trippelaar, die vurige een, wat gewenste spoed en gemak byeen bring. ‘n Mens herken die Boer aan sy styl, net soos hy ook die Europeër aan sy styl herken, en beide groepe lag hulself dood vir die ander een. Uiteraard is die houding hoe op die perd gesit word ook verskillend. Die egte Boer sit met ‘n ongeërgde houding op sy perd: die leisels hang meestal oor die lang, gestrekte nek, en ‘n sambok (rieme gesny van seekoeivelle) wat in die hand gehou word, dien as aansporing. Maar die beste Afrikaner ruiter-kunstenaar sit met elegansie op sy perd. Die lyf en bene is gelyk gestrek met die bene na vore in die kortste stiebeuels, voetpunte na buite en die stiebeuels in ‘n rustende posisie!”

Na aanleiding van bogenoemde aanhaling van Arnold Theiler kan dit gestaaf word dat perde wat ‘n “gang” loop onlosmaaklik deel van die geskiedenis en vorming van die SA Boerperd is. Die vyfgang perd is nie ‘n modegier nie maar loop soos ‘n goue draad deur die geskiedenis van die SA Boerperd. Die trippelaar perd - soos in daardie tyd na die perd verwys is - was aan die orde van die dag. Staaltjies is rondom dit vertel en erkende name is genoem soos bv. De Wet, Beyers, Sieraad en Verply om maar net ‘n paar te noem.

My Oupa van wie ek die naam het, het gesê hy ry nie ‘n perd as hy nie kan trippel nie. ‘n Ander kosbare en ongekunstelde gesegde van hom was dat “as jy ‘n vyfgang perd kan ry, jou gat smaak het”.

Die trippelaar was die perd wat alles kon doen. Dit was en is die perd wat elke dag op die plaas gebruik word om beeste of skape aan te keer. Die gang is gemaklik en gewillig. Dit was terselfertyd die spog- en vryperd. Die perd het dan op ‘n hedendaagse spoggerige kortgang, of oopketel op ‘n trippel die werf binne gekom, aangesien daar baie omstaanders was.



Lang Caryl Juris



Cloete Eggo Skitter



Eggo Klinker III



Pivaanswaterval Oubaas

The gaited horse could do everything. This horse was used on the farm every day, to round up sheep and cattle. Remember, the gait is comfortable and fast-moving. At the same time, this horse served as the ultimate show-off, and as ready transport in many a courtship ritual! The rider would enter the farmyard on a showy slow-gait, or in rather reckless fashion on a fast rack – usually to the amusement of many spectators!

The same horse who served behind the sheep and cattle, would then be brought back to the homestead and fed extra rations in the form of “mielies”. He was combed and curried and properly groomed, because it was time for the annual show in town. The same horse participated in the Five-Gaited Championship, the Farm Horse Class and the Children’s Classes.

Riding a five-gaited horse, is an experience which cannot be put into words by someone who has not had the experience himself. That reminds me of a racking-race in which I took part when I was only 7 years old. I still get goose bumps every time I think about it. I get the same thrill, and I can still hear the perfect beat of the gaited horse at full speed! This is a feeling only equaled during a Five-Gaited Championship. That evening and for days thereafter, you relive that excitement, again and again. That feeling, the power, the beat of the horse’s feet remains inside you!

Although the modern five-gaited horse is a bit different, the basics remain the same. The methods of training, the equipment – like saddles, bridles, bits, horse-shoes – and

Die vyfgang perd is agter die beste en skape uitgehaal en vir ‘n maand of twee kry hy dan ‘n ekstra blikkie mielies, en hy word dan behoorlik geroskam en ge-”groom” om aan die dorp se tentoonstelling te gaan deelneem. Tydens die tentoonstelling neem die trippelaar aan die vyfgang kampioenskap deel sowel as aan die plaasperd en kinderklas.

Om ‘n vyfgang perd te ry is ‘n ervaring wat niemand kan verwoord voordat hy dit nie self ondervind het nie. Dit laat my terug dink aan, toe ek 7 jaar oud was en aan trippelresies deelgeneem het. Ek kry vandag nog hoendervleis as ek net daaraan dink. Ek ervaar nog die gevoel, ek hoor nog die ritme van die trippelaar op volle vaart. Dit laat my onwillekeurig dink aan die gevoel tydens en na ‘n vyfgang kampioenskap. Die aand en dae daarna ry jy die vyfgang kampioenskap soos van ouds met die trippelaar oor en oor. Die gevoel, krag en ritme van die vyfgang perd is binne-in jou.

Die vygangperd van vandag is ‘n bietjie anders, maar die basis bly nog dieselfde. Die afrigtingsmetode, en toerusting soos saals, tooms, stange, ysters en voeding het verbeter om die hedendaagse vyfgang perd beter te vertoon. Die SA Boerperd verskil egter van ander rasse wat aktief al vyf gange ry en skou. Dit is daarin gesetel dat die SA Boerperd nog steeds vir praktiese aanwending gebruik word in al sy gange soos bv. plesierritte, veewerk, bo en behalwe om ook te skou. Die praktiese aanwending van die SA Boerperd moet nooit tydens skou-beoordeling en teel-seleksie agterweë gelaat word nie.



# JANIC

## SA BOERPERD STOET



Waar  
bewegers  
tuis is...


Janic Cruiser




Janic Geepad



Janic Cruiser



Janic Carel Voorspoed



Janic Sultan

### HINGSTE TANS IN DIE STOET:

- Lang Carel Voorspoed  
(Basta kleinseun 16hh)
- Ammarel Prins  
(Aandeelhouer)
- Janic Sultan
- Janic Kavalier
- Janic Cruiser




Foto: Anel Human

Janic Ammarel Prins



Janic Dahlia



Mpumalanga Kampioenskappe  
2007

Janic Danka

**Nic Jooste**  
**082 922 4917**  
**Posbus 165**  
**Perdekop**  
**2465**

**Merries en jong aanteel**  
**ALTYD beskikbaar!**

**Ons teel uit die**  
**SUIWER Cloete lyne**

**Ons werk, speel,**  
**skou en geniet hulle**

feeding, have improved and therefore the horse is also exhibited much better. The SA Boerperd differs from other breeds that actively shows at all five gaits. The difference is that the SA Boerperd is used for practical work at all the gaits, (example: pleasure rides, farm work), and on top of that it is a show horse as well! We should never forget, however, the practical uses of the SA Boerperd, mentioning in particular, show judging and breed selection.

During the late 1870's and 1880's, the Boerperd was glorified by horses such as Cloeteggo Eggo 2, Cloeteggo Skitter and Cloeteggo Klinker – horses that totally dominated the five-gaited classes. Later, legendary and exceptional horses like Lang Carel Eggo Jas and Lang Carel Primarius continued this glorious tradition.

After 1995, Five-Gaited classes experienced a revival with the appearance of horses like Pivaanswaterval Oubaas, Lang Carel Juris and Lang Karel Kalant. It was also the beginning of many tough competitions between horses such as Pivaanswaterval Oubaas, Lang Carel Juris, Lang Carel Kalant and Eggo Klinker III. Klinker Jasper, later joined the ranks.

The golden thread of the Traditional Five Gaited Horse, is interwoven with the history and tradition of the SA Boerperd – in the same way as “braaivleis, biltong and pap” is part of the heritage of every South African!


In die jare laat sewentig en tagtigs, van die vorige eeu, het die SA Boerperd sy vroeë gloriejare gehad en toe het perde soos Cloet Eggo Eggo 2, Cloet Eggo Skitter en Cloet Eggo Klinker die vyfgang oorheers. Later het perde gekom soos die legendariese Lang Carel Eggo Jas en na hom Lang Carel Primarius wat uitsonderlik was.

Na 1995 het perde soos Pivaanswaterval Oubaas, Lang Carel Juris en Lang Carel Kalant nuwe lewe in die vyfgang geblaas. Dit het gelei tot jare van strawwe kompetisie tussen perde soos Pivaanswaterval Oubaas, Lang Carel Juris, Lang Carel Kalant en Eggo Klinker III en in die laaste jare ook Klinker Jasper.

'n Goue draad van die Tradisionele Vyfgang perd loop sedert die vroegste jare deur die SA Boerperd en is so eie aan die SA Boerperd soos braaivleis, biltong en pap aan die Suid-Afrikaner!



© 2007 J. Whitehead 0672.0087





# Joop


SA BOERPERD STUD

Contact: Lizele Whitehead at +27(0)82 361 0158

We Strive for Perfection through every day labour.  
Our reward is **versatility** within these passionate ceatures







*Martin Coetzee*

**The Boerperd – Versatile Sport Horse  
Patrol Horse – A lively,  
willing horse that will do  
anything his rider dares to!**

**Ockert van Niekerk and Martin de Bruin**

*Sarel, a Boerperd Stallion*

A lively, energetic, fiery horse, and a dream to ride.

He is one of the most comfortable horses I have ever ridden. He has a fast walk, a pleasant gait and his trot is unbelievable! He is very comfortable to ride and I do not think any other horse of his size can match his speed and endurance. Bigger horses would already be on a full gallop, and he would still be trotting (and with the most beautiful movement). His canter is very smooth and rhythmic. One has to ride this horse to fully realize what a very special horse he is.

He is very easy to handle, his mouth is soft and he goes wherever his rider wants him to go. Even when ridden in bigger groups, his rider has no difficulties, because the other horses do not bother him at all. He likes to stay in front, but is also comfortable in the middle or at the back of the group, provided that they do not saunter.

He is the kind of horse that will do whatever his rider asks of him. He trusts his rider completely, whether the rider is on his back, or walking beside him. If the rider wants to go down a slope, or wherever, there he will go too.

A few interesting experiences that I had with him during Military maneuvers in the Eastern Transvaal:

I met him the first time when we were on mounted patrol in the area of Doyershoek, on the other side of the Stoltzburg Mine next to the Mawellawella river. The area is very

**Die Boerperd – Veelsydige Sportperd  
Patrollieperd - 'n Wakker,  
gewillige perd wat enige  
iets sal aandurf waarvoor  
sy ruiter kans sien**

**Ockert van Niekerk en Martin de Bruin**

*Sarel, 'n Boerperdhings*

'n Wakker, lewendige, vurige perd en 'n droom om te ry.

Hy is een van die gemaklikste perde om te ry wat ek nog gery het, 'n lekker vinnige stap, 'n lekker gang en sy draf is onbeskryflik. Gemaklik en ek glo nie 'n ander perd van sy grootte kan die spoed en afstand handhaaf nie. Groter perde galop amper voluit dan draf hy nog, en die mooiste aksie. Sy galop is lekker glad en ritmies. Hy moet gery word om werklik te besef hoe 'n besonderse perd hy is.

Hy hanteer baie lig, sy bek is sag en hy gaan waarheen sy ruiter wil gaan. Selfs in 'n groep word geen probleme ondervind nie en affekteer die ander perde hom nie. Hy loop graag voor, maar met gemak ook binne of agter die groep, maar hulle moet nie drentel nie.

Hy is 'n perd wat enige iets sal aandurf wat sy ruiter voor kans sien. Hy het volle vertroue in jou, of jy op sy rug is of saam met hom stap. Indien jy 'n wal af, of wat ookal, hy kom saam.

'n Paar interessanthede wat ek saam met hom ondervind het tydens Weermag optredes in die Oos-Transvaalse gebied was:

Ek het die eerste keer kennis met hom gemaak toe ons berede patrollies gery het in die Doyershoek omgewing anderkant Stoltzburgmyn langs die Mawella-wella spruit. Dit is baie rotsagtige terrein, dig begroei en die spruit kronkel tussen klowe deur en ons moes die spruit patrolleer. Ek en

rocky and overgrown, with the river flowing amongst the ravines. We were patrolling the river. At the onset, Sarel and myself were in the middle of the group (there were eight riders), but then we came across a real obstruction. The footpath had turned into a gully. It was rather dangerous with loose soil and stones, a very steep incline and high walls to a height of 4 to 5 metres on both sides of the gully. All the other horses stopped and reversed.

I urged Sarel forward and without hesitation, he tackled the obstacle and we went down easily. The other horses, though struggling, followed suit.

From then onwards, Sarel and I rode in front. Through bushes, down inclines, across the river and back up again. Without hesitation, and as surefooted as any mountain buck could ever wish to be, Sarel managed it all.

On the last day of the training, we set ambushes to test the horses' reaction to gunshots. When the first shots were fired, Sarel stiffened a little, but did not panic at all. He went on without hesitating, while shots were being fired from all sides. When I fired a R4 rifle from his back, he stayed completely calm – as if it were the most natural thing in the world! The other horses did not accept these circumstances so easily and some of the riders had to sit really tight in order to control their horses.

During these patrols, we rode about 85km in three days (as the crow flies), and all the time, Sarel coped very well.

On another patrol, we were operating in the area of the Theespruit Valley, near Badplaas. The distance between the two points was 145km, but the way we had to travel with the horses, was much further. The terrain was also very rugged and uneven and later, we stopped counting the number of times we had to cross the river. At one place, we had to cross a rocky bank in the river. We, Sarel and I, went first, and although with caution, without any mishap. The other horses followed the same route, but they became so nervous that they started stamping and slipping, with the result that the horses – riders and all – fell into the water.

Sarel was aanvanklik in die middel van die groep, ons was agt ruiters, totdat die eerste werklike versperring opduik. 'n Voetpad wat 'n donga geword het. Eintlik gevaarlik, los grond en klippe en 'n baie steil helling met hoë walle aan beide kante en 'n hoogte van maklik 4 tot 5 meter. Die ander perde het almal vasgesteek en teruggedeins. Ek het Sarel nader gebring en hy het sonder huiwering die hindernis gepak en ons is amper sittende daar af. Die ander perde het met groot geskarrel en sukkel, ook eendelik onder aangekom. Daarvandaan het ons die voortou geneem. Deur boskasies, walle af, die spruit deur, en weer walle op. Oral sonder huiwering en so stewig op sy pote soos watter wildsbok kan droom om te wees.

Tydens ons laaste dag het ons opleiding gedoen deur hinderlae op te stel en dan te sien hoe die perde reageer wanneer vuur getrek word. Sarel het aanvanklik 'n ruk gegee toe die eerste skote knal, geensins paniekerig geraak nie, en het deur die stellings gery sonder huiwering, terwyl die skote van alle kante geklap het. Selfs toe van sy rug af geskiet word met die R4 het hy opgetree asof hy al lankal aan sulke optredes gewoond was. Die ander perde het dit nie so maklik aanvaar nie, en sommige ouens moes lelik bontsit om bo te bly en die perde onder beheer te hou.

Tydens hierdie patrollies het ons ongeveer 85km gery in drie dae se tyd, soos die kraai vlieg, en deurentyd het Sarel hom baie goed van sy taak gekwyt. Met 'n ander operasie het ons die Theespruitvallei, ook in die Badplaas omgewing, gepatrolleer. Die afstand van punt tot punt was 145km, soos ons moes ry, was egter baie verder.

Die terrein in hierdie vallei was ook baie ru en rotsagtig. Die aantal kere wat ons die spruit moes kruis was naderhand te veel om te tel, maar wat wel gebeur het was die volgende: Op een plek moes ons oor 'n klipbank deur die water ry. Ek is, soos gewoonlik, eerste met Sarel oor – sonder huwering of aarseling het hy versigtig en vas oor, of deur gestap. Al die ander perde het op dieselfde plek begin, maar agv senuagtigheid of onsekerheid het hulle gegly en rondgetrap, met die gevolg dat almal geval en saam met hulle ruiters in die water beland het.

At another crossing of the river, just as we were almost on the other side – with a rather steep incline just in front of us – Sarel sank into the mud just as he was about to clear the bank. The result of this was that he hit the mud wall with his chest. I honestly thought that we were going to fall over backwards into the water, but just as we began to fall, he threw his neck and forelegs to the side and landed in the river on all fours. Thus, horse and rider remained unhurt and dry.

The third day, while travelling amongst the Bushmen's Hills, all of a sudden, we found ourselves trapped against rock walls of 4 metres high and (without exaggerating), on an incline of 45 degrees. The sun was beginning to set, and we simply had to continue in order to reach our base. If not, we would have had to turn back – a huge detour! I dismounted, took Sarel's reins in my hand and started climbing. He followed not hesitating for one minute, and we managed that steep incline with ease. Chris and his horse, Welmoed tried to do the same, but Welmoed wouldn't follow him. Chris then tried to chase Welmoed ahead and with a huge struggle and much slipping and sliding, they too reached the top.

Thereafter, two other men also tried chasing their horses up the incline. Those two managed halfway, but then tried to turn around. They both fell and rolled back to the bottom. Fortunately, none was hurt. The men decided to turn back, while Chris and I decided to go on to our vehicle at the base. But that wasn't our only obstacle. Time and again, we had to navigate rocks and banks – it felt as if it would never end; with me in front, Sarel in tow, and Chris chasing Welmoed.

At last, just as the sun disappeared behind the horizon, we reached a narrow path. I would never have dreamt that a horse would be capable of what we had done that day! It was unbelievable. If Chris wasn't there too, I would have thought I was dreaming. I would never travel through that area with a horse again, but that day we had to, and if I didn't have Sarel, we would never have made it.

By 'n ander geleentheid, toe ons feitlik deur die spruit is en 'n redelike hoë regop wal voor ons is, het hy in die modder weggesak, net toe hy die wal uitspring, met die gevolg dat sy bors die wal tref. Ek het al gesien hoe ons agteroor binne die water beland maar hy het, toe ons begin terugval, sy voorlyf sywaarts gegooi, en het op al vier pote binne die spruit beland, en sodoende vir hom en sy ruiter droog en regop gehou.

Die derde dag het ons tussen die Boesmankoppe deurbeveeg, en skielik het ons ons vasgery teen rotsbanke van tot 4 meter hoog en ek glo nie ek oordryf deur te sê 45 grade skuins nie. Die son was aan die sak en ons moes oorgaan en ons eindbestemming bereik of omdraai en 'n baie groot draai ry en ons basis mis.

Ek het Sarel se teuels gevat en voor hom uit begin klim. Hy het my sonder aarseling gevolg, en ons is die eerste steilte uit. Chris, met 'n ander perd met die naam Welmoed, het probeer volg maar Welmoed wou nie.

Chris het hom toe voor hom uitgejaag en Welmoed het met 'n gegly en geskarrel tot by ons uitgekom. Daarna het die ander manne probeer deur ook die perde die steilte uit te jaag. Twee het halfpad opgekom, probeer omdraai en het geval en teruggedraai tot onder. Gelukkig is nie een beseer nie. Hulle het besluit om om te draai en ek en Chris sal dan vooruitgaan tot by die voertuig by die basis. Dit was egter nie die enigste hindernis nie. Knaend het ons ons vasgeloop, en moes ons rotsbanke oor of walle op of af. Dit het soos 'n ewigheid gevoel. Ek voor, Sarel agter my en Chris wat vir Welmoed aanjaag agter ons aan. Uiteindelik is ons deur en in 'n paadjie terwyl die son aan die wegraak is agter die horison. Ek het nooit kon droom dat 'n perd in staat sou wees om te doen wat ons vermag het nie. Dit was ongelooflik en indien Chris nie saam was nie, sou ek soms gedink het ek droom. Ek sal ook nooit weer daardie deel met 'n perd aandurf nie – maar ons het – en as dit nie vir Sarel was nie, sou ons dit nie gemaak het nie.

Op die vyfde dag was feitlik al die perde pootseer en lyfseer behalwe Sarel. Daar word gesê dat wit hoewe sag is, die teendeel is hier bewys.



On the fifth day, all the horses, except Sarel, were sore and lame. It is a common belief that white hooves are soft, but in Sarel, we had proof of the opposite.

Sarel has white hooves and his feet stayed healthy and strong over any terrain, however rough. The horses with black hooves definitely suffered more, and on the last day (the 6th) all the riders were walking the last 15km beside these horses. Three horses, who showed exceptional endurance and had tough hooves managed to finish, although their riders had to walk much of the way. The three horses were Sarel, another little brown stallion, named Sieraad and a dapple-grey gelding, named Ben.

Since, I've taken Sarel on many outings, usually into the mountains. He stays the same beautiful, willing and energetic horse. He remains the ideal horse, giving everything his rider asks of him.

*The SA Boerperd stallion, **Suiwer Sarel**, was bred by the late Ockie van Niekerk from Carolina. This narrative was submitted by his grandson, Ockert van Niekerk. Martin de Bruin, who wrote the above article on 12 December 1992, was commander of the Carolina Commando and used Sarel for military patrols in the far Eastern Transvaal as far as the Swaziland border. For the sake of authenticity, the above version of the events has not been changed.*



Suiwer Sarel - tuis (links) en in die skouring (regs)

Sarel het wit hoewe en hulle hou deur enige terrein heen. Die perde met swart hoewe het beslis swaarder begin kry en op die laaste dag – die 6de dag – het almal saam met hulle perde oor die laaste skof van 15km gestap. Drie perde se uithouvermoë en harde hoewe het hulle in staat gestel om enduit te gaan, alhoewel hulle ruiters ook meer dikwels gestap het om by die ander te bly. Hierdie drie perde was Sarel, 'n ander bruin hingsie met die naam Sieraad en 'n blou reun genaamd Ben.

Ek het intussen weer vir Sarel op uitstappies gery. Telkens die berge in. Hy bly net dieselfde. 'n Pragtige, gewillige, wakker perd. Die ideale perd wat alles wil gee vir die ruiter op sy rug.

*Die SA Boerperd hings, **Suiwer Sarel**, is geteel deur wyle Oom Ockie van Niekerk van Carolina. Hierdie bydrae is verskaf deur sy kleinseun, Ockert van Niekerk. Martin de Bruin – wat bogenoemde mededeling op skrif gestel het op 12 Desember 1992 – was bevelvoerder van die Carolina Kommando en het vir Sarel gebruik vir militêre patrollies in die verre Oos-Transvaal tot teen die Swazilandse grens. Ter wille van oorspronklikheid is die mededeling woorde-likes en onverkort weergegee.*




Suiwer Sarel - at home (left) and in the showing ring (right)



2

Maanhaarand, 0346


[www.kejafa.co.za](http://www.kejafa.co.za)




T: 014 577 0005

F: 088 014 577 0005


E: [kejafa@mweb.co.za](mailto:kejafa@mweb.co.za)




Prys: R250




Prys: R250



Prys: R350



Prys: R250



Prys: R250

Outeurs en kundiges in die landbou is welkom om Kejafa te kontak vir die samestelling en uitgee van hoë kwaliteit publikasies.

### Hoe om te bestel? • How to Order?

1. Skakel, faks of e-pos u bestelling na [kejafa@mweb.co.za](mailto:kejafa@mweb.co.za) of (t) 014 577 0005 (f) 088 014 577 0005
2. Deponeer in die bankbesonderhede hieronder en faks depositostrokie na 088 014 577 0005

### Bankbesonderhede • Bank details

Kejafa

ABSA 405 693 42 45

Takkode: 632 005

Verwysing: Naam en van

### Kejafa Boek Agentskappe • Kejafa Book Agencies

Obaro: Magaliesburg • Wonderboom • Pretoria • Brits • Zenobia's Coffee Shop Magaliesburg • Femina Hospital Coffee Shop  
• Jakaranda Hospital Coffee Shop • Mafura Agri (Lichtenburg) • Binnekort in Afgri takke.


# LANGSIG

SA BOERPERD STOET

SWELLENDAM



*Tel: 028 512 3604*  
*Sel: 083 314 0913*



*KOM BESOEK*  
*ONS ENIGE TYD*

*Johan & Marieta*  
*Langenhoven*



Rakker

Zambesie



Wielewaal

Westewind

Woema



Oppas

Ziegmund

Kokkewiel



Rebel

Jongleur

Juris

Kristal

Top Perde geteel uit die  
**LANG CAREL STOET**

Jan van der Wath 082 331 6941 [janvdwath@gmail.com](mailto:janvdwath@gmail.com)



**Basta**



**Tiptol**



**Kalant**



**Primaruus**

# Tourism

John Garth

## The South African Boerperd

A Legacy

All round "Action Horse"  
All round "Sport Horse"  
All round "Work Horse"  
All round "People Horse"  
All round "Trail Horse"  
All round "Fun Horse"  
All round "Utility Horse"

All HORSE

Efficient, durable, robust, hardy, reliable, versatile, willing, enduring, exciting, "*never say die*", are but a few terms and a phrase that instantly flash through my mind at the mention of the South African BOERPERD.

Its like looking at a "Big Heart" with a horse attached to it whenever it is, I take to spending time with them and experiencing them carry up to one whole third of their body-weight over a distance of 30km on a trail or pleasure ride. This breed is 'amazing'...

Having survived almost been 'lost' to us from the Anglo Boer war, the Boerperd has made a remarkable comeback a come back – that is leaving a big impression amongst its counterparts. The Boerperd have a humbling effect on all those that witness their ability to go that extra, give their all...and keep coming back!

I first came across them some four years ago and got floored at the instant, somewhat romantic relationship that begun to develop. I had become slightly 'numb' to horses when I responded to one of God's very precious secrets – the Valley of 'Moolmanshoek' in the Eastern Free State.

# Toerisme

John Garth

## Die Suid-Afrikaanse Boerperd

'n Erfenis

Veelsydige "Aksieperd"  
Veelsydige "Sportperd"  
Veelsydige "Werksperd"  
Veelsydige "Mensperd"  
Veelsydige "Veldritperd"  
Veelsydige "Pretperd"  
Veelsydige "Gebruiksperd"

Totaal PERD!

Doeltreffend, duursaam, robuust, gehard, betroubaar, veelsydig, gewillig, opwindend, "*never say die*", is maar net 'n paar terme wat dadelik deur my kop flits wanneer melding gemaak word van die Suid-Afrikaanse BOERPERD.

Dit kan selfs beter beskryf word as 'n "Groot Hart", met 'n perd daaraan vas! 'n Perd wat tot 'n derde van sy eie liggaamsgewig oor 'n afstand van 30km (uithourit of plesier-rit) kan dra. Hierdie perderas is ongelooflik...

Nadat die Boerperd as ras, na die Anglo-Boereoorlog byna uitgesterf het, het die ras nou 'n merkwaardige terugkeer gemaak en hierdie terugkeer het baie positiewe indrukke in perdekringe gelaat. Dit is met nederige bewondering wat mense die Boerperd se vermoëns opmerk ... daardie vermoë wat hulle die ekstra myl laat hardloop, en weer en weer terugkeer!

My eerste ontmoeting met die Boerperd was sowat vier jaar gelede en die onmiddellike, amper romantiese verhouding wat ontstaan het, het my sprakeloos gelaat. Ek was so te sê stomgeslaan deur die kennismaking met een van God se baie spesiale geheime – die Moolmanshoekvallei in die Oos-Vrystaat.

On arrival it was certainly that distinct... 'I've come back home' feeling, experiencing the most unusual 'cabaret of lightning' in the sky. I watched it dance its dance above me as I became filled from below with the warmest embrace from the land. It was then that I felt them inside of me... the very special, rather aloof 'Boerperd'...

I have indulged myself fully in all the beauty of Moolmanshoek, its surrounding area and the amazing Nel-family since then, as have many visitors, both locally and from abroad. It has shown itself to be the most of most homely and hospitable tourist and family destinations.

'Mr Large and In-Charge', Wiesman Nel, son of proprietor, Willie Nel, is the very modest 'main man' with whom all of the Boerperd operation at Moolmanshoek is connected to.

After four years I'm still unable to completely capture the detailed enormity of his operation and how he has single handedly developed with his Boerperd, a service to his land, his work, his staff, his scholars and especially to all those many visitors that have travelled to Moolmanshoek. The Boerperd, for all its worth have with Wiesman, established themselves as stable and reliable servants to the tourism industry of South Africa, ones that Moolmanshoek have ensured are here, and here to stay. The growing numbers of Boerperd on the farm of all ages, both genders, varied blood types and the selection of a good quality stamp of 'horse' that roam freely on the mountains, across the plains and in the valley, is the commitment the Boerperd have to Wiesman and Wiesman to tourism.

The term 'Natural Horsemanship' is all the rage of late, the new(ish) buzzword highlighting all amongst the 'horsie people'. Its been marketed into a coma, commercialized and pumped into every aspect of dealing with a horse and.. thats very 'nice'... uh, what is 'natural horsemanship'? When is one a 'natural horseman', what does a 'natural horseman' look like, how is 'natural horseman' applied... who is this 'natural horseman'?

In todays consciousness its 'the term' or the 'identity' we are expressing, in our relationship with horses and nature,

Met my aankoms het ek 'n byna "tuiskoms" gevoel ervaar, veral by aanskoue van die "toneelspel van lig" aan die hemelruim. En terwyl ek kyk hoe die sonstrale dans, word ek omvou deur die aarde se warmte. En daarmee saam, die hart van die "amper eensydige" Boerperd... Ek het myself behoorlik versadig in die natuurskoon van Moolmanshoek, die omliggende area en die Nel-gesin - en so het sedertdien ook menige besoeker, plaaslik en van die buiteland. Dit is beslis een van die "huislikste" en gasvryste toeriste-aantreklikhede wat ek ken.

Die hele bedryf van Moolmanshoek en sy Boerperde draai rondom "Mr Large and in Charge", Wiesman Nel, seun van die eienaar, Willie Nel. Nou, na vier jaar, sukkel ek steeds om te begryp hoe hy man-alleen hierdie enorme besigheid bestuur - totaal in diens van sy plaas, sy werk, sy personeel, sy leerlinge en veral die besoekers aan Moolmanshoek. Met Wiesman aan die stuur, het die Boerperd homself in die Suid-Afrikaanse Toerismebedryf gevestig as 'n stabiele en betroubare dienaar. Die groeiende aantal Boerperde van alle ouderdomme, beide geslagte en verskillende bloedlyne wat vrylik op die plaas rondbeweeg, getuig van die toegewyde verbintenis tot toerisme deur Wiesman en die SA Boerperd.

'n Term wat deesdae vrylik in perdekringe gebruik word, is "Natural Horsemanship" - Die mens met 'n natuurlike aanvoeling vir perde. Die gedagte het egter in 'n kommersiële veldtog ontaard en word deesdae te maklik gekoppel aan talle aspekte van die perdebedryf. Maar wat word nou eintlik bedoel met die "Natural Horsemanship"? Wanneer is 'n persoon 'n sogenaamde perdemeester? Waarna word gekyk en hoe word dit toegepas? In moderne idioom word daarna verwys as die verhouding met die perd en die natuur, in aggenome dat die twee aspekte vir baie lank van mekaar verwyder was. "Natural Horsemanship" is 'n baie kragtige uitdrukking, maar ook 'n baie welkome konsep - iets waarna ons almal lankal streef.

Ek verkies om dit baie eenvoudig te benader - "die verhouding tussen perd en mens in harmonie met die natuur", en van daar af 'n magdom ander aspekte. Maar die naaste wat ek nog kon kom aan egte "Horsemanship" is

given that they have been separated for so long. 'Natural Horsemanship' is a very powerful expression and a very welcoming one, long awaited for and, by all! For me, I keep it simple - 'nature connecting horse and man in a ('relation') ship.' From there it can be anything, although, having a look, see and experiencing the life of a Boerperd at Moolmanshoek, gets me the closest to what is surely the 'truth' of natural horsemanship.

It was then that the sense of it started coming through: left so completely in touch with its natural environment, the 'horse' will allow you in and closer to it. At Moolmanshoek being so close to the Boerperd in its natural environment and having to interact with them on their turf, I began to witness their reliability. It was without fail that the Boerperd I was with, would reflect an aspect of 'me' to me. I was impressed at how much this animal friend was doing for me. I was (or so I thought) schooling one of them, as it happened, it was me that was being schooled, schooled in a process nature has designed through its kind to guide 'me' into balance.

The Boerperd, beneath its ruggedness showed through its gentleness, the truth about 'me' and all that I have been concealing and denying. It was a huge revelation and yes, the truth is not always the prettiest picture. Through some gruelling experiences I have managed to get to this point, where I can reflect back and see what it took many of my 'Boerperd' companions, to show their depth and efficiency. (I even got to see the 'nice' me... wow!)

Hands on, personal experience is always the most thorough teaching, and this is what I have been blessed with in my time at Moolmanshoek. Going on a full moon ride for the first time with a group of twelve people, trotting, cantering and galloping across a field that in daylight revealed itself to have many holes in it, holes that serve as homes to the Meerkat and other wonderful underground home creatures. The Boerperd never stumbled, tripped or fell into any of the holes – phenomenal! It made me gasp at the thought, but more importantly it also invited me to 'trust', trust that these Boerperd have been imagined, created, raised and have roamed these lands for eons – they know how to move through it, over it, down it – night and

wat ek tussen die mense en perde van Moolmanshoek ervaar het. Dit was daar wat dit vir my begin sin maak het – waar die perde, in hul natuurlike omgewing die mens "toelaat" om nader aan hom te beweeg. En dit was daar op Moolmanshoek, eers toe ek met Boerperde in hul natuurlike omgewing begin werk het, dat ek begin besef het hoe geweldig betroubaar die SA Boerperd is. En sonder uitsondering, kan ek getuig dat elke perd waarmee ek kennis gemaak het, my iets oor myself kon wysmaak. Ek was uiters beïndruk deur die lojaliteit van hierdie diere-vriende. Terwyl ek besig was om 'n perd af te rig (so het ek gedink), het ek tot die besef gekom dat die perd eintlik besig was om my af te rig, en deur 'n subtiele proses, geskep deur moeder natuur, het ek die "balans" gevind.

Die Boerperd, alhoewel ongekunsteld, is baie saggeaard en deur middel hiervan het ek 'n paar waarhede omtrent myself ontdek – dinge wat ek voorheen lief weggesteek en ontken het. Dit was vir my 'n openbaring, en ja, die waarheid is nie altyd die mooiste prentjie nie. Eers na 'n hele aantal veeleisende ervarings kon ek hierdie openbarings erken en verwerk. En dit deur die ervaring van die diepte en doeltreffendheid van my Boerperd-vriende (ek het selfs die mooi in myself ontdek... sjoel!)

Die beste leermeester bly maar praktiese, persoonlike ervaring, en hiermee is ek ryklik geseën tydens my verblyf op Moolmanshoek. Deel van 'n groep van twaalf ruiters en perde, het ek 'n perderit in die maanlig meegemaak. Ons het gedraf, galop en selfs 'n jaag-galop aangedurf. Ek was verbysterd toe ek daarna die terrein waaroor ons gery het in die daglig sien – oortrek met gate (die tuiste van meerkaie en ander grondbewoners)! Toe eers het ek besef tot watter mate 'n mens die Boerperd kon vertrou! Vertrou gekweek deur die jare waarin die Boerperd op hierdie terrein geleef, aangeteel en grootgeword het. Dit is in hierdie terrein waar hulle, vir wie weet hoe lank, geleef en beweeg het, dag en nag, nat of droog, winter of somer! Ek het geen opsie gehad nie, as om maar net terug te sit en die rit te geniet – op die rug van 'n betroubare, vasvoetige Boerperd!

In en rondom die Drakensberg en Maluti-berge, het ek 'n paar twee- en drie-dag roetes saam met Wiesman en sy "kavaliër vriende" onderneem. Dit was nou regte "trail



day, wet and dry, I had no option really, just enjoy the ride and enjoy riding trustfully and properly.

We have done some good two and three day trail riding in and around the Drakensburg/Maluti mountains. It was to be true 'trail blazing'..with Wiesman, his awesome cavalier friends and sitting on a Boerperd setting the trail 'a blazing', it looked to be 'oooo la la' not for the faint-hearted, yet even with our faint hearts, astride bold Boerperd that are 'all' heart, the trails turned out to be a breeze in the blaze. There was absolutely nowhere they would not go. Every direction we pointed them-up the mountains, down the valleys, across the rivers and streams, through narrow rocky gorges they went, regardless of the footing, or rather lack of, the Boerperd advanced. There were many areas we faced, I'm sure no man would consider going over on foot, never mind on a horse, but so what...off we sauntered, meandering happily, sometimes charging over those rather treacherous and unfriendly terrains on Boerperd that showed nothing less than willingness. They were fearless, and thats what helped us overcome what fears we had.

It's what I always took away with me after every trail with a Boerperd, the value they taught me of being willing, willing to the power of 'I can'. The saying "even a blind man can do it", is true to its very word when dealing with a Boerperd. We had the privilege of being in the company of a very special man, a very special blind man who joined us on a two day trail down Drakensburg way with his 'some other breed' horse. It started as a very rainy, muddy and compromising ride with everyone slipping and sliding all over the place, really working hard to get up and down the passages that became available which, on a dry day would be relatively easy. We knew we had our work cut out for us and so did the horses. Sadly, the 'some other breed' horse dropped his blind rider and he was given a Boerperd to ride.

It was 'ride over' from there, never a doubting moment, what a true master, the Boerperd rose to the occasion and kept his spirited blind rider safe, and as if he could see all that was happening around him. The Boerperd had become his 'eyes'. In our own private time each of us tried

*blazing*" – die uitmerk van nuwe roetes. Beslis nie vir bangbroeke nie! Maar op die rug van betroubare Boerperde, het selfs ons bangbroeke die roetes maklik voltooi. Daar was eenvoudig net geen plek waar die perde nie kon op of af nie. In enige rigting, berg-op, af in die valleie, deur riviere en waterstrome, deur nou rotsagtige klowe het hulle met die grootste gemak beweeg, ongeag die vastigheid (of gebrek daaraan) van die terrein. 'n Hele paar plekke sou mense nie eers te voet aangedurf het nie, wat nog te sê op die rug van 'n perd! Maar nie hierdie perde nie! Deurentyd gewillig, vreesloos, op 'n slentergang of jaaggalop oor gevaarlike terrein. En op die rug van 'n vreeslose perd, het ook ek my vrese oorwin.


Na elke rit, is ek opnuut herinner aan die waardevolle les wat net die Boerperd my kon leer – die les van gewilligheid, die krag van "ek kan..."

Die spreekwoord, "Selfs 'n blinde kan dit doen", is in alle opsigte waar wanneer die Boerperd ter sprake kom. Ek het die voorreg gehad om 'n rit saam met 'n baie spesiale persoon mee te maak – 'n blinde man wat op 'n twee-dag rit in die Drakensberge by ons aangesluit het. Sy perd was van 'n ander ras. Die dag was reënerig, nat en modderig, met ruiters en perde wat gly en struikel. Almal moes regtig hard werk om aan die gang te bly oor terrein wat in droë toestande relatief maklik begaanbaar was. Maar in die nattigheid was dit 'n ander storie, vir ruiters en perde. Ongelukkig, het die blinde ruiter se perd hom afgegooi, en ons het hom toe 'n Boerperd laat ry. Van daar af, was dit alles piekfyn – nie 'n oomblik se huiwering nie, en soos 'n ware meester het die Boerperd uitgestyg in die oomblik, sy blinde ruiter veilig en so opgewonde asof hy alles rondom hom kon sien. Die Boerperd het sy "oë" geword! Elkeen van ons het in 'n private oomblik probeer om met geslote oë te ry en daardeur te ervaar wat die blinde ruiter ondervind het, maar die volle omvang daarvan sal 'n siende persoon nooit ervaar nie. Slegs ons blinde vriend, op die rug van daardie Boerperd, weet hoe dit voel om in totale donkerte, die lig te ervaar van die perd onder hom. Ekself het die blinde man se perd vir 'n rukkie gery, en ek was baie verlig toe ek na heelwat gemor, weer my eie perd kon bestyg.

For action photos of your horses taken on your farm, contact:

# The Photoshop

Cell. 082 409 8668



P.O. Box 2274 - Bethlehem - 9700



with Photography by

*Martin Coetzee*

Make a poster of your horse ...

Group photo of your horses ...

Action photos of your horse ...




Maak 'n poster van jou perd ...

Groepfoto van jou perde ...

Aksiefoto's van jou perd ...

## HESSEKWA STOET SWELLENDAM HESSEKWA AQUA




TEMPERAMENT IS ONS OOGMERK, DIE RES IS 'N BONUS!

082 5575 696

# Labella

## S.A. BOERPERD STUD



QUALITY HORSES • OUTSTANDING TEMPERAMENT • SUPERB MOVEMENT

Wilko and Marlene Klingenberg  
Labella Esparanza Farms, P.O. Box 24, Luneburg, 3183  
Mobile: 082 451 9532 • Tel/Fax: 034 995 0029 • E-mail: [wekling@gmail.com](mailto:wekling@gmail.com)



riding with our eyes shut to 'try' experience the density of riding without eyes but, we will never know. Only our blind riding friend and that Boerperd will know what it is like to ride in darkness, guided by their true light. I was given the 'some other breed' horse to ride for a while and was soon relieved of it after some serious grumbling by myself took place.

There are always people at Moolmanshoek, some that have never gone further than looking at a horse. To cut many, very long stories short, we successfully got to teach complete novice or rather less than novice non-starters, to get on and ride a horse, ride a Boerperd...properly. Those people ages from 14 - 62 years, and I've seen them start as young as 3, sitting with their riding parent or with Wiesman going on some very busy outrides. There was always something so gracious when that smile of a learner rider told the whole story. Having taught those lovely people on those lovely horses to ride in open, unrestricted spaces, was once again a confirmation that working with Boerperd, I was able to savour their patience and their perception to recognize each individual person's limited ability to ride. The Boerperd brought a matching standard to help each rider gain confidence, trust and a newfound hunger to keep riding.

Offering to entertain visitors and tourists from all over the world, I knew we were at the right place with the right breed of horse for each and every person, regardless of 'can or can't to realise a special moment of riding freely with nature on a horse, feeling the freedom of their souls.

Schooling a Boerperd takes the frustration out of 'frustration' ...their impulses are tuned, their responses instantaneous and their spirit alive. They bare no grudges and show you their all. They are quick to learn and even quicker to un-learn what wrong they have been taught through ignorance or innocence. To school a Boerperd is to school yourself. Don't ask of a Boerperd to do what you are not prepared to do. If ever you rode a Boerperd in the Boer war, you will know why it is rated all round 'superior' breed – many other breeds came, many other breeds tried... they all failed.

Daar is altyd besoekers op Moolmanshoek, en baie van hulle het tevore slegs van ver af na perde gekyk. Om baie lang stories nou kort te knip: ons het baie, totaal onervare beginners, geleer om perd te ry, behoorlik te ry, op 'n Boerperd! Mense wat wissel tussen ouderdomme 14 en 62 jaar, en ek het gesien dat kinders so jonk as 3 jaar saam met 'n ouer, of saam met Wiesman, op besige plesierritte hulself goed van hul taak kwyt.

Daar is niks so aangenaam as die glimlag van 'n tevrede beginner ruiter nie! Daardie glimlag alleen vertel die hele storie. Hierdie beginner-ruiters het op lieflike Boerperde leer perdry, en nie in klein ingekampte arena's nie, maar in die veld, in die wye ooptes. Toe het ek opnuut die vermoë van die Boerperd ontdek om aan te pas by elke verskillende individu, hoe onervare die ruiter ookal mag wees. Die Boerperde kon gemaklik aanpas by elke nuwe ruiter en sodoende het die perde elke ruiter gehelp om selfvertroue te bou, en daarmee saam, die lus om sy rykuns te verbeter en aan te hou perdry.

Ek kon met groot vertroue aanbied om besoekers en toeriste van regoor die wêreld te vermaak. Ek was in die regte omgewing, met die mees ideale perderas tot my beskikking en elke persoon, sonder uitsondering, kon daardie spesiale oomblik ervaar wat 'n mens net ondervind wanneer jy op 'n perd se rug in die vry natuur is – die vryheid van gees, vir beide mens en perd.

Om 'n Boerperd af te rig, gebeur sonder die gewone "frustrasie" van perde afrigting. Hul reaksies is haarfyn en spontaan en hulle is lewendig en wakker van gees. Die Boerperd koester ook nie sommer 'n wrok nie, en sal sy ruiter alles gee, te alle tye. Dit is merkwaardig hoe gou Boerperde leer, maar wat selfs van groter waarde is, is die feit dat hulle net so gou "foute" afleer. Om 'n Boerperd af te rig, is eintlik meer om "jouself" af te rig. Jy kan nie van 'n Boerperd iets vra wat jy nie self bereid is om aan te pak nie. Diegene wat tydens die Boere-oorlog Boerperde gery het, sal kan getuig van hul absolute veelsydigheid, om die waarheid te sê, 'n superieure perderas. Ander perderasse het op dieselfde terreine gekom en probeer, en... misluk.

I remember one André Ferreira taking his Boerperd to International 'A' Grade Showjumping level. His 15 'something' hand Boerperd jumped 15 'something' heart out of his competition. Is there anything that can stop a Boerperd, given the dedication, the time and the belief? For me? No!

When the Boerperd makes itself available to be utilized, one looks at it and says: "that makes for a good utility horse", mainly because it's made itself available with ability-ability equals utility. At Moolmanshoek most of the work done around is done on foot or on horseback, so on the Boerperd its all working with the horses, the game, the lands, the fences, the walking trails, the 4 x 4 trails, the cattle and other livestock, putting out raging fires, getting to the high points of the mountain range or going to church to get married. The Boerperd at Moolmanshoek are fully utilised to get you 'there', get the job done and done with promptness and efficient happiness.

When one is to identify with 'true horsemanship', one is to witness Wiesman, a piece of bailing twine and a Boerperd – no saddle, no bridle, no proper reins-just him, his Boerperd and this twine, go off at a good strong gallop, round up some strayed horses, herd them safely back into their camp, gallop back, jump off, catch his breath and from his heart, one hears the words: "God I love these Boerperd"... only then does one really know the feeling of standing before a true horse and true man working with each other, serving God....

Forever live the South African Boerperd – Forever love Moolmanshoek...

### **Wild at Heart, Free in Spirit With love John W Garth**

(this article was written by a 'pilgrim', who one day, happened to pass through Moolmanshoek and the Boerperd, pass through him...the effect is as you have read it)

Ek onthou hoe André Ferreira sy Boerperd ingeskryf het vir 'n Internasionale A-Graad Perdespring-kompetisie. Sy perd, slegs 15 hande hoog, het "gate deur die opponente" gespring! Daarna was ek oortuig – kan enigiets 'n Boerperd stop? Inaggenome, die Boerperd se toegewydheid deur die jare, glo ek ... niks!


Op die keper beskou, lyk die Boerperd na 'n baie goeie werks- en gebruiksperd. 'n Perd se vermoëns verhoog natuurlik sy gebruikswaarde – baie korrek in die geval van die Boerperd. Op Moolmanshoek word meeste van die plaaswerk te voet of te perd gedoen. Die Boerperde op dié plaas is almal werksperde. Hulle word gebruik tussen die wild, om drade te span, lande te bewerk, voetslaanroetes na te gaan en selfs op die byna onbegaanbare 4 x 4 roetes word hulle ingespan. Die perde word gebruik om mee beeste en ander vee te werk, veldbrande te beveg en ry tot op die hoogste punt van die berge – selfs vir kerktoe gaan en huweliksbevestigings word hulle ingespan! Die Boerperde op Moolmanshoek is 'n 100% gebruiksperd – dis die perd wat die ruiter kry waar hy wil wees, en dit met vuur, doeltreffendheid, wilskrag en tevredenheid.

Om 'n ware "horseman" te identifiseer, kan jy maar kyk na Wiesman Nel, met net 'n stuk baaltou en sy Boerperd – sonder saal, geen toom, en sonder behoorlike teuels. Net hy, sy Boerperd en 'n stuk tou. Hulle trek weg op 'n jaaggalop, keer 'n paar uitbreek- perde aan en stuur hulle veilig terug na hulle kamp, galop terug, spring af en voordat Wiesman sy asem mooi terug het, kom die woorde uit sy hart – "God, I love these Boerperd!" Slegs dan kom 'n mens tot die besef dat jy hier met 'n ware perdemester te doen het! 'n Ware perd en 'n ware perdemester in perfekte harmonie in diens van God ....

Lank leef die Suid-Afrikaanse Boerperd – Ewige liefde op Moolmanshoek...

### **"Wild at Heart, Free in Spirit!" Met liefde John W Garth**

(Hierdie stuk is geskryf deur 'n pelgrim na 'n besoek aan Moolmanshoek en sy Boerperde – en die indruk wat die Boerperde op hom gelaat het is vervat in die artikel soos wat hierbo beskryf is).





*Martin Coetzee*

## Individual selection, aiming for conformity and refinement

Jan van der Wath

The SA Boerperd is unique as breed because all young horses, even if they have registered parents and were registered as foals, are subject to individual inspection and selection at the age of two-and-a-half years. Selectors are appointed by the board on an ongoing basis.

At the foundation meeting of the Society in 1973, it was decided to establish a selection system. The aim was to refine the breed, and this process still continues. It was a difficult process during the first years. Different bloodlines were thrown together, each with its own set of qualities and characteristics. At the onset, different types were noticed and some types had to be eliminated, while continuing with the process of refinement. Other breeds, like the Arabians, are able to import horses in order to establish new genes and bloodlines. This is unfortunately not the case with the SA Boerperd.

During the early years, the selection was a difficult process because of the distinctively different bloodlines. The selectors had to know and be able to distinguish between the different bloodlines. Each bloodline had a distinctive head, and typical or dominant colour. Some of the bloodlines could be distinguished by a typical gait or movement, according to their origin. For example: The Cloete horses from the Bamboes Mountains, the A2's from Utrecht and the Odendaal horses on the Lesotho border, each had a unique gait. The Hancke horses, originating from the Highveld plains, were mostly three-gaited horses. It was decided to establish uniform breed standards, while allowing the unique characteristics from the different bloodlines. For example, it was decided to aim for a flat head with wide-set ears.

## Individuele keuring met die oog op veredeling en eenvormigheid

Jan van der Wath

Iets wat baie eie en uniek is aan die SA Boerperd is dat alle jong perde, al het hulle geregistreerde ouers en het vulregistrasie deurgaen, vanaf die ouderdom van twee en 'n half jaar 'n inspeksie en individuele keuring moet deurgaen. Hiervoor wys die Raad voortdurend keurders aan.

Reeds op die stigtingsvergadering van die Genootskap in 1973 is daar besluit op 'n stelsel van keuring. Die doel was om die perd te veredel en daarmee is ons steeds besig. In die eerste jare was dit 'n moeilike proses. Jy het verskillende bloedlyne bymekaar gekry – elk met sy eie kenmerke en eienskappe. Daar was dus aanvanklik ook verskillende tipes en dit was nodig om ongewenste tipes uit te skakel, maar steeds besig te wees met 'n proses van veredeling. Ander rasse, soos byvoorbeeld die Arabierperd, kan perde invoer om nuwe bloedlyne en gene in te bring. Dit is egter nie met die SA Boerperd die geval nie.

Met die duidelik onderskeibare bloedlyne in die beginjare, was keuring 'n delikate proses. Die keurders moes die verskillende bloedlyne ken en kan onderskei. Elke lyn het sy eie kenmerkende kop en tipiese of oorwegende kleur gehad. Van die bloedlyne se gange en beweging het selfs verskil, na aanleiding van hulle oorsprong. So byvoorbeeld het die Cloeteperde uit die Bamboesberge, die A2's uit Utrecht en die Odendaalperde teen Lesotho se grens, elkeen 'n eie kenmerkende gang gehad. Die Hanckeperde afkomstig van die Hoëveldse vlaktes was weer oorwegend driegang perde. Daar is toe besluit om al die bloedlyne se unieke kenmerke in ag te neem, maar tog ook eenvormige rasstandaarde daar te stel, soos byvoorbeeld dat die profiel van die kop plat moet wees en die ore wyd geplaas.



The training of selectors is a very strict process, and some selectors have over 30 years of experience. Thus, the Society has much confidence in the selectors and the system. If it were not for the selection system, a new breeder, entering the market, would only get the "throw-outs". The system therefore, also protects the less knowledgeable. A newcomer may not always buy the best, although the horse would still meet the minimum breed standard.

Selection stays important, and even then, mistakes are sometimes made. The selection process does not stop with the selectors, but is also the responsibility of the breeder. Selectors cannot really establish the temperament of a horse. There are numerous aspects that the breeder himself must keep in mind when doing a selection in his own stud – does the horse become excitable or lazy, does it bite and kick, to name just a few. It is the responsibility of the breeder himself, to look for and breed a willing and trustworthy horse that can be of service and use to the rider. The horse should not have any vices. A selector also cannot determine milk production and mothering instinct in a mare. Every breeder should be a knowledgeable selector – the panel of selectors can basically only judge the conformation and visible characteristics in a horse.

The important question remains – what are the selectors looking for? They work according to breed standards. Before a selection tour, the selectors get together for discussion and training is done continually. At the end of a specific year's selection, the selectors again have an intensive discussion session. They discuss problems and take note of general tendencies. For example, it could be that horses from a specific area have leg faults, weak hooves or even sickle hocks. During this process, the selectors also learn from one another.

The system is based on points awarded for specific characteristics. The conformation of each horse is judged from head to toe. Each section counts 100 points, thus a percentage point is given for each of the following: head, neck, forequarter, shoulder, chest, front legs, middle, hindquarter, hind legs and hooves. The very first point awarded is for the general appearance of the horse, and the different

# Die Merk van kwaliteit



## Die Boerperd brandmerk:

waarmeder van die  
ware SA Boerperd

Sonder die B-brand  
is dit nie 'n ware  
SA Boerperd nie.



Skakel Sonja by  
SA Boerperdtelegenootskap  
Tel: 051 430 2456  
Epos: [sonja@studbook.co.za](mailto:sonja@studbook.co.za)  
[www.saboerperd.com](http://www.saboerperd.com)

body parts after that. A mark is given for movement and in this section, long, springy steps and natural motion is desirable. A minimum pass mark serves in each section.

The minimum pass requirements differ for horses of different gender. The requirements for stallions are higher because he carries prepotency. All stallions must achieve an average mark of 75%, with no less than 70% in any section. A stallion that does not pass the selection process as a two-year-old, may be carried over to the next year. Only horses with serious faults are disqualified. Stallions may not be shod for the selection, because shoeing is often an attempt at hiding faults. Hooves should be well looked after, filed down and finished properly.

Mares are selected on an average mark of 70%, with a minimum of 65% in each section. Mares also do not have to be selected at two-and-a-half years, but should be done by four years. The ideal age for selection is at three-and-a-half years, because at this age, the selectors are usually happy to brand a horse.

For geldings, functional efficiency and general appearance is very important, although the pass requirements are lower, namely 65% on average, and 60% in each section. For geldings, more room for variations is allowed, for example, children's horses are smaller, and jumpers are usually bigger. Because the general purpose horse is also an ambassador for the breed, bad scars and injuries on a gelding, may also be cause for disqualification. On the other hand, a stallion with scars from injuries (through wire, for example), will pass the selection if he has other good qualities that will be carried on through breeding.

The Society and selectors are very excited about the new system of central stallion selection. All the stallions from a specific area are assembled – this usually coincides with a regional show. This has many advantages. "You, as the breeder, are able to judge your own horses against the others." It is also valuable to the selectors because a uniform standard is established and used. A young horse, at two-and-a-half years won't be rejected easily. "We do not necessarily want fat horses, but rather horses in good

Die opleiding van keurders is 'n streng proses en van hulle het al tot 30 jaar se ondervinding – daarom kan die Genootskap baie vertrouwe hê in die keurders en die stelsel. Was daar nie iets soos keuring nie, sou 'n nuwe teler wat inkom net die uitskot kry. Die stelsel is dus ook daar om hulle te beskerm wat nog onkundig is. 'n Nuweling koop nie altyd die beste nie, maar so 'n perd voldoen darem aan die minimum rasstandaard.

Keuring bly steeds belangrik, foute kan nog altyd insluip. Keuring eindig ook nie by die keurders nie, maar berus ook in 'n groot mate by die teler self. Keurders kan nie werklik bepaal of die perd 'n goeie temperament het nie. Daar is soveel faktore waarna die telers self moet kyk en voor moet selekteer – is dit 'n perd wat warm word of lui raak, of dalk byt en skop, om maar enkele sake te noem. Dit is die teler se eie verantwoordelik om te teel en te soek na 'n flukse en betroubare perd wat vir hom tot diens en nut kan wees en nie allerhande streke het nie. Voorts kan 'n keurder ook nie melkproduksie en moedereienskappe bepaal nie. Elke teler moet ook 'n keurder in eie reg wees – die keurders kan basies net die bouvorm bepaal en beoordeel.

'n Belangrike vraag is: Waarna kyk die keurders? Hulle werk volgens spesifieke rasstandaarde. Die keurders kom voor keuringstoere bymekaar om te beraadslaag en kursusse word voortdurend deurloop. Daar is ook 'n keurders-verslagboek wat ingevul moet word. Na die spesifieke jaar se keuring, word daar na die tyd gekyk na alles en saam beraadslaag. Probleme word bespreek en daar word gelet op algemene tendense wat waargeneem is. Dit kan byvoorbeeld wees dat daar in sekere streke opvallend meer sekelhakke, beenfoute of swak hoewe opgemerk is. In hierdie proses is die keurders ook besig om mekaar voortdurend op te skerp.

Die stelsel werk op 'n basis van punte-toekenning. Elke perd se bouvorm word beoordeel van sy kop tot by sy stert. Elke afdeling tel 100 punte, dus word 'n persentasiepunt gegee vir elk van die volgende: kop, nek, voorkwart, skouer, bors, voorbene, middelstuk, agterkwart, agterbene en hoewe. Eintlik word heel eerste 'n punt gegee vir algemene voorkoms en dan daarna vir die verskillende

liggaamsdele. Ook vir beweging word 'n punt gegee en hier word voorkeur gegee aan lang, veerkragtige tree en natuurlike beweging. In elke afdeling is daar 'n minimum slaagsyfer wat behaal moet word.

Hierdie minimum slaagsyfer verskil dan ook volgens die geslag van die dier. By hingste is die vereistes hoër omdat hy sy erfdwang oordra op 'n aantal merries. Enige hings moet 'n gemiddelde persentasie van 75 hê, sonder om in een afdeling minder as 70 persentasiepunte te verdien. Indien hy nie op twee jaar ouderdom slaag nie, kan hy oorstaan tot 'n volgende jaar. Slegs perde met ernstige foute word afgekeur. Hingste mag nie beslaan wees by keuring nie, want hoefbeslag kan 'n manier wees om foute weg te steek. Hoewe kan wel mooi versorg, afgewerk en gevyl wees.


By merries is daar 'n algehele gemiddelde minimum van 70% , en 65% by elke afdeling. Perde hoef ook nie op twee en 'n half jaar gekeur word nie, maar dit moet liefers op vier jaar gedoen wees. Eintlik word 'n ouderdom van drie en 'n half jaar verkies, dan kan keurders gelukkig wees daardie dag wanneer die brandmerk opgesit word.

By reunperde is funksionele doeltreffendheid en algemene voorkoms baie belangrik, hoewel die slaagsyfers laer is naamlik 'n 65% gemiddeld en 'n minimum van 60% in elke afdeling. Daar is ook baie variasies by reunperde waarvoor ruimte gelaat word, byvoorbeeld die onderskeid tussen kinderperde wat kleiner is en springperde wat weer groter is. Omdat so 'n gebruikspard ook 'n ambassadeur vir die ras moet wees kan erge letsels en beserings op 'n reunperd dalk maak dat die perd afgekeur word. Daarteenoor kan 'n hings met letsels van beserings (byvoorbeeld deur draad) wel gekeur word as hy andersins goeie eienskappe het wat deur teling oorgedra kan word.

'n Nuwe verwickeling waaroor die Genootskap en keurders baie opgewonde is, is die stelsel van sentrale hingskeuring. Al die hingste in 'n sekere streek word op 'n sekere dag – gewoonlik val dit saam met 'n streekskou – op een plek byeengebring om onder die oë van die keurders te kom. Dié manier van doen het baie voordele. “Jy as teler sien

# Burgerstrots


## STOET



condition that are well cared for.” This is fair towards the horse and the selectors. Being fair furthermore, the “veld conditions” of the breeder is also taken into account. To mention an example: “Selectors would expect to see a bigger horse from the sweet grass of the Bethal area, whereas a smaller horse would originate from the sour grass in the Dullstroom district.” At the central selection, it is expected that stallions are halter broken and able to move on a straight line. They are also let loose in the selection arena, for the selectors to get a better idea of their natural movement.

After a horse has passed the selection process, the unique branding mark of the SA Boerperd is placed on the right thigh. This branding is very important for marketing and it is a hallmark that breeders and the Society are very proud of. The branding mark – an upside-down horse shoe with a “B” on the inside – clears the way for any confusion, meaning: This is a SA Boerperd!

*Jan van der Wath is a founding member of the SA Boerperd Society, founded in 1973. He has been President of the Society several times. He has been appointed as life-long honorary vice-president of the SA Boerperd Society. He is also the chief selector and has many years of experience of the SA Boerperd, its history, and the way the selection process has developed over the years.*



Jan van der Wath

waar staan jy tussen ander, sonder dat iemand jou hoef te vertel kan jy sien, my perd is goed of dalk nie so goed nie”. Vir die keurders is dit ook baie goed. Een standaard word gehandhaaf en gevestig. ‘n Jong perd van twee en ‘n half jaar gaan nie sommer afgekeur word nie. “Ons wil nie noodwendig vet gevoerde perde hê nie, maar goeie kondisie en versorging”. Dit is billik teenoor die perd en die keurders. Billikheidshalwe word die veldtoestande van telers ook in ag geneem. Om ‘n voorbeeld te noem: “Van Bethal se soet wêreld verwag jy ‘n groter perd as byvoorbeeld in Dullstroom se suur wêreld”.

By die sentrale hingskeuring word verwag dat hingste haltermak sal wees en op ‘n reguit lyn kan beweeg. Hulle word ook in die keuringsarena losgelaat sodat keurders kan sien hoe hulle vry beweeg.

Wanneer ‘n perd die proses van keuring geslaag het, word die unieke en eie brandmerk van die SA Boerperd op die regterboud aangebring. Hierdie brandmerk is baie belangrik met die oog op bemerking en is die waarmerk waarop elke teler en die Genootskap trots wil wees. Die brandmerk – ‘n omgekeerde hoefyster met die “B” daarin – neem alle verwarring weg en stel dit duidelik: hiërdie is ‘n SA Boerperd!

*Jan van der Wath is ‘n stigterslid van die SA Boerperdtelegenootskap in 1973 en was ook al verskeie termynne die President van die Genootskap. Hy is onlangs benoem as lewenslange Ere-Vise-President van die SA Boerperdtelegenootskap. Hy is die hoofkeurder en het jare se ondervinding van die SA Boerperd, sy geskiedenis, en hoe die proses van keuring deur die jare verloop en gevorder het.*




Contact:  
Lorica Potgieter

Cell: 083 654 7917  
Tel: 034 21 82443  
Fax: 086 609 9196  
e-mail:  
[hein@trustnet.co.za](mailto:hein@trustnet.co.za)

PO Box 281  
Dundee  
3000

**LePona**  
SA BOERPERD STUD



# Breed standards

## A. General Appearance

### 1. Type

- Symmetrically rounded.
- Balanced animal, alert, high quality and noble in appearance.
- Hardy with a good constitution that will allow the animal to survive on natural grazing and as a working horse under saddle.

### 2. Quality

- High quality skin and hair.
- Clean, strong and dry legs.
- Strong skeleton.

### 3. Height

- Stallions - 14.2hh and heigher.
- Mares - 13.3hh and heigher.

### 4. Colour and coat

- Glossy, fine hair and dense coat of high quality.
- Black, brown, white, all shades of bay, all shades of chestnut, grey, dappled grey, palomino, all shades of roan and dun.
- Skin must be black and pigmented.
- No Albino, Appaloosa, blue eyes, loose white patches on body and white on the face that stretches past the eyes towards the cheeks (White face and blaze). A snip must be small and not covering too much of the muzzle (Sunburn). White on legs must preferably not be higher than the knees.

### 5. Temperament

- Calm, ambitious, trustworthy and alert.
- Intelligent and willing to serve its master.

### 6. Movement

- Medium to high knee action.
- Long strides with cadence that covers ground.

# Rasstandaarde

## A. Algemene voorkoms

### 1. Tipe

- Simmetries afgerond.
- Gebalanseerde dier, wakker, vol kwaliteit en adelik in voorkoms.
- Gehard met goeie konstitusie wat goed kan gedy op die veld en nie dun word onder die saal.

### 2. Kwaliteit

- Hoë kwaliteit vel en haar.
- Been skoon en vas, senings opvallend.
- Sterk skelet.

### 3. Hoogte

- Hingste 14.2hh en hoër.
- Merries 13.3hh en hoër.

### 4. Kleur en haarbedekking

- Fyn en digte haarkleed van hoë kwaliteit.
- Swart, alle skakerings van bruin, vos, blou en geel.
- Vel swart en gepigmenteerd.

### 5. Temperament

- Kalm, ambisieus, betroubaar, dog wakker.
- Intelligent en gewillig om die mens te dien.

### 6. Beweging

- Matige hoë, lang, veerkrachtige treë wat afstand dek.
- Agterbene wat goed onder die lyf inwerk en gewig van die voorkwart wegneem.
- Al vier bene moet spoor, met ander woorde reguit vorentoe beweeg wanneer van agter of van voor gesien.

### 7. Gange

- 3-Gang - stap, draf en galop.
- 5-Gang - stap, draf, galop, kortgang en trippel.
- Strykstap en strykgang kom algemeen voor in die ras.

- Hind legs must move well underneath body and must take the weight of the forequarters.
- Horse must track i.e. must move straight forward if looking from the front or behind.

### 7. Gaits

- 3-Gaits - walk, trot and canter.
- 5-Gaits - walk, trot, canter, short gait and rack.

### 8. Carriage

- Balance through all gaits.
- High and proud carriage.

## B. Forequarters

### 1. Head

- From the front the forehead is flat and broad, between prominent eye sockets with large, full, clear and shiny eyes.
- Ears must be of medium length, sharply pointed and placed fairly close together.
- Profiles must be straight or a little concave with prominently defined deep jaw and cheek bones, which are well muscled but not fleshy.
- Well cut out under the eyes up to the nose, nose bridge not fleshy.
- Large elastic nostrils.
- Muzzle must be strong, with broad healthy teeth with a straight bite. Sides must be deep with soft elastic lips.
- Prominent chin.
- Cheekbones must be wide apart with enough space for the windpipe.
- Head must not be fleshy, i.e. dry. The skin around the eyes, nose and muzzle must be soft and like velvet to the touch.

### 2. Neck

- A well-formed, supple and flexible neck. Finely chiselled of medium length.
- Wind pipe not fleshy i.e. dry and prominently defined with a loose connection.
- Sloping from above, smooth and attached high onto the shoulders.

### 8. Houding

- Gebalanseerd op alle gange.
- Hoë, vurige en trotse houding.

## B. Voorkwart

### 1. Kop

- Van voor is die voorkop plat en breed tussen die prominente oogbanke met groot, vol, blink en helder oë.
- Die ore is van middelmatige lengte, skerp gepunt en redelik naby mekaar geplaas.
- Profiel moet reguit of effens konkaf wees met die kaak diep en duidelik omlyn, wange gespierd, maar nie vlesig nie.
- Onder die oë goed uitgesny tot by die neus, neusbrug skoon van vlesigheid.
- Neusgate moet groot wees met elastiese neusvleuels.
- Bek moet sterk wees met breë gesonde tande wat reg opmekaar byt met diep, ingesnyde sykante, met lippe wat sag en elasties is.
- Prominente ken.
- Wangbene wyd uitmekaar met voldoende spasie vir die luggyp.
- Droë kop met die vel, om die oë, die neus en die bek sag en fluweelagtig.

### 2. Nek

- Mooi gevormde, buigbare en fyn-besnede, middelmatige lang nek.
- Luggyp droog, duidelik belyn met los aansluiting.
- Skuins van bo, glad en hoog aangesluit by skouers.
- Geboë mannekam by hingste, ook by merries, maar net fyner.
- Nek se bo-lengte moet langer as onderlengte wees.

### 3. Skouer

- Diep skouer wat skuins in die rug aansluit.
- Goed gespierd. Nie vlesige of los skouerblaaie nie.
- Kambeen moet prominent wees met goeie spieraanhegting.
- Kambeen moet hoër as die kruis wees by volwasse perde.
- Gemeet van die punt van die



- Arched crest in both stallions and mares, but mares must be finer.
- Top of neck must be longer than the bottom.

### 3. Shoulder

- Deep shoulder, sloping from where it attaches to the back.
- Well-muscled but not fleshy.
- Withers must be higher than the croup in adult horses.
- Measured from point of shoulder to the neck attachment, the measurement must be approximately 60° with ground level.
- Measured from the point of shoulder to the middle of the highest point of the withers, the measurement should be approximately 43° with the ground level.
- Measured from the point of shoulders to where the wither attaches to the back, must be approximately 40° with ground level.

### 4. Chest

- Deep chest, i.e. the horizontal line between the front legs must at least reach the elbow or come down lower.
- It must be of medium width and the point of the shoulders must be placed wide apart.
- Chest muscles must be well-developed with a prominent breastbone (sternum).

### 5. Arm

- Short and placed forward.
- The bottom point of the humerus must be placed parallel with the ribcage.

skouerknop tot by die aansluiting van die nek, is die skuinste ongeveer 60° met die grondvlak.

- Gemeet van die punt van die skouerknop tot die middel van die hoogste punt van die kambeen, ongeveer 43° met die grondvlak.
- Gemeet van die punt van die skouerknop tot die aansluiting van die kambeen is die rug ongeveer 40° met die grondvlak.

### 4. Bors

- Bors moet diep wees, dws die horisontale borsvloer moet tot op die vlak van die elmboog of laer afkom.
- Dit moet matig breed wees en die skouerknoppe moet wyd uitmekaar geplaas wees met die elmboë parallel teenoor die ribbekas geplaas.
- Borsspiere moet goed ontwikkel wees met prominente boeg of borsbeen.

### 5. Bo-Arms

- Bo-arms kort en staan na voor.
- Die onderpunt van die humerus moet parallel met die ribbekas geplaas wees.

### 6. Voor-arm

- Sterk, lank, breed en gespierd.

### 7. Knie

- Breed, diep en plat aan die voorkant.
- Droog.
- Sterk sentrale aansluiting by pypbeen.
- Seningankers opvallend en hard.

### 8. Pypbeen

- Sy-aansig: droog, kort, breed en plat.
- Vooraansig: Droog, plat en reg in die



## 6. Forearm

- Strong, long, broad and well muscled.

## 7. Knee

- Broad, deep and flat from the front.
- Dry, i.e. not fleshy.
- Strong and centrally attached to the cannon bone (off-set knee if attached on either side and not in the middle).
- Tendon anchors well defined and hardy.

## 8. Cannon bone

- Side view
- Dry, i.e. not fleshy, short and broad.
- Front view
- Dry, i.e. not fleshy, flat placed in the middle of the knee.
- Tendons well defined and prominent with strong attachment to the knee and fetlock if viewed from the side.

## 9. Fetlock

- Prominent and strong, broad, flat and dry.
- No excessive fetlock hairs must be visible if viewed from the side.

## 10. Pastern

- Medium length.
- Strong with an average of between 50° to 55° measured from ground level.
- Supple.

## 11. Hooves

- Medium-sized.
- Smooth, shiny with a dense texture.
- Thick hoof wall that indicates hardiness.
- Front and back hooves must be an average of 55°
- Hoof wall must be straight and not

middel van die knie geplaas. Senings (pese) prominent met sterk aanhegting by die knie. Van die kant gesien moet die peesaanhegting by die knie en koot breed en skoon wees.

## 9. Kootgewrig

- Sterk, breed, plat en droog.
- Van die kant gesien moet min, lang, koothare aanwesig wees.

## 10. Koot


- Middelmattige lengte.
- Sterk met gemiddeld van 50° tot 55° met grondlyn gemeet.
- Elasties.


## 11. Hoewe

- Middelmattige grootte (muil tipe hoef).
- Glad en blink met digte tekstuur.
- Dik wand wat van gehardheid getuig.
- Hoefgrade is gemiddeld 55° by voor- en agter hoewe.
- Hoefwand reguit en nie konkaaf geboë nie.
- Hiele hoog en wyd uitmekaar.
- Voorhoewe rond, agterhoewe ovaal in vorm.
- Sool konkaaf en hard.
- Straal sag en elasties.

## 12. Voorbeen

- Van voor moet die bene reguit wees sodat 'n loodlyn wat vanaf die skouerknop hang deur die middel van die knie, die pypbeen, die kootgewrig, die koot en die hoef loop.
- Voorbene moet sover as moontlik in die skouer na vore geplaas wees.
- Van die kant gesien moet die been vertikaal staan.





concave or convex.

- Heels must be high and wide apart.
- Front hooves round, and back hooves oval.
- Soles must be concave and hard.
- Frog must be soft and elastic.

## C. Mid section

### 1. Back

- Short, strong and well muscled.
- Mares may be longer in the back than stallions.

### 2. Rib cage

- A well-sprung, deep and oval rib cage with ribs placed as far as possible towards the flanks (i.e. horse must not be cut up in the flanks - "heirring-gutted").

### 3. Loins and flanks

- Loins must be broad and well-muscled and must be strongly attached to the croup.
- Flank must be deep and full.

## D. Hindquarters

### 1. Croup

- Croup must be long and well-muscled from the point of the hip to the point of the buttock.
- If viewed from the back it must be broad and round between the points of hips but the hip joints must not stand out prominently.
- The croup must slope a bit but the tail must be set high.
- Viewed from the side the croup must be nicely rounded.
- Hips must not be placed too closely together and the croup must not fall too sharply towards the back.

## C. Middelstuk

### 1. Rug

- Kort, sterk en gespierd.
- Merries kan ietwat langer in die rug as die hingste wees.

### 2. Ribbes

- Die hele ribgedeelte moet vol en ovaal-rond wees met ribbes naby mekaar.

### 3. Lende en flank

- Lende moet breed en gespierd wees en sterk aansluit by die kruis.
- Flank diep en vol.

## D. Agterkwart

### 1. Kruis

- Kruis moet lank en gespierd wees vanaf die heupknoppe tot die sitbene.
- Van agter gesien moet dit breed en rond wees tussen die draaibene, maar die heupknoppe moet nie prominent uitstaan nie.
- Die kruis hang effens, maar die stert moet redelik hoog aansluit.
- Van die kant gesien moet die kruis 'n mooi ronding wys.
- Heupe moet nie te naby aan mekaar wees nie en die kruis nie spits na agter loop nie.

### 2. Boude en dye

- Moet swaar gespierd wees en laag af strek na onder.

### 3. Skenkel

- Lank, breed en sterk gespierd.
- Moet so laag as moontlik strek na die hak.

## 2. Buttock and thigh

- Must be well-muscled, and must stretch low downwards.

## 3. Gaskin (second thigh)

- Long, broad and well-muscled.
- Must stretch as far as possible towards the hock.

## 4. Hocks

- Broad and flat, clean and deep.
- Must be indicative of strength and must be in proportion with the horse.
- Tendon attachments must be prominent.

## 5. Cannon bone (hind leg)

- Short, broad and clean.
- Tendon must be clean and the same thickness at the top and bottom.
- Cannon bone must be flat if viewed from the front.

## 6. Fetlock

- Same as for the front.

## 7. Pastern

- Same as for the front.

## 8. Hooves

- Oval-shaped.
- The rest must be the same as for the front hooves.

## 9. Hind legs

- Viewed from the back, the plumb-line must hang from the point of the buttock against the point of the hock, through the middle of the cannon bone, fetlock, pastern and hoof.

## 4. Hak

- Breed en plat, skoon en diep.
- Moet van krag getuig en in verhouding tot die perd wees.
- Aanhegtings prominent.

## 5. Pypbeen

- Kort, breed en skoon en plat (van die kant gesien).
- Pees moet skoon en ewe dik bo en onder wees.

## 6. Kootgewrig

- Sien voorkootgewrig.

## 7. Koot

- Sien voorkoot.

## 8. Hoef

- Ovaal in vorm.


## 9. Agterbeen

- Van agter gesien moet die loodlyn vanaf die sitbeenknoppe reguit ahang oor die punt van die hak, in die middel van die pypbeen, die kootgewrig, die koot en die hoef.
- Van die kant gesien moet die loodlyn getrek word vanaf die sitbene agter net teen die hak en die pypbeen ahang.





L  
E  
K  
K  
E  
R  
K  
R  
Y

# SUIWER ODENDAAL



# BLOEDLYN HERLEEF



**LEKKERKRY**  
Plaas Sandhurst  
Harrismith

Hoofkantoor  
Tel 012 259 1291  
Faks 012 259 0397

Frans Rootman  
William Bondesio  
Bonnita van Zyl

**ESKOL**  
Plaas Winkelhaak  
Harrismith

Tel 058 622 3205  
Sel 083 456 5705

Kobus &  
Minnie Odendaal  
Karina Odendaal

**E  
S  
K  
O  
L**

## Legendary and pioneer SA Boerperde

### Cloeteggo Eggo 2

The black-brown stallion, Cloeteggo Eggo 2, carries the distinction of winning the first, National Five-gaited SA Boerperd Championship, which was held at Vrede in the Free State in 1974. Eggo 2 was bred by Mr. Willem Cloete, of the farm Excelsior in the Molteno district.

This exceptional Boerperd, was used as a working horse in the farm activities of the Cloetes of Molteno, his main job being to carry salt-lick for the sheep up the Bamboes Mountains. A bag was thrown over his back, and he carried this and his rider with ease.

During 1970, Oom Willem Cloete had to leave the Molteno district because of a terrible drought. He relocated to Ermelo with 2000 sheep, 150 heads of cattle and about 12 brood mares that survived the drought. Johan, the son of Oom Willem Cloete, went to live with Mrs Mawiet van der Wath, in the farmhouse on the farm Welgelegen in the Ermelo district. Eggo was sent to the Transvaal to look after the sheep. He was the only means of transport that Johan Cloete had at the time. One of the flocks of sheep grazed on a piece of land across the Vaal River, about 12 km from Welgelegen, and Johan visited this flock regularly, riding Eggo. The horse could only rack (tripple), and Johan travelled the 12 km at great speed. Johan had a hasty nature, and therefore Eggo suited him very well.

Mr Jan van der Watt was greatly impressed by the horse, especially his ability to work. After Johan Cloete died tragically in a motor vehicle accident, the van der Waths wanted to buy Eggo, but he was already sold and gone. Jan van der Wath did not give up though, later found the horse in Calitzdorp and bought him on the spot. His plan was to prepare Eggo for the first national Boerperd Championships in Vrede. But for this, Eggo had to learn to trot under saddle! This was only achieved after many hours of effort and the ever loyal stable hand, Stolwaan, did a great deal of work on Eggo.

## Legandariese en baanbreker SA Boerperde

### Cloeteggo Eggo 2

Die swart-bruin hings, Cloeteggo Eggo 2, dra die onderskeiding dat hy die eerste nasionale vyfgangkampioenskappe van die SA Boerperde gewen het in 1974 op die skoubaan van Vrede in die Vrystaat. Eggo 2 is geteel deur mnr Willem Cloete van die plaas Excelsior in die Molteno-omgewing.

Hierdie Boerperd is in die Cloetes van Molteno se boerdery gebruik as 'n werksperd – om soutlek vir die skape in die Bamboesberge uit te dra. 'n Sak is oor die rug van die perd gelaai wat hy saam met die ruiter moes dra.



In 1970 trek Oom Willem Cloete weens 'n groot droogte vanaf Molteno na Ermelo met 2000 skape, 150 beeste en ongeveer 12 teelmerries wat die droogte oorleef het. Oom Willem Cloete se seun, Johan, kom woon by Tannie Mawiet van der Wath in die huis op die plaas Welgelegen, distrik Ermelo. Eggo is toe saam gestuur na die Transvaal om die vee op te pas. Dit was ook al vervoermiddel wat Johan Cloete gehad het. Die een trop het sowat 12 km van Welgelegen oorkant die Vaalrivier geloop en Johan het gereeld met hom soontoe gery. Die perd kon net trippel en Johan het hom met 'n hoë spoed soontoe gery. Johan self was 'n haastige man en Eggo moes altyd teen hoogste versnelling beweeg.


Die perd het 'n geweldige indruk op mnr Jan van der Wath gemaak, veral met sy werkvermoë. Toe Johan Cloete tragies dood is in 'n motorongeluk wou die van der Waths vir Eggo koop, maar hy was reeds verkoop. Jan van der Wath het nie moed opgegee nie en die besondere perd in Calitzdorp opgespoor en gekoop. Die plan was ook om hom gereed te kry vir die eerste nasionale Boerperdskou in Vrede. Hiervoor moes Eggo 2 geleer word om te draf onder die saal! Dit het baie ure se moeite en tyd geneem en die getroue ou staljong, Stolwaan, moes ook sy deel doen.

# LODIKTA BOERPERDE

Tel. 045 971 9125 • Sel. 082 586 3197 • Dirk en Lorita Odendaal


Ons teel vir veelsydigheid waarvan temperament en intelligensie die belangrikste is. Ons perde is geneties onverwant aan die meeste ander stoeterye – Vir bloedvernuwing gebruik 'n **LODIKTA HINGS!**





Eggo 2 at the 1st Boerperd show in 1974 at Vrede, OFS.

Eggo 2 op die 1ste Boerperdskou in 1974 te Vrede, OVS.



Lang Carel Poppelier, SA mare 1982

Lang Carel Poppelier, SA merrie 1982

All the effort paid off in the end. Eggo learned to trot, and further preparations for the show commenced. At the first National Championships in 1974 at Vrede, he won the first Five-gaited Championship, and that at the age of 23 years!

### **Broodmares of distinction – Lang Carel Mintag and Lang Carel Poppelier**

Lang Carel Mintag was a special brood mare, belonging to Mr. Jan van der Wath, from the farm Welgelegen in the Ermelo district. She was bred from the legendary stallion, Cloeteggo Eggo 2, by the mare Lang Carel Motor. She had 22 foals in her lifetime. Her last foal was born when she was already 26 years old, and initially, she was able to feed the foal as well. But she was found dead in the veld some time later, with the foal trying to drink. The foal was taken and hand-reared by the Van der Wath family.

Another exceptional broodmare, also excelled in the show ring. Lang Carel Poppelier was bred from Lang Carel Robyn out of Lang Carel Lita. She had her 17th and last foal at the age of 22. In all this time, she skipped only one season (in which she did not have a foal) – she was about 17 years old then. Poppelier was the champion mare in hand at the National Championships for many years. These shows were held in September in Pretoria, and by then, Poppelier was usually heavy in foal. Many of her foals also performed well in the show ring.

### **Carel Hancke Sieraad**

Carel Hancke Sieraad was a dapple-grey stallion, not big at all, but he caught the eye immediately when he entered the arena in a three-gaited class. Over a period of

Uiteindelik is die moeite bekroon. Eggo is aan die draf gekry en hy is verder gereed gekry vir die skou. Op die eerste nasionale skou op Vrede in 1974 het hy skoonskip gemaak in die heel eerste vyfgangkampioenskappe, en dit op 'n ouderdom van 23 jaar!

### **Teelmerries van formaat – Lang Carel Mintag en Lang Carel Poppelier**

Lang Carel Mintag was 'n besondere teelmerrie van mnr Jan van der Watt, op die plaas Welgelegen in die Ermelo-distrik. Sy is geteel uit die legandariese hings, Cloeteggo Eggo 2, en die merrie Lang Carel Motor. In haar leeftyd het sy 22 vullens gehad. Haar laaste vul is gebore toe sy 26 jaar oud was en sy het nog vir die vul melk gehad. Op 'n dag is sy dood in die veld aangetref waar die vul nog probeer het om aan haar te suip. Die vul is daarna verder deur die Van der Waths hans groot gemaak.

'n Ander besondere teelmerrie was ook 'n uitbinker op die skoubaan. Lang Carel Poppelier is geteel uit Lang Carel Robyn en Lang Carel Lita. Sy het op die ouderdom van 22 jaar haar 17e en laaste vul gehad. In al die jare het sy net een jaar oorgeslaan (op die ouderdom van ongeveer 17) waarin sy nie 'n vul gehad het nie. Poppelier het baie jare na mekaar die nasionale kampioenskap gewen as die Kampioen Merrie aan die hand. Dit was gewoonlik hier teen September in Pretoria, en sy was dan elke keer reeds swaar dragtig. Baie van haar vullens het ook presteer en uitblink.

### **Carel Hancke Sieraad**

Carel Hancke Sieraad was 'n skimmelhings, glad nie baie groot nie, wat dadelik




# LOUWVLIET STOET

*Ons selekteer om drome waar te maak...*




Vierkleur Wapper (Vierkleur Alfa X Calela Goud)

- \* Keurige seleksie uit Carel Hancke, Lang Carel en Calela perde
- \* Natuurlike beweging en hoogte
- \* Tuis in Dresseer arena en Skouring
- \* Teelmerries met geharde konstitusie en aangepas by veldtoestande eers in Namibië en nou in die Oostelike Hoëveld




Dresseer



Louwvliet Sunette



Lang Carel Grandie – Namibië '97  
(LC Arrie X LC Poppelier)




Teelmerries in die Hoëveld



Louwvliet Rufus

## PRESTASIES OP SA BOERPERD SKOUER

- \* Kampioen Volwasse Dresseerperd, Pretoria 2005
- \* Kampioen Reunperd in Hand, Horse of the Year, Kyalami, 2003
- \* Junior Kampioen Universele Merrie, Newcastle, 2003
- \* Beste Plesierperd, Horse of the Year, Kyalami, 2005



Perde met 'n mensliewende geaardheid

**Samuel Louw**

Sel: 082 465 4725

Tel: 017 683 0410

E-pos: [louwvliet@lantic.net](mailto:louwvliet@lantic.net)

Posbus 2

Eendrag

2266

**LUDWIG SAMURAI**



**LUDWIG TJELLO**  
National junior champion  
stallion in hand universal,  
Pretoria 2006 & 2007



**BREEDING MARE**



# LUDWIG STUD

Chris Koch • Cell: 083 271 1453 • PO Box 7627 • Westgate 1734



**LUDWIG**  
**STUD**

OUR HORSES LOVE US

**LUDWIG TOPAZ**

Great champion mare in hand, Senekal 2007


National reserve great champion mare in hand traditional,  
Pretoria 2006-2007

Great champion mare in hand, Riversdal 2008

Champion 3 gaited riding horse universal, Riversdal 2008

National great champion mare in hand traditional, Parys 2008

National reserve champion 3 gaited riding horse universal,  
Parys 2008





Carel Hancke Sieraad



Carel Hancke Soldaat

15 years, he dominated the three-gaited championships. At that time, the National Boerperd Championships were only held every two years, and during that period, Sieraad won the national three-gaited championships seven or eight times! He won his last championship at the age of 26 years!

As a five-year old, Sieraad was used by the Hancke family from Bethal, to work the sheep. He worked very hard. But then the Boerperd Society was founded and horses were screened, selected, branded and registered. Sieraad was a foal from the stallion Carel Hancke Fyntrap by the mare Carel Hancke Boervrou. Together with his two sisters, Aster and Klaradyn, Carel Hancke Sieraad formed the base of the broodlines of Hancke horses. Many champions were bred from this bloodline.

What was really exceptional about Carel Hancke Sieraad was the fact that he continued to compete, and win, at a very senior age! At his last show, he won the award of Best Horse under Saddle, including Five-Gaited Horses. Even after he was turned out to pasture on the farm Sterkfontein, any horseman could see that his legs were still "clean and dry". This was really remarkable, taking into account that he did hard farmwork, and thereafter dominated the show ring for many years.

#### **Carel Hancke Soldaat**

Carel Hancke Soldaat was one of the first SA Boerperd horses that competed successfully and with distinction in the "open sport-horse fraternity". He could be seen as a pioneer in this regard.

die oog gevang het as hy in 'n driegang-klas die arena binnegekom het. Hy het in sy tyd, oor 'n tydperk van 15 jaar, die driegangkampioenskappe oorheers. In daardie tyd, toe die nasionale kampioenskappe slegs elke tweede jaar gehou is, het Sierraad sewe of agt keer die nasionale driegangkampioenskap gewen. Sy laaste sege was op 'n ouderdom van 26 jaar!

Die Hanckes van Bethal het vir Sierraad aanvanklik as 'n vyf jaar oud hingsie gebruik om skape en beeste te werk. Hy moes harde werk doen. Toe het die stigting van die Boerperdgenootskap gekom en perde is gekeur, gebrand en geregistreer. Sieraad was die vul van Carel Hancke Fyntrap en Carel Hancke Boervrou. Carel Hancke Sieraad en sy twee susters, Aster en Klaradyn, het die basis gelê van die Hancke perde se teling, waaruit later baie kampioene geteel is. Wat merkwaardig was van Carel Hancke Sieraad is dat hy tot op so 'n hoë ouderdom deelgeneem en gewen het. Met sy laaste skou het hy ook 'n toekening gekry vir die Beste Perd onder die Saal, vyfgangperde ingesluit. Selfs toe hy net genadebrood geëet het op die plaas Sterkfontein, was dit vir enige kenner duidelik dat hy nog skoon en droë bene gehad het. Merkwaardig as in ag geneem word dat hy aanvanklik harde plaaswerk gedoen het en toe vir jare ook in die skouring koning gekraai het.

#### **Carel Hanke Soldaat**

Carel Hanke Soldaat was 'n pionier in die sin dat hy een van die eerste SA Boerperde is wat begin het om suksesvol en met onderskeiding in die "oop perde-sportwêreld" mee te ding.



# MICHMAR

Tel 058 481 2776 • Fax/Faks 086 675 1457 • Cell/Sel 083 269 9292  
Email/E-pos michmar@lantic.net • PO Box / Posbus 269 • Senkal 9600  
Free State/Vrystaat • South Africa/Suid Afrika

## SA Boerperd Stoet

Michael van Rensburg & familie / family

Die domein van Lang Carel Juris, Lang Carel Oppas & nageslagte  
Domain of Lang Carel Juris, Lang Carel Oppas & progeny




Lang Carel Oppas




### Lang Carel Juris:

- 5 x SA Kampioen Hings/Champion Stallion in hand.
- 5 x SA Kampioen Enkeltuig/Champion Single Harness
- 6 x SA Kampioen/Champion Vyfgang/Five Gated
- Reserwe SA Kampioen Driegang/Reserve SA Champion Three Gated



Michmar Flerrie



Michmar Gustav

Besoekers welkom  
per afspraak

We welcome visitors  
on appointment

Betroubare vriende wat in  
natuurlike omstandighede grootword

Trustworthy companions,  
growing up naturally

Highly trainable athletes for showing, dressage,  
jumping, endurance racing or for the family to  
enjoy: low maintenance

Afrigbare atlete om mee te skou, dresseer, spring,  
withourritte te ry en te geniet as gesinsperd:  
lae onderhoudskoste

Michmar Dolfyn

In 1995, Carel Hancke Soldaat was judged as the Transvaal Novice Dressage Champion of the Transvaal Horse Society. Later on, he finished 3rd in the South African Novice Dressage Championships. He was further honoured, by being judged as Inter-Breed Champion at the Pretoria Show in 1997. He performed well in both riding and in-hand classes. Other achievements include: Winner of Lowveld Show, Rand Easter Show, and Horse of the Year at Kyalami, where he was also awarded the Ultimate Champion Show Riding Horse.

At the height of his show career, Soldaat suffered a big setback. During a heavy thunderstorm, trademark of the Highveld, lightning struck the stables on the farm Sterkfontein. Six stallions from the Carel Hancke Stud were killed, and only Soldaat survived. But Soldaat was badly injured – he had lost his sense of balance, one half of his face was paralysed (like that of a person suffering from a stroke), and his eyes were bloodshot. The recovery process was long and painful and it took the best of eight months and much nursing for his eyes to heal. Unfortunately, he remained blind in one eye.

But as time went on, Soldaat started participating in shows and dressage competitions again. Because of the blindness in one eye, he was almost totally reliant on his rider, especially in dressage competitions. And even then, he won many prizes, rosettes and championships. Many of his foals also perform well in all the different riding disciplines.

In 1995 word Carel Hancke Soldaat aangewys as die Transvaalse Novice Dresseer-kampioen by die Transvaal Horse Society. Later het hy 3de geëindig in die SA Novice Dresseerkampioenskap. In 1997 val die eer hom te beurt om op die Pretoria Skou aangewys te word as die Interras-kampioen. Hy het dus aan die hand sowel as in ryklasse uitsonderlike prestasies behaal. Ander prestasies sluit in die wen van kampioenskappe by die Laeveld Skou, Randse Paaskou en die *'Horse of the Year'* by Kyalami waar hy al aangewys is as die Opperste Kampioen Skou Ryperd.

In die fleur van sy skouloopbaan het 'n groot terugslag vir Soldaat getref. Tydens 'n hewige donderstorm, kenmerkend van die Hoëveld, het weerlig geslaan op die perde-stalle van die plaas Sterkfontein. Ses hingste in die stal van die Carel Hancke Stoet is dood en net Soldaat het dit oorleef. Soldaat was heetemat van balans af, die helfte van sy gesig was verlam (soos 'n mens wat 'n beroerte aanval gehad het) en sy oë bloedbelope. Die herstelproses was langsaam en na agt maande het sy oë begin herstel na baie verpleging. Hy het egter uiteindelik blind gebly in sy een oog.

Mettertyd het Soldaat weer begin deelneem aan skoue en dresseercompetisies. Dit was veral met dresseer dat hy toe baie aangewese was op sy ruiter aan die kant van sy blinde oog. Tog het hy weer talle pryse, rosette en kampioenskappe gewen. Van sy vullens is daar ook talle wat goed presteer in verskillende dissiplines.

# MEER EN MEER SA BOERPERD STOET

Piet Potgieter  
Posbus 50, Vrede, 9835  
pietp@zippnorth.co.za  
082 825 0165

Ons doel is om 'n uitmuntende ryperd te teel – temperament, beweging en kwaliteit is uiters belangrik. Die perd moet moedig, lewendig en gewillig wees om met sy ruiter saam te werk. Jy moet hom in die oog kan kyk en weet dat die hart van 'n Boerperd in hom skuil. Oor sy atletiese en uithouvermoë moet daar geen twyfel wees nie. Daar waar dit saak maak moet hy sy man kan staan – agter die vee, op die plesierritt, oor hindernisse en in die sportarena. Bowenal, jy moet hom kan vertrou met jou kosbaarste besittings op sy rug ...



Dawid & Evert op M&M Goldstone & M&M Cutglass




Eggo Klinker III –  
SA vyfgang kampioen hings, 2001 & 2003



Anneke (7), Dawid (10) & Evert (12) op M&M Chappie,  
M&M Cutglass & Eggo Klinker III, ons hoof teelhings









## ROEMRYK STUD

OUR HORSES STILL ROAM FREE IN THE VELD.  
THE ULTIMATE FOR A HEALTHY,  
WELL BALANCED HORSE.

### TRADITIONAL A2 BLOODLINE



THE SA BOERPERSD IS A COMFORTABLE RIDING HORSE, CAPABLE OF FIVE GAITS SUCH AS WALK, TROT, CANTER, SHORT-GAIT AND RACK. OUR HORSES PERFORM WELL ON THE SPORTS FIELD, IN THE SHOW ARENA, TRAIL AND ENDURANCE RIDES AND HAS AMPLE WORKING POWER AS A UTILITY HORSE FOR TASKS RELATED TO FARMING.

LOMON & RINA-MARIE TERREBLANCHE  
TWEESPRUIT, EDENVILLE

**MOBILE: 082 384 0155**

[lomon@roemryk.co.za](mailto:lomon@roemryk.co.za)

[www.roemryk.co.za](http://www.roemryk.co.za)

## Horse of the Year 2008 – SA Boerperd catches the eye of international judges

Samuel Louw

At the *Horse of the Year* Show of 2008, the SA Boerperd had people sitting up and taking notice! But not only that - amongst all the important horse breeds of the country, they walked away with the honours.

This specific honour was bestowed upon the 5 year old stallion, *Carel Hancke Singita*. In the Inter-breed Championship, he was judged as the Best Breeding Horse of the show – an exceptional distinction for the SA Boerperd as breed, as well as for his breeder, Mr. Manie Hancke from Bethal.

The *Horse of the Year Show*, is held in February each year at Kyalami, just outside of Johannesburg. Each breed of horse has a specific day on which they compete internally. In each breed, champions are appointed in both breeding and riding classes. The champions of each breed then compete against each other on the last day in the inter-breed classes.

In 2008, the SA Boerperd had great successes and performed well against other breeds, which include Warmbloods, Arabs, Welsh Ponies, Nooitgedacht horses and even Miniature Horses, to mention just a few. The inter-breed classes are judged by a panel of judges, of which at least one is an international judge.

The single best performance, was that of *Carel Hancke Singita*, which was judged as Ultimate Breeding Horse of the Show – in this class, mares and stallions compete against one another. But according to Mr. Manie Hancke, an achievement by another horse from the *Carel Hancke Stud*, was even more impressive. The mare, *Carel Hancke Nobel* was placed fourth in the open class for breeding horses. What makes this even more remarkable, is the fact that this mare had been placed among the top five horses

## SA Boerperde vang die oog van internasionale beoordeelaars – Horse of the Year 2008

Samuel Louw

By die *Horse Of the Year* Skou van 2008 het die SA Boerperde nie net die koppe laat draai en die oog gevang nie. Tussen al die vernaamste perderasse in die land het 'n SA Boerperd met die louere weggestap!

Hierdie eer het die 5 jaar oue hings, *Carel Hancke Singita*, te beurt geval toe hy in die Interraskampioenskap aangewys is as die Opperste Teelperd van die skou – inderdaad 'n merkwaardige prestasie vir die Boerperdras en sy teler, mnr Manie Hancke van Bethal.

By die *Horse of the Year*, wat elke jaar in Februarie by Kyalami net buite Johannesburg gehou word, het elkeen van die perderasse 'n dag waarop intern teen mekaar meegeeding word. Sodoende wys elke ras sy eie kampioene in die teel- sowel as rykklassie aan. Hierdie perde gaan dan almal op die laaste dag van die skou deur na die Interraskampioenskappe.

In 2008 het SA Boerperde besonder presteer en uitblink teen ander rasse wat insluit Warmbloede, Arabiere, Walliese Ponies, Nooitgedachters en selfs Miniatuurperde, om maar enkeles te noem. By die Interraskampioenskap word altyd van 'n paneel internasionale beoordeelaars gebruik gemaak, waarvan minstens een uit die buiteland kom.

Die grootste enkele prestasie was *Carel Hancke Singita* wat as die Opperste Teelperd aangewys is – hier ding hingste en merries teen mekaar mee. Volgens mnr Manie Hancke is die prestasie van 'n ander perd uit die *Carel Hancke Stoet* nog meer merkwaardig. Dit was die merrie *Carel Hancke Nobel* wat die 4e plek beklee het in hierdie oop klas vir teelperde. Wat *Carel Hancke Nobel*'se prestasie so merkwaardig maak is die feit dat dit die 3de jaar agtereenvolgens is dat sy in die top 5 by die teelperde geplaas is. Die vorige twee jaar is sy elke keer 3de geplaas. Hierdie prestasie

in the breeding class for the third consecutive year. According to the judges, because this performance was repeated over a period of three years, it is a sure sign of breeding quality and continuity.

Another SA Boerperd performed exceptionally well in the in-hand classes. *Li-Juan Codessa* was placed Reserve Champion Ultimate Gelding of the show. It was a very proud moment for his owner and handler, René Claassen.

In the riding classes, competing against other breeds, the SA Boerperd again excelled. *Madeira Sunshine*, ridden by Jessica Hodgkinson, was placed fourth in the Working Riding Horse class. In the Ultimate Champion Show Riding Horse, a SA Boerperd was placed amongst the top ten - the horse *B3 Koraal*, ridden by his owner, Carel Meintjies.

According to Mr. Manie Hancke, these achievements are a sure sign that the SA Boerperd has definite potential in the "open sport horse world". He maintains that it should be our "dream to have the SA Boerperd as representative at the *World Equestrian Games* or even the Olympic Games. Just think what this could mean to our country!" A horse in the international arenas, with the unique Boerperd-branding on the right thigh! Lovers of the SA Boerperd would be filled with so much pride at the sight of such an event – enough to send shivers down the spine!

*Photos from top to bottom: Carel Hancke Singita, Carel Hancke Nobel, B3 Koraal, Li-Juan Codessa and Madeira Sunshine.*


oor 'n tydperk van drie jaar, onder verskillende beoordeelaars, is 'n teken van kwaliteit en kontinuïteit.




In die handklasse het nog 'n SA Boerperd uitgeblink. *Li-Juan Codessa* is aangewys as die Reserwe kampioen Opperste Reunperd van die skou. Ook 'n trotse oomblik vir sy eienaar en hanteerder, René Claassen.

Ook in van die ryklasse, – waar teen ander rasse meegeding is, het die SA Boerperd homself deeglik laat geld. *Madeira Sunshine* met Jessica Hodgkinson in die saal het die 4e plek verower in die Werkende Ryperd klas. In die Opperste Kampioen Skou Ryperd het daar ook een van ons perde in die Top 10 geëindig. Dit was die perd *B3 Koraal* met sy eienaar, Carel Meintjies, in die saal.

Volgens mnr Manie Hancke is hierdie prestasies meer as net 'n bewys dat daar vir die SA Boerperd 'n plek is in die "oop perdesportwêreld". Volgens hom moet ons "droom dat die SA Boerperd eendag nog ons land sal verteenwoordig by die *World Equestrian Games*, of selfs die Olimpiese Spele. Dink net wat kan dit vir ons land beteken". 'n Perd in die internasionale arenas – met die unieke Boerperd-brandmerk op sy regterboud – sal SA Boerperd-liefhebbers nie net vul met trots nie, maar jou ook hoendervleis gee!

*Foto's van bo na onder: Carel Hancke Singita, Carel Hancke Nobel, B3 Koraal, Li-Juan Codessa en Madeira Sunshine.*







# *Mooihoek Stoeit* A2 Lyne


Kontak Elmarie Davel 072 726 0815

Mooihoek Stoeit. Lojaliteit en kameraadskap. Net een kyk in ons perde se oë en jy sal verstaan.

Hierdie pragtige sterk en intelligente diere wil graag 'n leeftyd se ondervinding, vriendskap en liefde met net een persoon deel.....Jy



Wiesman Nel \* Tel. (051) 933 2220 \* Cell: 082 855 5438 \* Ficksburg \* Eastern Free State  
E-mail: [info@moolmanshoek.co.za](mailto:info@moolmanshoek.co.za) \* [www.moolmanshoek.co.za](http://www.moolmanshoek.co.za)



We mainly breed A2, Odendaal and Cloete bloodlines. The ultimate trail riding occurs in the unique 3500 ha Private Game Reserve where over 300 horses have the opportunity to develop their natural skills to the utmost.



## A National Show with something for everyone

Samuel Louw

The National Show of the SA Boerperd took place for the first time in 2008 at Parys, in the Afri-Dome. This happened from 1-3 May 2008. This indoor facility is ideal, especially for horse shows as well as for other agricultural exhibitions.

There is a large arena with an ideally prepared, sandy surface – which is perpetually raked and kept tidy. Next to the arena are pavillions with seats, a food-establishment with a view of the showing ring, and even VIP seats.

The horses can move into the arena – from the stable complex with spacious stables – and yet stay protected indoors. Rough weather like cold or rain need not be a problem, or cause any delays in the program.

The benefits of a national show at Parys are legion. The town is situated very centrally, in the Northern Free State next to the Vaal River. It is easily accessible from the N1, the main north to south route in the country. Also long gone are the days when the heimat of the SA Boerperd was limited to only certain regions of the country. One and all can travel to Parys, almost as if on a pilgrimage.

The fact that everything happens under one roof and in one arena, brings a feeling of solidarity among all the SA Boerperd breeders. Everyone can view each other's horses, and it's not necessary to use two arenas to fit the program into a certain space of time. There are enough stables available, so they do not have to be evacuated to accommodate another group of horses or other animals.

It is a safe place for our children, without the overcrowding of visitors, who sometimes do not have a real interest in and consideration for the horses.

Unfortunately, this was often the case when a show was held in larger centres or cities in our country.

## 'n Nasionale Skou met iets vir 'n ieder en 'n elk

Samuel Louw


Die Nasionale Skou van die SA Boerperde het in die jaar 2008 die eerste keer op Parys, by die Afri-Dome, plaasgevind. Dit het gebeur van 1-3 Mei 2008. Hierdie ideale binneshuise fasiliteite leen hom uitsonderlik tot perdeskoue en ander landboutoonstellings.

Daar is 'n groot arena met 'n ideale oppervlak van sand – ideaal voorberei, wat voortdurend gehark en netjies gehou word. Langs die arena is pawiljoene met sitplek, 'n eetplek wat op die baan uitkyk en selfs losies om in te kan sit. Vanaf die stalkompleks met ruim stalle, kan die perde inbeweeg na die arena en steeds die heelyd onderdak bly. Gure weer soos koue en reën hoef geen probleme teweeg te bring of die program te vertraag nie.

Die voordele aan 'n nasionale skou by Parys is legio. Die dorp is baie sentraal geleë, in die Noord-Vrystaat teen die Vaalrivier. Dit is maklik bereikbaar vanaf die nasionale N1 hoofroete tussen noord en suid in die land. Lank is die dae ook verby dat die SA Boerperd se heimat beperk is tot net 'n sekere deel of streke van die land. Na Parys toe kan almal optrek, amper soos in 'n pelgrimstog.

Die feit dat alles binneshuis en in een arena plaasvind, dra by tot 'n gevoel van samehorigheid tussen al die SA Boerperdtelers. Almal kan na mekaar se perde kyk en daar hoef nie van twee arenas gebruik gemaak te word om die program binne 'n sekere tydsbestek in te pas nie. Genoeg stalle is beskikbaar en hulle hoef nie ontruim te word om plek te maak vir 'n volgende groep perde of ander diere nie.


Die plek is veilig vir ons kinders en daar is nie die oorbevolking van besoekers wat baie keer nie 'n werklike belangstelling in, en bedagsaamheid teenoor, die perde openbaar het nie. Dit was ongelukkig dikwels al die geval gewees wanneer 'n skou in groter sentra of stede in ons land aangebied is.



This is where 5 gaited horses are bred.



Pivaanswaterval Frisco (mare)



Pivaanswaterval Amateur (gelding)

Hubert Lens and Karin  
PO BOX 440 • Utrecht 2980 • KZN • Cell: 083 345 4304



Carel Hancke Singita



Li-Juan Celsius



Vlampsies Cha-Cha



Traditional - higher knee action  
Tradisioneel - hoër knie-aksie



Universal - lower knee action  
Universeel - laer knie-aksie

The town of Parys also have many other attractions for horse lovers. There are many guest houses and restaurants, which can turn show-time into a social and relaxing occasion for all.

Considering the program at such a national SA Boerperd show, one realises the versatility of our horses once again. Everyone with a SA Boerperd can participate in the show! It does not matter whether you want to show off your horses' breeding, or how well groomed they are, there are breeding- and in-hand-classes, where horses are judged according to conformation.

Or, if you have already started to specialise in some or other equestrian-sport or discipline with your horses, you can come and show what you have and compete. The program with its diverse items and classes, accurately emphasises the versatility of the SA Boerperd.

The program mainly includes:  
**Dressage classes** for all age groups, from children and juniors, up to adults.

In the **breeding classes** (in-hand-classes), competition takes place from foals under 12 months, up to senior horses, until the champions are finally announced.

In the **rider classes** the riders compete in all the different age groups against each other.

The versatility of the SA Boerperd is also highlighted in the different **harness items** – handlers who show off their horses in a cart.

Ook die dorp Parys bied baie moontlikhede vir ons perdeliefhebbers. Daar is baie gastehuse en eetplekke om van die skoutyd ook 'n sosiale- en ontspanne geleentheid te maak.

Word die program by so 'n nasionale SA Boerperd skou in oënskou geneem tref die veelsydigheid van ons perd jou weereens. Elkeen met sy SA Boerperd kan kom skou! Maak nie saak of jy wil kom spog met jou teling en hoe goed jou perde versorg is, dan is daar die teel- of handklasse waar perde volgens bouvorm onder die oë van die beoordeelaars deurloop. Of, as jy alreeds met jou perd in een of ander perdesport of dissipline begin spesialiseer het is daar ook geleentheid om jou staal te kom toon en mee te ding. Die program met sy veelheid van items en klasse laat juis die veelsydigheid van die SA Boerperd tot sy reg kom.

Die program sluit in hoofsaak die volgende in:

**Dresseerklasse** vir al die verskillende ouderdomsgroepe, van kinders, juniors, tot by volwassenes.

In die **teelklasse**, waar in die hand geskou word, word meegeding vanaf vul-lens onder 12 maande tot by die senior perde, totdat die groot kampioene uiteindelik aangewys word.

In die **ruiterklasse** word ook meegeding in al die verskillende ouderdomsgroepe.

Die veelsydigheid van die SA Boerperd word ook weerspieël in die verskillende **tuigklasse** – hanteerders wat hulle perd vertoon in die karretjie.



# 'n Passie vir boerperde


● Boschkop/ Bronkhorstspruit area



## ROOIGRAS

Boerperd Stoet

Registration Number: 2002/018948/07



Heinrich Rix 083 276 6776/ ● Jan Joubert 083 289 9220 ● Posbus 1463 Faerie Glen 0043

It also won't be a Boerperd show without the **five-gaited classes**. Here the SA Boerperd distinguishes himself as a horse that can do five gaits gracefully, at a high speed and show off – all in a very natural manner. The five-gaited championship at the end, is usually one of the highlights of the show.

A difference is made in the **three-gaited classes** and competition. In the traditional three-gaited class it is a higher movement and knee-action, while the universal movement is lower. However, in both the traditional and the universal movements, there are long strides with cadence, balance, impulsion and rhythm.

Under saddle we show the SA Boerperd in these two categories to cater for the horse's natural ability as well as your preference in riding style and disciplines.

Furthermore there are **interesting items** like: a Traditional Ladies' Saddle; a Farm Horse class – where a whip is cracked; or a Working Hunter, where the horse also has to race at a full gallop. There are also Utility classes.

With an ideal venue like the Afri-Dome in Parys and the versatile program which can be extended, the SA Boerperd can only go from strength to strength! The SA Boerperd shows are there for each and everyone to participate in, or just to come and enjoy the program .

Dit sal ook nie 'n Boerperdskou wees as daar nie **vyfgang-klasse** is nie. Hier onderskei die SA Boerperd homself as 'n perd wat vyf gange loop met spoed, grasia en spoggerigheid – en dit alles op 'n baie natuurlike manier.

Die vyfgangkampioenskap aan die einde is gewoonlik een van die hoogtepunte van die skou.


In die **driegangklasse** word ook meegeding en hier word 'n onderskeid gemaak. By die tradisionele driegang is dit 'n hoër beweging en knie-aksie, terwyl die universele driegang 'n laer beweging is. In beide die universele en tradisionele beweging is daar egter lang tree met reëlmaat, balans, aansporing van agter en ritme. Onder die saal word die SA Boerperd juis in hierdie twee kategorieë vertoon om voorsiening te maak vir die perd se natuurlike vermoëns sowel as jou voorkeur in rystyl en dissiplines.

Voorts is daar ook **interessante items** soos 'n tradisionele Dames Sysaal, 'n plaasperd waar sweep geklap word, of 'n Werkende Jagperd (Working Hunter) waar die perd onder andere ook op 'n jaaggalop vertoon moet word. Daar is ook klasse vir die Veelsydige Ryperde (Utility classes).

Met 'n baie ideale “*venue*” soos die Afri-Dome op Parys en die veelsydige program wat nog verder uitgebrei kan word, sal die SA Boerperd net van krag tot krag gaan! Die SA Boerperd skoue is daar vir 'n ieder en elk om aan deel te neem en sommer net die program saam te kom geniet.




# SAB KROG - Boerperdstoet




The *SAB Krog* Horses are of high quality, with a calm, ambitious, trustworthy and alert temperament.

We only breed with mares of 15 HH and higher and select for medium to high knee action.



\*SKOU  
\*RY  
\*SPRING  
\*TREK  
\*WERK



Besoekers en navrae welkom:

Henry Krog, 072 228 3641  
Posbus 462  
Senekal  
9600

*'n S.A.B Krog Boerperd dien sy meester.....  
Kom haal joune.*

R

Rymaar  
Stoet

*Die naam is alles*

R






Marku V Jansse Van Rensburg Tel: 073 442 3381 Vryheid Noord Natal

Foto Deon Harris 082 893 1990

# Vlampies SA



Vlampies Tokkels  
Afgerig deur Groot Verlange Stoet  
Ruiter: Jeandre de Lange


## **Kontakpersone:**

Diederick Cloete: 082 962 6476  
E-pos: vlampies@webmail.co.za  
Lettie: 083 728 0297  
Lawrence: 082 610 7316


Rietvlei Natuureservaat  
Pretoria  
Irene

Posbus 789  
Irene  
0062

# Boerperd stoet




**Vlamps Rabeloe**  
 '06 SA Kampioen 3 Gang ryperd ruiter 0/14  
 '06 SA Kampioen 3 Gang ruiter 0/14  
 Ruiter: Esphia Cloete




**Eggo Kalahari**  
 '06 Bes afgerigte Tradisionele perd  
 '06 SA Kampioen 3 Gang Kinder ryperd 0/18  
 '06 SA Kampioen ruiter 0/18  
 Ruiter: Carinda Cloete



**Vuurslag Excelsior**  
 5 Gang Kinder Ryperd  
 Ruiter: Dédre Cloete 0/10



**Vlamps Cha-Cha**  
 '07 SA Kampioen Enkeltuig Hings  
 '07 SA Reserwe Enkeltuig Kampioen



**Roemryk IG**  
 '07 SA Kampioen Kinder ryperd Onder 18 jaar  
 '07 SA Reserwe Kampioen 5 Gang Ryperd  
 Ruiter: Esphia Cloete

- Die tuiste van alle dissiplines
  - Perde vir klein kindertjies
  - Jong perde vir ou mense
- Gemaklike *Trailperde* vir die avontuurlustiges
  - Perde vir beginners en kampioene
    - *Eventing* en skoue
  - Vir uithouritte en *Cowboy* wees
- Waar *Grooms* opgelei word om elke aspek van die stal en perd te hemeester.

## Former Boerperde in Northern Natal

Heibsie Stander

I have many memories of 80 something years ago on the farm Holkrans, Skurweberg, district of Utrecht - where I grew up and our father Theuns G.N. Steenkamp was a farmer. He was a nephew of Oom Lang Carel Steenkamp of Ermelo. On Holkrans, the first horses we got to know, were the Boerperde. The Boerperd farming started there in earnest. Threshing machines were not available but the wheat had to be threshed.

Meanwhile the number of horses grew, thanks to the healthy grazing at the summit of Skurweberg – part of the farm Holkrans. Being at the summit permanently, it was never necessary to inoculate the horses against horse-sickness. They were only brought down when the wheat had to be trodden out on a solid, specially made, threshing-floor. Some horses were selected as riding-horses and cart-horses. They grazed in paddocks nearby - at night they were stabled. My memory fails me, but in the fifties, about forty mares were selected from the mountain herd, by family who farm in the Ermelo district, i.e. Oom Lang Carel Steenkamp, as well as a farmer from Bethal. I therefore believe that the blood that flows in the horses of the Boerperd-studs in those districts, descends from the horses of T.G.N. Steenkamp, Utrecht district.

Through the years the Steenkamps have refined the Boerperd. Farmers from the neighbourhood bought some of these horses – and of course some were also stolen. It is therefore not strange to occasionally see Boerperde where they are least expected.

The endurance power and lovable nature of the Boerperd is admirable. It does not take long to train these horses. I think back on the six horses that were always harnessed in front of the four-wheel family spaidier and the two cart-horses in front of the hooded cart. I think about our riding-horses – old Oorlog, old Fleur - the favourites of the family. Yes! How many carrots were not quietly pulled

## Boerperde van weleer in Noord-Natal

Heibsie Stander

Ek is vol herinneringe van in die 80 jaar gelede op die plaas Holkrans, Skurweberg, Utrecht-distrik – daar waar ek groot geword het en ons vader Theuns G.N. Steenkamp geboer het, broerskind van Oom Lang Carel Steenkamp van Ermelo. Op Holkrans was die eerste perde wat ons as kinders leer ken het die Boerperde. Daar het die Boerperd boerdery met erns begin. Dorsmasjiene was nie beskikbaar nie, en die koring moes gedors word.

Intussen het die getal perde aangegroei, te danke aan die gesonde weiding bo-op die kruin van Skurweberg – deel van die plaas Holkrans. Dit was nooit nodig om te spuit vir perdesiekte nie – die perde was permanent op die kruin van die berg. Hulle is alleenlik afgebring werf toe wanneer die koring op 'n spesiaal gemaakte harde dorsvloer uitgetrap moes word. Dan is daar ook perde uitgesoek as ryperde en karperde. Die perde het in kampe naby die huis gewei – saans is hulle gestal. My geheue laat my in die steek, maar so in die vyftiger jare is daar ongeveer veertig merries uitgesoek van die bergtrop deur familie wat in die Ermelo-distrik boer, naamlik Oom Lang Carel Steenkamp, asook 'n boer van Bethal. Ek glo dus dat in die huidige Boerperdstoeterie daar in daardie distrikte die bloed vloei van die perde afkomstig van T.G.N. Steenkamp, Utrecht-distrik.

Deur die jare het die Steenkamps die Boerperd veredel. Boere van die omgewing het van die perde gekoop – en natuurlik is daar ook van die bergperde gesteel. Dus is dit nie snaaks om soms Boerperde te sien waar 'n mens dit die minste verwag nie.


Die uithou vermoë en die liefvallige natuur van die Boerperd is te bewonder. Dit neem nie lank om die perd te leer nie. Ek dink terug aan die ses perde wat altyd voor die vier-wiel familie spaidier ingespan was en die twee kar-perde voor die kapkar. Ek dink terug aan ons ryperde – ou Oorlog, ou Fleur – die lieflinge van die familie. Ja! Hoeveel wortels is




# SANLOUW SA BOERPERD STOET



LABAMBA



LOFTUS



VRYSTAAT



Mag almal hul perde so baie geniet soos ons en nooit vergeet uit Wie se Hand dit kom nie.

**MANIE LOUWRENS**  
Sel: 082 335 7220

Leeupan, Mpumalanga  
reman@vodamail.co.za

from Mother's patch of carrots, to be shared among them as a reward, after a lovely ride through the veld after the livestock!

I am grateful to Our Father in Heaven – for the privilege we as children had – to have known the noble breed – the Boerperd – and to have grown up among them. Grateful that Our Father filled people with love and admiration - to continue, to this day, the refinement of the Boerperd.

*This article is the exact wording of a letter written by Tannie Heibsie Stander (née Steenkamp), to her granddaughter. She wrote it a few years ago, at the ripe old age of nearly 90. To preserve the originality of this gem, the letter has been published largely unchanged. The reader will note that grammatical changes were not needed, only a few personal remarks were omitted.*

nie stilletjies uit ma se wortelbeddings gegaps, om na 'n lekker ritjie in die veld agter die vee aan, die lekkernytjie aan hulle uit te deel nie.

Ek is dankbaar teenoor Ons Vader in die Hemel – vir die voorreg wat ons as kinders gehad het – om die edel ras – die Boerperd te geken het – en tussen hulle grootgeword het. Dankie dat die Vader nog mense met liefde en admirasie gevul het om vandag nog die veredeling van die Boerperd voort te sit.

*Hierdie artikel is die presiese bewoording van 'n brief geskryf deur Tannie Heibsie Stander (née Steenkamp) aan haar kleindogter. Sy het dit geskryf, enkele jare gelede, in die rype ouderdom van byna 90 jaar. Om die oorspronklike van hierdie kleinood te bewaar is die brief onveranderd geplaas. Die leser sal opmerk dat taalkundige versorging haas nie nodig was nie, net enkele persoonlike opmerkings is uitgelaat – Redaksie.*





# Vuurslag

## S.A. Boerperd Stud

Working the ultimate show horse, Showing the ultimate work horse.

Lötter Bekker

082 904 0585

E-Mail: [exserve@iafrica.com](mailto:exserve@iafrica.com)

P.O. Box 25619, Monument Park, 0105



# HOME OF THE GAITED ONES



VOORSLAG SA BOERPERD STUD

OWNER: MATTHYS STREICHER  
SWELLENDAM

TEL: 028 452 1663  
CELL: 076 127 1841

# VOORSLAG SA BOERPERD STUD

OWNER: MATTHYS STREICHER



## Across South Africa with a SA Boerperd...

1 horse, 6000 km, 8 months

The Frenchman Thierry Posty is very fond of horses, people and travel, and he likes to combine the three. That is why he rode thousands of kilometers across the length and width of South Africa on a SA Boerperd.

Thierry, a psychologist from the Jura region in the east of France, rode his 40 000th kilometer on horseback in South Africa – the same as the distance around the world. Initially he only wanted to do 3 500km in South Africa - from Messina (Musina) to Cape Agulhas - but when he reached the southern point, he could not detach himself from his horse. So he rode to the Namibian border, where his journey ended in July 2006. "I go on a journey every 4th year" he says, "I work for three years then I take a year off."

For the past thirty years Thierry has, in his *wanderlust*, crossed Europe, Canada, Alaska, Australia, Mongolia, Peru, Bolivia, Argentine, America and Cuba. He arrived in South Africa on his 48th birthday in September 2005. Then he started searching for a suitable horse. He always chooses a breed indigenous to the country through which he travels. After he had looked at 150 horses, his choice fell on a SA Boerperd stallion in the Ermelo-region with the name Opstaan Hoefstraat. However, he decided to change the horse's name to Black because he thought it would be better received by all groups of the different languages.

With Hoefstraat, or rather Black, he travelled between 30km and 60km per day, and walked half of the time, to rest the horse. From the northern point at Messina he went south, through Swaziland and Lesotho. He crossed the Karoo, and through George to Cape Agulhas. Then, from the southern point of Africa again northwards. This time his journey on horseback took him via Franschoek and Porterville up to the Namibian border.

We'll let him tell in his own words about his experiences and adventures: "It's difficult to talk about the journey, it

## Met 'n SA Boerperd dwarsoor Suid-Afrika...

1 perd, 6000 km, 8 maande

Die Fransman Thierry Posty is gek na perde, mense en reis. En hy hou daarvan om die drie te kombineer. Dis hoekom hy met 'n SA Boerperd vir duisende kilometers oor die lengte en breedte van Suid-Afrika gery het.

